Nr./No. 100 APRIL 1992

# Pretoriana

## Nr. HONDERD / No. HUNDRED




AKADEMIESE INLIGTINGSDIENS
TYDSKRIFTE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
DATUM: 1992 5 11
VAKKODE: ZA 968
PRETORIANA 100/1992

**TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING: GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**

**JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION: OLD PRETORIA SOCIETY**

**PRYS R 7,00 PRICE**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

PRETORIANA No./Nr. 100 - April 1992

Lede van die Bestuur van die Pretoriase Historiese Vereniging: die Genootskap Oud-Pretoria

Dr.N.A.Coetzee, voorsitter, telefoon (012) 46 3142

Mnr.W.J.Punt, ondervoorsitter, bewaring van geboue

Mev.D.E.Nel, sekretaresse, telefoon (012) 343-2790 huis

Mnr.M.L.R.Cloete, verteënwoordiger van die Stadsraad van Pretoria

Mev.M.Andrews, organisasie van toere

Mnr.T.E.Andrews, redaksie van die "Nuusbrief" en bewaring van begraafplase

Mev.M.Bees, posbestellings

Mnr.A.Jansen, skooltuinwedstryde

Dr.C.de Jong, redaksie van "Pretoriana", telefoon (012) 348-3111

Mnr.D.Panagos, forte

....... penningmeester

Mev.E.Viljoen, organisasie van byeenkomste

Mev.M.L.Willmer, argief, telefoon (012) 70 3052

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.
The post office box of the Secretariat is 4063, Pretoria 0001.

Die telefoonnommer van die sekretariaat is (012) 343-2790.
The telephone number of the Secretariat is (012) 343-2790.

"PRETORIANA- AFRICANA"

Offer of back-copies of "Pretoriana" on sale.

Can you now buy a history book of 300 pages for less than R 50? No!
But you can buy over 1000 pages of history of Pretoria for R 20. Contact Anton Jansen, committee member of our Society, at telephone (012) 998-9406 house, or (012) 804-1023 office in office hours, to arrange the purchase of a set of "Pretorianas" , to be fetched by you or delivered to you. Some copies are now out of stock. Anton Jansen's postal address is P.O. Box 33 704 , Glenstantia, Pretoria 0010

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

PRETORIANA Nr./No. HUNDRED/HONDERD - April 1992

Special issue / Besondere uitgawe

TABLE OF CONTENTS / INHOUDSOPGAWE


| | Page/ Bladsy |
|---|---|
| Pretoria Historical Association: Old Pretoria Society | 2 |
| Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria | |
| Photograph of the Executive Committee/Foto van die Bestuur | 2 |
| J.Ploeger, "Die begin van 'Pretoriana' " | 3 |
| J.Ploeger, "Veertig jaar Genootskap Oud-Pretoria (5) - Die tydperk 1980-1984" | 7 |
| Die stad Pretoria | 29 |
| J.Ploeger, "Die Staatsmuseum, 1892-1904" | 29 |
| W.P.Punt van die Burgerkomitee vir die bewaring en restourasie van Kerkplein, "Kerkplein Pretoria 1990" | 39 |
| Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatskappij | 46 |
| C.de Jong, "Lewenskets van Petrus Hubertus Bouten (1857-1952), oud-NZASM-man" | 46 |
| Ander onderwerpe | 55 |
| C.de Jong, "Cyrano in South Africa - Georges de Villebois-Mareuil in Pretoria" | 55 |
| C.de Jong, "Lafayette in Suid-Afrika - Paradokse en beproewings van 'die Franse kolonel': Die oorlogsdagboek van Georges de Villebois-Mareuil" | 57 |
| W.J.Punt, "Mevrou Cecile de Ridder - 'Tannie Volkspele' - 90 jaar jonk!" | 75 |
| Erepenning van die Stigting Jan van Riebeeck vir Kolonel (Dr.) J.Ploeger | 81 |

Annexure: Facsimile reprint of "Pretoriana" Nr. one, September 1951, offered on occasion of the appearance of "Pretoriana" Nr.HUNDRED

Bylae: Faksimilee-herdruk van "Pretoriana" No.een, September 1951, aangebied ter geleentheid van die verskyning van "Pretoriana" No.HONDERD


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Die bestuur van die Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria*
*The executive committee of the Pretoria Historical Association: Old Pretoria Society*
*Van links na regs / From left to right:*
*Voorste ry / Front row: Dr. C. de Jong - Mev./Mrs. D.E. Nel - Dr. N.A. Coetzee, voorsitter/chairman - Mnr./Mr. W.J. Punt, ondervoorsitter/vice-chairman - Mev./Mrs. M. Andrews*
*Agterste ry / Back row: Mev./Mrs. M. Bees - Mnr./Mr. A. Jansen - Mej./Miss E. Viljoen - Mnr./Mr. T.E. Andrews - Mev./Mrs. M.L. Willmer - Mnr./Mr. D.C. Panagos*
*Photo Mr. Dotman Pretorius, February 1992*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# DIE BEGIN VAN "PRETORIANA"

deur Kol. Dr. Jan Ploeger,
Stigters- en Erelid, lid van die eerste redaksieraad van "Pretoriana"

## 1. Die begin

By die verskyning van die honderdste aflewering van "Pretoriana", die amptelike tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria (Pretoriase Historiese Vereniging), onder die bekwame redaksie van prof. Dr. C. de Jong, is dit ongetwyfeld vanpas om 'n oomblikkie stil te staan by die verskyning van deel 1, nr. 1 van die tydskrif in September 1951.

Soos bekend is, het op inisiatief van tans wyle Dr. W.H.J. Punt, DVD (1900-1981) die stigtingsvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria in die gasvrye woning van Dr. Punt, St. Patrickweg 251, Pretoria, plaasgevind.[1] Dr. Punt het, soos reeds vermeld, die voortou geneem, uitnodigings uitgestuur en - tydens die byeenkoms op 22 Maart 1948 - onder meer sy sienswyse in verband met 'n vereniging verduidelik wat die leiding met betrekking tot alle navorsing in verband met die geskiedenis van Pretoria sou neem. In dié verband het die spreker onder meer die stad se eeufees in 1955 in gedagte gehad. Sy gedagtes is volledig omskryf in artikel 3(d) van die Genootskap se grondwet van 1949, waarin onder meer verklaar is:

"Om geskiedkundige feite in geskrif, beeld of andersins te verewig, en af te rond, ter bevordering van 'n getroue daarstelling van die geskiedenis van die stad en distrik van Pretoria."[2]

Om hierdie doelstelling te kan verwesenlik was die totstandkoming van 'n genootskapsorgaan wenslik en op die bestuursvergadering van 11 April 1951 het die skrywer in sy hoedanigheid as penningmeester-argivaris dié gedagte uitgespreek.[3]

Vermoedelik het die skrywer sy voorneme met die voorsitter bespreek, maar hy kan dit - na al die jare - nie meer onthou nie. Dit het gedurende die jare van samewerking ewenwel 'n gewoonte geword. Prof. Dr. F.J. du Toit Spies, die destydse sekretaris van die Genootskap, het in die reeds genoemde bydrae (p.33) geskryf dat die voorstel "almal, altans die sekretaris, laat opkyk het." Tereg het prof. Dr. du Toit Spies aangevoer dat die Genootskap dit finansieel nie breed gehad het nie en daaraan toegevoeg dat, onmiddellik nadat die voorstel ter tafel gelê is, "die vraag ontstaan het hoe so 'n blad bekostig sou word." Daarvoor het die voorsitter, Dr. W.H.J. Punt, raad geweet. Hoe dikwels het hy, sowel ten opsigte van die Genootskap - en later met betrekking tot die Stigting Simon van der Stel - om maar twee voorbeelde te noem - sy meesterlike oorredingskrag ingespan om fondse te verkry, 'n optrede wat sy medewerkers dikwels met stomheid geslaan het. Deur dié karaktereienskap kon dit dan ook geskied dat, op die agterblad van "Pretoriana" nr. 1, September 1951, die volgende advertensie verskyn het:

"Die publikasie van hierdie blad is moontlik gemaak deur die oudste skoenwinkel in Pretoria (Opgerig 1893) De Bruyn se skoenwinkels (Edms) Bpk., Kerkstraat 285 en 143."

Op dié wyse is deel 1 (nrs. 1-4; September 1951 - Maart 1952) bekostig.[4]

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

In sy reeds genoemde bydrae spreek prof. Dr. F.J. du Toit Spies ook die mening uit dat dit mnr. H.P.H. Behrens was wat die naam "Pretoriana" voorgestel het.[5] Volgens die notule was dit mnr. P.J.H. Basson van die Pretoriase Publisiteitsvereniging.[6] Die vergadering is in sy kantoor op Kerkplein gehou.

2. Die eerste aflewering van "Pretoriana", September 1951

In die notule van die Genootskap is o.m. vermeld dat die vergadering van 11.4.1951 aan die voorsteller van bogenoemde plan opgedra het om voort te gaan, kwotasies van 'n drukker te verkry en om in dié verband 'n memorandum op te stel. Dié memorandum is op die volgende bestuursvergadering goedgekeur.[7]

Die skrywer het vergeet hoe hy in aanraking gekom het met mnr. R. Heer, 'n Nederlandse immigrant wat die Trio Drukkery, Vermeulenstraat 420, Pretoria, bestuur het. Daar was nie genoeg fondse vir die druk van 'n tydskrif beskikbaar nie, maar mnr. Heer het oor 'n proses beskik wat as middeweg tussen afrol en druk beskryf kan word. Vir die beoogde doel was dié vervaardigingsmetode vanpas. Dit was goedkoop en - vir die Genootskap - doeltreffend.[8] Aan hierdie besonderhede kan toegevoeg word dat mnr. Heer in latere jare die drukker Heer Drukkers in die Hoofstad bestuur en o.m. die "Bulletin" van die Stigting Simon van der Stel gedruk en kunssinnig versorg het. In die na-oorlogse Pretoria het hy 'n belangrike bydrae tot die vernuwing van die drukkuns in ons land gelewer. Dié na-oorlogse kenmerk ontbreek vanselfsprekend as gevolg van die kostevraagstuk in die vroeë uitgawes van "Pretoriana". As gevolg van dié faktor was die artistiek hoogs begaafde drukker nie in staat om sy spesifieke stempel op die Genootskap se publikasies af te druk nie.

Die Trio Drukkery het die eerste deel (nrs. 1-4; 1951-1952) van "Pretoriana", met 'n redaksieraad bestaande uit mej. J.H. Davies, prof. Dr. F.J. du Toit Spies, die skrywer van hierdie bydrae en mnr. J.C. Vlok, gedruk. Gedurende die tweede bestaansjaar met ingang van September 1952, het Dr. T.S. van Rooyen die skrywer opgevolg.[9]

Danksy die geldelike steun van mnr. H.A. (Just) de Loor (1903-1956), o.m. voorsitter van die Genootskap, kon deel 2 (nrs. 1-4; 1952-1953) nie alleen gedruk word nie, maar tewens in 'n geleidelik groeiende omvang verskyn. Daar is met die begin van die tweede jaargang, van drukker verander ofskoon die buiteblad en die formaat dieselfde gebly het. Die nuwe drukker was mnr. Frederik Willem Beezhold, eienaar van die Victoria Drukkery, Swemmerstraat 504. Gezina, Pretoria. Hy was 'n bekwame vakman en 'n seun van sy (gelyknamige) vader wat as 'n immigrant met 'n Nederlandse opleiding in 1896 in die Staatsdrukkery van die Zuid-Afrikaansche Republiek as 'n lettersetter in Pretoria begin werk het.[10] Die reeds bekende omslag met die kerkwapen het tot en met deel 4, nr. 3 (April 1955) in gebruik gebly.

Daarna het die tans nog bestaande omslag met sy gekleurde wapen en nuwe nommering, sy intrede gedoen. Die eerste uitgawe van dié soort was die gekombineerde uitgawe van nrs. 16 en 17, van Julie en September 1955. Dit was die "Eeufeesuitgawe", wat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

onder Dr. T.S. van Rooyen se besielende leiding tot 84 bladsye aangegroei het. "Pretoriana" nr. 1 van 1951 het 20 bladsye getel!

3. Die kerkwapen

Op die omslag van die eerste vier dele van "Pretoriana" (1951-1955) kom 'n tekening van die eerste kerkgebou op Kerkplein met die onderskrif "Ou Pretoria" voor. Hierdie afbeelding is deur ons gevierde kunsskilder mnr. Jacob Hendrik Pierneef (1866-1957) ontwerp.[11)] Dr. Punt, wat op 'n vriendskaplike voet met die kunsskilder verkeer het, was verantwoordelik vir die verkryging van die tekening. Uit die notule van die Genootskap blyk dit dat mnr. Pierneef op die bestuursvergadering van 9 September 1950 aanwesig was. By dié geleentheid het hy belowe om 'n paar ontwerpe aan die bestuur voor te lê. Dit is ook van belang dat tydens die reeds vermelde bestuursvergadering oor 'n afbeelding van die eerste kerkgebou op Kerkplein gepraat is.[12)] Dit wil ewenwel voorkom dat die gesprek meer in die rigting van 'n voorloper van die latere, heraldies korrekte Genootskapswapen gevoer is. Ook is dit van belang om te weet dat in die latere Genootskapswapen die kerkgebou een van die kwartiere van die huidige wapen vorm.

4. Slotbeskouing. Beste wense vir die toekoms!

In die reeds meermale genoemde "Pretoriana" nr. 52 van Desember 1966, het die destydse redaksielid mnr. W.A. Robertson o.m. geskryf oor die waarde van "Pretoriana" in die lig van sy kenmerk as 'n betroubare bron van aspekte van die plaaslike verlede. Aan die slot van sy beskouing het hy verklaar dat dit die moeite werd was om "Pretoriana" aan die gang te hou. Hy het sy boodskap met die volgende woorde afgesluit:

"It was well worth it. May Pretoriana go from strength to strength."[13)]

Die skrywer wil graag hierdie woorde herhaal. Mag "Pretoriana" tot in lengte van dae groei en bloei. Dit was die moeite werd om oor 'n tydperk van meer as veertig jaar aan die Genootskap en "Pretoriana" verbonde te wees!

Aantekeninge.

1) Die name van die aanwesiges (stigters) is genoem in "Pretoriana" nrs. 26 -27, April-Augustus 1958, p. 6. Daar was 22 persone aanwesig. In dieselfde uitgawe kom onder die titel "Die Genootskap Oud-Pretoria se tienjarige bestaan - 'n Oorsig" van prof. Dr. F.J. du Toit Spies, meer besonderhede (pp.20-24) voor.

2) J. Ploeger, "Vyftien jaar, meer as vyftig uitgawes van 'Pretoriana', in 'Pretoriana'", nr. 52, Desember 1966, pp.11-31 (met foto's).

3) Ibid., "Pretoriana" nr. 94, November 1988, "Veertig jaar Genootskap Oud-Pretoria, ontstaan en riglyne - 'n eie wapen en tydskrif - eerste werksaamhede", p. 9. Prof. Dr. F.J. du Toit Spies, "Dr. Jan Ploeger en 'Pretoriana'", in "Pretoriana" nr. 52, Desember 1966, pp.33-34. In dieselfde uitgawe: "Dr. W.H.J. Punt, 'Gelukwensing van Dr. Willem Punt', stigter en eerste voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria (1948-1959)", p.4.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

4) Op p.14 van "Pretoriana", deel 1, nr. 1, verskyn 'n afbeelding van die winkel in Markstraat (later Paul Krugerstraat) waarin H. de Bruyn se bedryf gevestig was. Kyk ook dr. J.A. Valks se reaksie op die foto en die onderskrif in "Pretoriana", deel 1, nrs. 3-4, Maart 1952, pp.22-23.

5) "Pretoriana", nr. 52, Desember 1966, p.33. Kyk ook Dr. W.H.J. Punt se bydrae in dieselfde uitgawe, p.4 (sy bespreking met die firma De Bruyn).

6) "Pretoriana", nr. 94, November 1988, p.10. Vergelyk die skrywer se herinneringe in "Pretoriana", nrs. 36 en 37, Augustus-Desember 1961, p.2, waar verkeerdelik Dr. W.H.J. Punt genoem is.

7) Ibid., p.10.

8) Ibid., nr. 36 en 37, Augustus-Desember 1961, p.2.

9) Lewensbeskrywings van mej. J.H. Davies, mnr. Johan Christiaan Vlok en die skrywer kom voor in "Pretoriana", nr. 52, Desember 1966, pp.41-45, pp.47-50, en pp.33-34. In "The Pretoria News" van 24.5.1966 is hulde aan die ontslape "city historian" J.C. Vlok gebring. Van die hand van mnr. J.H. Hattingh het in dieselfde uitgawe (pp.6-8) 'n waarderende bydrae oor die begaafde Dr. T.S. van Rooyen verskyn.

10) Ibid., nr. 52, pp.34-41, bydrae van Dr. Hermann M. Rex, oor die vader en seun Beezhold.

11) Die wapen is o.m. afgebeeld in "Pretoriana", nr. 52, Desember 1966, p.18. 'n Bydrae oor mnr. J.H. Pierneef (met foto's) verskyn in "Pretoriana", nr. 23, April 1957, pp.5-8.

12) "Pretoriana", nr. 94, November 1988, pp.6-9.

13) Ibid., nr. 52, Desember 1966, W.S. Robertson, "An appreciation of 'Pretoriana', 1951-1966", pp.9-11.

-o-

KEEP IT CLEAN!

ŉ Hipermark in Pretoria het hier en daar in ons stad wandborde aangebring met die opskrif "Keep it clean", dit wil sê: Hou Pretoria rein - en daardeur skoon. Dit is ŉ deel van die veldtog teen rommelstrooiery en vervuiling van ons stad.

Ook in ander lande en tyde is daar klagte oor rommelstrooiery Ek onthou ŉ aksie in Nederland in die jare '30 met die leus:

"Laat niet, als dank voor 't aangenaam verpozen,
Den eigenaar van 't bosch de schillen en de dozen!"

Daar was ook ŉ muurbiljet met ŉ menselike gelaat wat saamgestel was uit brokkies afval, soos blikke, skille, dose en proppe. Die neus was aangedui met ŉ groot, rot tamatie. Die onderskrif het gelui: "Een slordig gezicht, waar het ook ligt."

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# VEERTIG JAAR " GENOOTSKAP OUD-PRETORIA" (5)
## DIE TYDPERK 1980-1 984

deur Kol. Dr. Jan Ploeger

Inleiding

In die loop van die verstreke veertig jaar het die werksaamhede van die Genootskap, wat klein begin het, meer en meer uitgebrei. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die doelstellings ruim en rekbaar gestel was en dat die behoeftes in die loop van die jare sterk toegeneem het. Met behoeftes word in hierdie verband daadwerklike optrede bedoel wat uit die aanhoudende waaksaamheid van die bestuur voortgevloei het om in 'n steeds veranderende stadsbeeld waardevolle erfenisse van die verlede te probeer beskerm en bewaar.

Ander faktore wat optrede genoodsaak het, was verwaarlosing van sekere erfenisse en vorme van vandalisme.

Dit is aspekte wat die skrywer van hierdie oorsig getref het, terwyl hy die inhoud van 'n viertal notuleboeke deeglik bestudeer het. Die menigvuldige aspekte kom dan aan die lig en die indeling van die notule, soos dit geleidelik gegroei het en vasgelê is, spreek in dié geval boekdele. Dié vaste indeling gee die volgende patroon weer: Korrespondensie (inkomende, uitgaande), toere, die "Nuusbrief", "Pretoriana", finansies, grafte, die genootskap se argief, straatname, forte, waaksaamheid, historiese wandelpaaie, funksies, naamplate, die restourasiebank en algemeen.

Hierdie en ander onderwerpe is behartig en versorg deur 'n bestuur wat aan 'n geringe mate van verandering onderhewig was. By wyse van uitsondering vestig ons die aandag op Dr. N.A. Coetzee, wat as voorsitter die Genootskap 'n groot aantal jare voortreflik gelei en puik voorsittersverslae opgestel het. In mnr. Willem J. Punt merk ons 'n vise-voorsitter op wat die tradisie van die stigter, wyle Dr. Willem Henry Jacobus Punt, DVD, o.m. op die gebied van waaksaamheid voortsit. Prof. Dr. C. de Jong volg in die voetspore van voorganger-redakteure van "Pretoriana". Hy het op sy gebied 'n nuwe hoogtepunt bereik. Dan is daar o.m. die voortreflike spanwerk van die egpaar Tom E. en Merl Andrews (die "Nuusbrief", toere), die jarelange werksaamhede van prof. Dr. H. Petrick om verwaarloosde grafte van 'n dreigende ondergang te red. Dan is daar dié bestuurslede wat weliswaar nie hier genoem is nie, maar van wie die werksaamhede ook waarderend in die notule vermeld is.

In die tydperk onder behandeling het lede en bestuurslede aan die Genootskap ontval. Ook bestuurslede het die tydelike met die ewige verwissel en dit pas ons om in dié verband 'n oomblik in stilte ons gedagtes oor hulle te laat gaan en om o.m. hulde te betuig aan die gedagtenis van die stigter van "Oud-Pretoria", tans wyle Dr. Willem Henry Jacobus Punt, en Dr. Hermann Moritz Rex. Hulle was steunpilare!

Ten slotte die volgende aanhalings ter oordenking:

"Die rede vir die bewaring van die beste van ons historiese geboue, of groepe geboue, is nie net hul erfenisse van belang en trots in verband met die lewe en prestasies van ons voorvaders

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

nie, maar ook dat hulle betroubare verwysings is met betrekking tot enigiets wat tot hierdie prestasies bygedra het en dit ook in die toekoms behoort te bly."

- Norman Eaton (1968)

"When I was in Pretoria twenty three years ago, I took a lot of photographs of various buildings which were of interest to me as a teacher of architecture. On a recent visit there, I could only find one of them left."

- Prof. L.W. Thornton White (1968)

"Die Genootskap Oud-Pretoria was gemoeid met die vandalisme wat in die historiese Kerkstraat-begraafplaas plaasvind deur die leeglêers wat daar slaap ... Nie alleen word grafstene omgestamp nie, maar ook vind diefstal plaas van potte, engeltjies op kindergraftes en blomhouers, selfs ystergrafaanwysers (nommers) word gesteel en vir ou-yster verkoop."

- Voorsitter se jaarverslag, 1984-1985

Opmerking

Die notule is ingedeel in diê oor bestuursvergaderings en algemene jaarvergaderings oor die reeds genoemde tydperk. Daar is 'n keuse uit die onderskeie gegewens gemaak.

1. Notule van die bestuursvergadering van 5.5.1980

I.v.m. die bewaring van die Lewis en Marksgebou in Kerkstraat het mnr. Willem J. Punt na die opening van die vergadering verklaar dat daar 'n moontlikheid van sloping bestaan. Hy het die restourasie van die winkels bepleit om by die operakompleks aan te sluit. 'n Komitee bestaande uit die spreker, Dr. C.J.P. Jooste (voorsitter GOP), en mnre. T.E. Andrews en D. Jooste, met mnr. A. Jansen as sameroeper, is benoem om met die Truk-verteenwoordigers oor die bewaring van die bedreigde gebou van gedagte te wissel. Mnr. Andrews het ook die aandag op die voortbestaan van die aangrensende, oudste gebou (die Kynoch-gebou) in die stad gevestig. Verder is voorgestel om te versoek dat die Stigting Simon van der Stel vertoë tot Truk rig dat die Breytenbach-teater behoue bly.

Op aanrade van mnr. Willem J. Punt is besluit om op 31.8. 1980, die honderdste herdenkingsdag van die geboorte van Koningin Wilhelmina van Nederland, 'n krans by die Koningin Wilhelmina- of Oranjeboom (Burgerspark) te lê. Mnr. Jooste en Jansen is versoek om met die komitee saam te werk wat die herdenking reël.

Na aanleiding van ingekome korrespondensie is besluit om 'n bedrag van R10,00 i.v.m. die opknapping van die graf van die digter-skrywer Eugène N. Marais by te dra. Daar is vermeld dat die toer na Pelgrimsrust in alle opsigte geslaagd was. Dank is in diê verband aan mnr. T.E. Andrews oorgedra. Dertien nuwe lede het by die Genootskap aangesluit en die Universiteit van Pretoria is dank betuig dat die kampus vir die afgelope algemene jaarvergadering gebruik kon word.

2. Notule van die bestuursvergadering van 2.6.1980

Gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews, Douglasstraat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

41, Colbyn. Onder voorsitterskap van Dr. C.J.P. Jooste het mnr. T.E. Andrews gerapporteer oor die toer na die suide van Pretoria en die verskyning van die "Nuusbrief". Tydens die toer is o.m. die huis van wyle genl. J.C. Smuts met 'n besoek vereer. Die kopie van "Pretoriana" was by die drukker en die GOP se finansies het 'n batige saldo van ruim R1 198,00 vertoon. Mnr. Willem J. Punt sou in die toekoms die Genootskap i.p.v. mnr. T.E. Andrews op die pleknamekomitee van die Stadsraad verteenwoordig. Prof. Dr. F.J. du Toit Spies het die naamveranderings Marêstraat en Maraisstraat bespreek. Nege nuwe lede het by die GOP aangesluit en mev. B. Seymour is as erelid benoem. Daarna het die bespreking oor die stigtersdag van Pretoria, goedkoper busgeld vir toere en die benoeming van 'n verteenwoordiger van die Stadsraad in die bestuur ter sprake gekom. Vervolgens is gerapporteer dat 'n bespreking met Truk (mnre. E. van der Hoven en D. Reynecke) oor die bewaring van die Lewis en Marks- en Kynochgeboue simpatiek verloop het. Besluit is om die bewaring van die geboue te bepleit, mits opruiming en restourasie sal plaasvind.

3. Notule van die bestuursvergadering van 7.7.1980

Gehou, soos later nog dikwels sou geskied, in die gasvrye woning van mnr. en mev. T.E. Andrews, Douglasstraat 41, Colbyn, onder voorsitterskap van onder-voorsitter Dr. N.A. Coetzee. Besluit is dat mnr. J.F.J. van Rensburg wel op die algemene jaarvergadering as bestuurslid gekies is. 'n Skrywe is van mnr. J.J. Kirkness ontvang waarin die bestuur bedank is vir sy pogings om die Lewis en Marksgebou te probeer red. Berig is ontvang dat die museumgebou in Boomstraat tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is en bewaar sal bly. Die Universiteit van Suid-Afrika sê skriftelik dank vir die uitermate belangrike werk wat die GOP verrig. Die Stadsraad van Pretoria versoek dat die GOP deelneem aan die 125-jarige herdenking van die stigting van die stad en lê in 'n ander skrywe nadruk op die behoud van die Lewis en Marksgebou. Mnr. Willem J. Punt het besonderhede i.v.m. met die herdenking van Koningin Wilhelmina se geboorte (31.8.1880) en o.m. die beoogde kranslegging in Burgerspark (30.8.1980) en 'n Nederlandse dag by die Pioniersmuseum (1.9.1980) aan die bestuur en vervoerreëlings na die park berig. Besluit is dat voorsitter Dr. C.J.P. Jooste die gaste toespreek en Dr. N.A. Coetzee 'n krans sal lê. Nege nuwe lede is voorgestel en aangeneem. Die toer na Hartebeespoortdam was in alle opsigte 'n sukses. Mnr. Andrews het om kort bydraes in Afrikaans vir die "Nuusbrief" gevra. "Pretoriana" (nr. 79) sou gepos word en in kas was ongeveer R1 973,00.

4. Notule van die bestuursvergadering van 11.8.1980

Mnr. J.F.J. van Rensburg is as argivaris benoem, terwyl mnr. Mervyn Emms van harte geluk gewens is met die totstandkoming van die Poskantoormuseum en sy bevordering tot adjunk-direkteur. Aan mej. Risella Jansen is as 'n bewys van waardering vir verrigte vrywillige werk vir die Genootskap 'n radio geskenk. Die bestuur het besluit om 'n skrywe aan die Burgerkomitee i.v.m. die bewaring en restourasie van Kerkplein te rig. Volgens mnr. T.E. Andrews se verslag het die toer na Boekenhoutfontein goed verloop

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en 'n profyt opgelewer. Die voorsitter het, soos in die toekoms nog dikwels herhaal sou word, mnr. en mev. Andrews lof toegeswaai vir die verrigte werk en die voortreflike leiding.

Dr. N.A. Coetzee het oor die opknapping van die Booysensgrafte (Claremont) gerapporteer, waarna mnr. T.E. Andrews oor die toestand gekla het waarin grafte in die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) verkeer. Besluit is om op 15.8.1980 plaaslik 'n ondersoek in te stel. Aan mnr. Willem J. Punt is opgedra om reëling vir die kranslegging by die Koningin Wilhelminaboom te tref (30.8.1980).

5. Notule van die bestuursvergadering van 8.9.1980

Veertien nuwe lede is verwelkom. Mev. M. Andrews het verslag gelewer oor die toer na Cullinan (wins R90,00) en die toer na Johannesburg met Dr. O. Norwich as leier. O.m. is die mynmuseum en die suide van die Goudstad besoek (wins R157,00). Dr. Coetzee vestig die aandag op die voorbereiding van 'n herdenkingsuitgawe van "Pretoriana" i.v.m. die 125-jarige bestaan van Pretoria, deur prof. Dr. F.J. du Toit Spies (redakteur). Op 15.8.1980 het bestuurslede die grafte in die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) gaan besigtig en o.m. aandag aan die verwaarloosde graf van die digter-skrywer Eugène N. Marais gewy. Mnr. Andrews het vervolgens 'n mosie van dank en waardering aan mnre. Anton Jansen en Willem J. Punt voorgestel m.b.t. die reëling van die geslaagde byeenkoms by die Koningin Wilhelminaboom (Burgerspark).

6. Notule van die bestuursvergadering van 13.10.1980

Verneem is dat die graf van Eugène N. Marais weens teenkanting van sy seun nie opgeknap word nie. I.v.m. die deure van die gesloopte tronk in Potgieterstraat is besluit dat Dr. Jooste sal reël dat die deure voorlopig in die Technikon se pakkamer bewaar word. Die hekke van die eertydse gesloopte Markgebou sal deur die provinsie bewaar en later in ander geboue gebruik word. Die datum vir die kranslegging (125-jarige bestaan van die stad) deur die GOP voor die stadsaal is op 16.11.1980 vasgestel. Reëlings sal getref word dat die burgemeesters van Pretoria en Verwoerdburg e.a. kranse lê en die verrigting met Skriflesing en gebed geopen word. Aan mnr. T.E. Andrews is versoek om die jaarlikse braai by die Fonteine (29.11.1980) te reël. Besluit is om verskillende hooggeplaastes te vra om die verrigtings by te woon.

7. Notule van die bestuursvergadering van 3.11.1980 in die Poskantoormuseum

Mev. Andrews berig oor die toer na Krugersdorp en die grotte by Sterkfontein (wins R150,00). Besluit is om die skooltuinewedstryd op 17.11.1980 te hou. Besonderhede is oor slopings van geboue (Lewis en Marksgebou, Indiërwinkels) verstrek, terwyl die werkverdeling by die braai (Fonteinedal) bespreek is.

8. Notule van die bestuursvergadering van 1.12.1980

Vyftien nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Mev. Andrews het besonderhede oor die toer na Santarama en die Vervoermuseum (Johannesburg) verstrek en verklaar dat die funksie by die Fon-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

teine 'n groot sukses was. Mnr. T.E. Andrews het die naamveranderings Louis Bothalaan - Annie Bothalaan en Ou Militêre Pad - Genl. Louis Bothaweg aan die bestuur meegedeel. Mnr. Willem J. Punt het twyfel uitgespreek of die vroeëre Capitol-teater behoue sal bly en deel mee dat die Strubenhuis gesloop gaan word. Voorsitter Dr. C.J.P. Jooste bedank mev. Andrews en die ander genoemdes, sowel as mev. M. Willmer (sekretariële werk).

9. Notule van die bestuursvergadering van 2.2.1981 in die Poskantoormuseum

Dr. C.J.P. Jooste het ontheffing van sy poste as voorsitter en bestuurslid van die GOP aangevra, maar het hom bereid verklaar om dié poste tot die volgende Algemene Jaarvergadering te bly beklee. Mnr. T.E. Andrews het meegedeel dat dit die Staatspresident behaag het om die Dekorasie vir Voortreflike Diens (DVD) aan die stigter van die Genootskap, Dr. Willem Henry Jacobus Punt, toe te ken. Besluit is om mondeling dank te betuig aan Dr. Punt i.v.m. sy "onskatbare bydrae tot die bewaring van 'n groot deel van ons kultuur in hierdie land." Ook is besluit om 'n brief van gelukwensing aan Dr. Punt te stuur. 'n Brief van deelname sou gerig word aan die naasbestaandes van wyle mnr. Edwin Stegman, jarelange bestuurslid en opsteller van die grondwet van die GOP. 'n Sestal nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Mnr. Willem J. Punt deel mee dat vier plaaslike koerante 'n stemming in verband met die verbetering van Kerkplein reël. Die tronkdeure waarvan reeds melding gemaak is, is te groot om in die beoogde pakplek gebêre te word. Sal die opelugmuseum hulle kan bewaar?

10. Notule van die 33ste Algemene Jaarvergadering, 29.4.1981 in die Constantia-klub

Die voorsitter Dr. C.J.P. Jooste het die aanwesiges welkom geheet. Daar was 'n kworum aanwesig en Dr. N.A. Coetzee het die voorsitterstoel ingeneem, terwyl Dr. Jooste sy verslag ter tafel gelê het. Dr. Coetzee het na diverse bedankings aan die bestuur i.v.m. verrigte werksaamhede, 'n woord van dank aan die voorsitter gerig. Die finansiële verslag is goedgekeur en dank is aan mnr. A. Jansen (tesourier) en sy sekretaresse, mej. Risella Jansen, betuig. Die firma Taylor en Geerling is weer as ouditeurs aangestel en vervolgens is die bestuur vir 1981-1982 verkies: Dr. C.J.P. Jooste (voorsitter), Dr. N.A. Coetzee (vise-voorsitter, redakteur "Pretoriana"), mnr. T.E. Andrews ("Nuusbrief"), mev. M. Andrews (toere), mnr. C.F.T. Hendrikz (skooltuine), prof. Dr. F.J. du Toit Spies (navorsing, grafte), mnr. Willem J. Punt (waaksaamheid, plekname), mnre. M. Emms en A.J.B. Cilliers (addisionele lede).

11. Notule van die bestuursvergadering van 11.5.1981

Die nuwe bestuur het ten huise van die voorsitter, Dr. C.J.P. Jooste, Unionstraat 260, Riviera, vergader. O.m. is mev. B.C. Steenekamp, mnr. A.J.B. Cilliers en die herstelde lid, mnr. Anton Jansen, deur die voorsitter verwelkom. Laasgenoemde is aangestel om die GOP by die Stigting Simon van der Stel te verteenwoordig. Daarna is besluit om Dr. W.H.J. Punt, DVD, skriftelik met die toekenning van die Dekorasie vir Voortreflike Diens (DVD) geluk

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

te wens. Mnr. Willem J. Punt is vervolgens versoek om die GOP se beste wense en sterkte aan sy ongestelde vader oor te dra. Mej. Wellmann is, namens die bestuur, skriftelik dank betuig vir die jarelange hulp aan die bestuur.

Mev. Andrews het die verloop van die toer na Mafikeng geskets en daar is besluit om die volgende toer - na Heidelberg - te beplan. Ook is ooreengekom dat mnr. Hendrikz datums met skole reël om die skooltuinpryse te oorhandig. Besluit is dat prof. Dr. F.J. du Toit Spies en mnr. Willem J. Punt die GOP in die straatnamekomitee verteenwoordig en dat mnr. Celliers met aangeleenthede oor die forte belas word.

Dr. Jooste het meegedeel dat die Stadsraad deur die Stigting Simon van der Stel sal reël wanneer huise gesloop kan word of nie. Verskillende organisasies kan - indien gewens - besware teen sloping aanteken. Dr. Jooste is deur die bestuur benoem om laasgenoemde m.b.t. besigtiging van bedreigde geboue te verwittig. Besonderhede i.v.m. Kerkplein, die Lewis en Marksgebou, die Doors Erasmushuis en funksies het oorgestaan.

12. Notule van die bestuursvergadering van 8.6.1981, ten huise van Dr. en mev. C.J.P. Jooste

Na die opening het die voorsitter namens die GOP innige simpatie en meegevoel aan mnr. Willem J. Punt oorgedra m.b.t. die afsterwe van sy vader, Dr. W.H.J. Punt, DVD. Die bestuur het, as 'n eerbewys aan die heengegane stigter, staande en in stilte hulde aan hom gebring. 'n Telegram is reeds vroeër namens die GOP aan die familie Punt gestuur. Tewens is as 'n laaste huldeblyk 'n krans versend. Daar is vervolgens besluit om 'n program van die begrafnis in "Pretoriana" te plaas.

Mnr. Andrews het die bestuur oor die toer na Hartebeespoortdam ingelig en die reëling van 'n toer na Germiston op 20.6.1981, aangekondig. Hy het daaraan toegevoeg dat die Johannesburgse Historiese Vereniging Pretoria met 'n besoek vereer en o.m. die Poskantoormuseum en die Begraafplaas besoek het. Op dié gedeelte van die toer het 48 lede saamgestap (25.4.1981). Besluit is om as 'n blyk van waardering vir verrigte werksaamhede geskenke vir mejj. E. Wellmann en R. Jansen aan te koop.

Mnr. Hendrikz het voorgestel dat die Direkteur van Onderwys (prof. Jooste) gevra word om die skild vir die beste skooltuin te oorhandig. Die beoordelaar sal R50,00 ontvang om sy onkoste te dek. Ses nuwe lede het aangesluit. Mnr. Willem J. Punt het meegedeel dat die hoofposkantoor met veranderings en aanbouings van die genoemde gebou begin het. Prof. dr. F.J. du Toit Spies het gerapporteer dat, m.b.t. waaksaamheid, dit wil voorkom dat die navorsingswerk oor huise wat deur argitektuurstudente van die Universiteit van Pretoria onderneem is, verlore gegaan het. Dr. Jooste het die hekke van die gesloopte Marksgebou opgespoor. Een van die hekke is in die suidelike muur van die Staatsteater se restourant ingemessel, terwyl die ander deur die Departement van Openbare Werke bewaar word. Die oorspronklike kleur van die hekke was donkergroen. Die bestuur het besluit om 'n spesiale uitgawe van "Pretoriana" aan die lewe en werk van Dr. W.H.J. Punt, DVD, te wy. Prof. Dr. F.J. du Toit Spies is gevra om 'n konsep

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

voor te lê. Tydgebrek het veroorsaak dat verskillende punte van die agenda oorgestaan het.

13. Notule van die bestuursvergadering van 3.8.1981, gehou ten huise van Dr. C.J.P. Jooste

Besluit is om prof. Dr. F.J. du Toit Spies skriftelik beterskap toe te wens. Mnr. Van Rensburg het weens gesondheidsredes as bestuurslid bedank. Mev. Andrews het die vergadering oor die toer na Germiston ingelig (25.6.1981) en daaraan toegevoeg dat die toer deur Pretoria met welslae bekroon is. Van "Pretoriana" was, soos gerapporteer, 600 eksemplare gedruk. Dr. N.A. Coetzee het belowe om materiaal oor 'n gedenkuitgawe van "Pretoriana" oor die lewe en werk van Dr. W.H.J. Punt, DVD, in te samel en o.m. boustowwe van mnre. Willem J. Punt en C.F.T. Hendrikz (skooltuine) ontvang. Die GOP het oor 'n saldo van R1 700,00 beskik en mnr. Hendrikz het met nadruk veklaar dat die Kwart-eeufees van die skooltuinewedstryd 'n besondere geleentheid was. Dr. Coetzee het die skild oorhandig. Dr. C.J.P. Jooste het gesê dat daar nog geen beslissing oor die lot van Kerkplein geneem is nie. Mnr. Willem J. Punt het die aandag op onderhandelings van die Spoorweë oor die behoud van die grafte van mnr. Doors Erasmus gevestig. Dr. Jooste het gevalle van huisslopings in Schoemanstraat (628, 630, 632) en in President Steynstraat, Pretoria-Noord, onder die aandag van die bestuur gebring en die noodsaak van herstelwerk aan die graf van die pionier Robert Lys beklemtoon. Daar is besluit om kwotasies te laat vra om die werk uit te voer. Ten slotte is die afsterwe van mnr. Thomas Godfrey Kirkness gerapporteer.

14. Notule van die bestuursvergadering van 7.9.1981, gehou in die Technikon

Mnr. en mev. T.E. Andrews het, sonder opgawe van redes, bedank as lede van die bestuur en die GOP. Mnr. Willem J. Punt en Dr. Jooste is afgevaardig om met hulle te praat. Hulle diens was, aldus die notule, nog altyd baie waardevol en moeilik vervangbaar. Volgens mev. Steenekamp sou Afrikaanssprekende lede mnr. Andrews i.v.m. die afskaffing van bydraes in Afrikaans in die steek gelaat het. Op dié versoek het niemand ingegaan nie.

Die drukkoste van "Pretoriana" het ruim R2 000,00 bedra en die bestuur het besluit om kwotasies by ander drukkers aan te vra of besparing moontlik sou wees. I.v.m. navorsing oor forte is die name van mnre. Cilliers, Tomlinson en D. Beswick, sowel as dié van mnr. M. Emms genoem. M.b.t. sloping van geboue het Dr. N.A. Coetzee 'n streekkomitee en 'n Departement van Bewaring bepleit. Hy het ook verklaar dat die Doors Erasmushuis bewaar bly. Daar is besluit om 'n merietesertifikaat aan die Ou Mutual-maatskappy te stuur i.v.m. die bewaring van die voormalige Eureka-sigarettefabriek langsaan die "Pretoria News" (tans die Pierneefmuseum).

15. Notule van 'n spesiale bestuursvergadering van .9.1981 gehou in die Technikon

Dié vergadering is gehou i.v.m. die bedanking van mnr. en mev. T.E. Andrews, die "Nuusbrief" en die toere. Na 'n bespreking met die bestuur en later met mev. Steenekamp ten huise van

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die genoemdes, het die egpaar besluit om met die "Nuusbrief" en die toere verder te gaan. Die bestemming van die eersvolgende toer sou Johannesburg wees.

16. Notule van die bestuursvergadering van 12.10.1981, gehou in die Technikon

Weens afwesigheid van Dr. C.J.P. Jooste tree mnr. Willem J. Punt as voorsitter op.

Mev. Andrews doen verslag oor die toer na Johannesburg, o.m. na "The Wilds". Sy en mnr. T.E. Andrews lei die volgende toer na Heidelberg (17.10.1981). I.v.m. die skooltuine-wedstryd sal mnr. Moolman van die stedelike parke-afdeling die beoordeling in November behartig.

Mnr. Willem J. Punt wei uit oor planne van die Stadsraad om Kerkstraat as 'n busbaan en 'n voetgangerstraat te benut en dat moontlik ondergrondse busparkering beoog word. Hy verwys na sterk teenkanting teen dié planne in die pers. Verder stel dieselfde spreker die vraag wat deur die direkteur van die Staatsdrukkery gestel word i.v.m. die voorgenome beplanning van die republikeinse gedeelte van die Staatsdrukkery? Hy deel ten slotte mee dat daar 'n groot aantal liggame op die vergadering was wat deur die Stadsraad m.b.t. die Lewis en Marksgebou belê was. Baie aanwesiges was ten gunste van die gedagte dat die gebou by die beplande omgewing moet inpas.

Die burgemeester, Raadslid S.D. de K. Venter, sluit by die vergadering aan en bepleit o.m. die noodsaaklikheid van noue samewerking tussen die GOP, die Stigting Simon van der Stel en ander liggame ten opsigte van bewaringsrestourasie van geboue. Die geagte spreker sou hom daarvoor beywer. Verder is voorstelle aan die hand gedoen om aandag aan forte te wy, om 'n bestemming vir die reeds genoemde tronkdeure te vind en om die benaming Skinnerbrug te gee aan 'n brug in Pretoria-Wes, wat op grond gebou was wat oorspronklik aan die pionier Skinner behoort het. Mnr. Emms het voorgestel dat 'n onderkomitee benoem word om reëlings vir die aanstaande funksie by die Fonteinedal te tref en die saamtrek, op Stigtersdag, by die Ou Begraafplaas te reël. Mnr. Emms, mev. Willmer, mev. Steenekamp en mev. Andrews is in dié verband aangewys. Mnr. Emms het ten slotte 'n toer na Kocksvlei by Randfontein voorgestel om o.m. die plaaslike ZAR-poskantoor te besigtig.

17. Notule van die bestuursvergadering van 2.11.1981 gehou in die Technikon

Dr. Coetzee het verklaar dat die jongste toer aangenaam was. Mnr. Ian Uys het o.m. die rondleiding in die museum behartig. Vervolgens het hy gesê dat die gehalte van die drukwerk van "Pretoriana" veel te wense oorlaat. Ook het hy voorgestel om die prys van "Pretoriana" te verhoog. Uit die boedel van wyle Dr. W.H.J. Punt, DVD, stigter van die Genootskap, is R100,00 ontvang. Daar is besluit om die GOP se skriftelike waardering aan die familie Punt oor te dra.

Prof. Dr. F.J. du Toit Spies het die volgende veranderings in straatname gerapporteer: Jacob Maréstraat - Maréstraat (tot by Bourkestraat), Devenishstraat - Leydsstraat. Die bestuur het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

beswaar teen laasgenoemde verandering uitgespreek op grond van die beleid dat die oudste naam bly voortbestaan.

Mnr. A. Jansen het die GOP verteenwoordig op 'n vergadering oor die Lewis en Marksgebou wat deur die Stadsraad belê was. Hy het die Stigting Simon van der Stel lof toegeswaai vir die wyse waarop die Stigting die saak gehanteer het en gevra dat die Stigting se hulp i.v.m. verdere vertoë ingeroep word.

I.v.m. die toekenning van merietesertifikate is vermeld dat verdere onderhandelinge met Ou Mutual en die Departement van Gemeenskapsbou aan die gang was. Die sertifikate sou toegeken word in verband met die bewaring van die Landbou-publikasiegebou.

Mnr. Emms het foto's van die poskantoor op Kocksvlei geneem, pleit vir die behoud van die gebou. Die voorsitter bedank mnr. A. Jansen (finansies) vir sy jarelange, gewaardeerde bydrae.

18. Notule van die bestuursvergadering van 1.2.1982, gehou in die Poskantoormuseum

Dr. N.A. Coetzee tree, na die skriftelike bedanking van Dr. Jooste as bestuurslid, as voorsitter op. Redes is nie in die notule verstrek nie, maar die bestuur "voel diep ongelukkig oor die verloop van sake".

Mnr. P.O. Kraamwinkel het hulp van die GOP gevra om die ou hotelbenaming "Residensie" vir die naam van die Sanlamgebou wat op dié perseel opgerig word. Besluit is dat, op voorstel van Dr. Coetzee, 'n naamplaat aan die nuwe gebou aangebring word om die ou naam te behou.

Van die S.A. Spoorweë is berig ontvang dat die Doors Erasmusgrafte na die oorspronklike werf van Erasmus verskuif word. In verband met die toekoms van die ou gedeelte van die Staatsdrukkery is 'n skrywe aan die Departement van Gemeenskapsbou gerig. Sewe nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Toere is beplan na Heidelberg (20.2.1982) en later na Pelgrimsrus. Die uitslag van die skooltuine-wedstryd was soos volg: "Die Poort"(1), "Voortrekker Eeufees" (2), "Andries Brink" (3), "Skuilkrans" (4), "Wonderboom" (5) en "Valhalla" (6). Mnr. Emms het aangebied om na die Algemene Jaarvergadering 'n skyfievertoning te reël en organiseer ook 'n uitstalling van Pretoriana en Transvalia by die museum (Sept. 1982). Dié uitstalling word gereël deur die GOP, die Africanavereniging (dr. M. Slotow), die Stigting Simon van der Stel (mnr. Deon Jooste) en 'n vierde organisasie (nog onbekend). Die volgende Algemene Jaarvergadering is op 22.4.1982 bepaal. Voorgestel is om dan te bespreek om die ledegeld (te laag) te verhoog.

19. Notule van die bestuursvergadering van 1.3.1982, gehou ten huise van mev. M.L. Willmer, Buffelsweg 25.

Dr. N.A. Coetzee was afwesig en mnr. Willem J. Punt tree as voorsitter op. Besluit is om 'n brief aan Dr. Jooste te stuur en daarin dank te betuig vir sy jarelange werksaamhede ten bate van die GOP. Die vierde organisasie wat aan die uitstalling (kyk notule onder 18) deelneem, is as die Noord-Transvaalse Mediese Vereniging beskryf. Mnr. Emms sal dié projek namens die GOP reël. Die volgende toere is in die vooruitsig gestel: Potchefstroom (27.3.1982) en Pelgrimsrus (Paasnaweek). I.v.m.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

funksies is mnr. B. Cilliers versoek om die Universiteit van Pretoria vir die gebruik van 'n saal vir die Algemene Jaarvergadering te nader.

20. Notule van die 34ste Algemene Jaarvergadering van 21.4.1982, Boukundegebou, Universiteit van Pretoria

Dr. N.A. Coetzee is afwesig en mnr. A. Jansen neem die voorsitterstoel in. Aanwesig: 36 lede en 3 gaste. 20 lede kon nie kom nie. Die ledetal staan op ongeveer 500 persone, van wie 25 lewenslange lede is. Dan is daar nog 'n vyftigtal biblioteke, koerante, e.d.m. Dank word betuig aan die ouditeurs, die firma Taylor en Geerling, wat die ouditering reeds meer as dertig jaar verrig. Die verkiesing van die nuwe bestuur het soos volg verloop: Dr. N.A. Coetzee (voorsitter), mnr. Willem J. Punt (visevoorsitter, plekname), mnr. A. Jansen (tesourier), mev. M.L. Willmer (sekretaresse), mev. B. Steenekamp (assistent-sekretaresse), mnr. C.F.T. Hendrikz (skooltuine), mnr. T.E. Andrews ("Nuusbrief"), mev. M. Andrews (toere), prof. Dr. F.J. du Toit Spies (navorsing, "Pretoriana"), mnr. M. Emms, prof. Dr. H. Petrick, mnre. N. Lemmer en E. Zapke (bykomende lede). Daar is besluit om die ledegeld na R8,00 per jaar te verhoog. Na die teepouse het mnr. M. Emms skyfies van ou geboue wat bewaar of gerestoureer moet word, sowel as verdwene geboue, vertoon. Mnr. Anton Jansen het mnr. Emms bedank en ook 'n woord van dank vir verskafte verversings aan dames van die "Valley Methodist Church" gerig.

Afsonderlike aandag geniet die voorsittersverslag oor die jaar 1981-1982, gedateer 1.4.1982. Dr. C.J.P. Jooste se plek is deur Dr. N.A. Coetzee ingeneem wat soos volg gerapporteer het:

(1) "Pretoriana" - 1981 - is gewy aan die honderdjarige herdenking van die slag van Majuba (27.2.1881). Daar word 'n uitgawe oor die lewe en werk van wyle Dr. W.H.J. Punt, DVD, beplan. I.v.m. die stygende koste moet die ledegeld verhoog word.

(2) Die "Nuusbrief" is weens tegniese probleme onderbreek. As gevolg van die hoë koste van "Pretoriana" word aan die Algemene Jaarvergadering voorgestel om die "Nuusbrief" voorloping te staak tot tyd en wyl die geldelike toestand verbeter.

(3) Die toere is as "'n suksesvolle bedrywigheid" beskryf danksy die meesterlike behartiging deur mnr. en mev. T.E. Andrews. Aan hulle is groot dank betuig. Aan die Algemene Jaarvergadering word voorgestel dat organiseerders van bustoere in die bestuur moet dien.

(4) Die ledetal groei aanhoudend, hoofsaaklik as gevolg van die gewildheid van die toere en propaganda op die busse.

(5) Gedurende die afgelope jaar het 'n drietal vakatures in die bestuur ontstaan wat nie deur aanvulling gevul is nie.

(6) I.v.m. die behoud van die kulturele erfenis is besondere aandag aan die Lewis en Marksgebou en die aangrensende Kynoch-gebou gewy. Die Doors Erasmus-grafte (Pretoria-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Noord) is na die Erasmus-opstal langs die ou Warmbadpad verskuif. Die opstal sal gerestoureer word. "Mea Vota" (Rissikstraat 62) is as 'n geskiedkundige gedenkwaardigheid verklaar en word gedeeltelik gerestoureer. Die gebou sal as 'n tydperkmuseum (1890-1901) ingerig word. Aandag sal in dié opsig aan die NZASM en die nagedagtenis aan wyle Dr. W.H.J. Punt, DVD, stigter van die GOP, gewy word.

(7) Die nuwe bestuur is sukses toegewens.

21. Notule van die bestuursvergadering van 29.3.1982, gehou ten huise van mev. M.L. Willmer

Die Stadsraad is genader om 'n krans te skenk wat tydens die besoek aan Potchefstroom op die graf van Staatspresident M.W. Pretorius gelê sal word. Die Stadsraad het R50,00 vir dié doel aan die GOP beskikbaar gestel. Die toer na Potchefstroom was leersaam. Prof. Van den Berg het die geskiedenis van die Eerste Anglo-Boere-oorlog (1880-1881) vir almal laat lewe. Die volgende toere na Pelgrimsrus en Warmbad het goed verloop. 'n Wins van R225,00 is gemaak, aldus mev. Andrews. Daarna is die "Nuusbrief" (tweetalig) bespreek. Mnr. Lemmer is gevra om na die forte om te sien.

Mnr. Willem J. Punt het melding van die oprigtingsplanne van 'n Polisiegedenkteken by die Uniegebou gemaak en aangevoer dat die oprigting van 'n monument verkeersprobleme kan skep en dat die gedenkteken met die gesigslyn van die Uniegebou behoort saam te vloei. 'n Sub-komitee, bestaande uit Dr. N.A. Coetzee en mnr. Willem J. Punt is benoem om verder op dié saak in te gaan. Die Lewis en Marksgebou se toekoms val nou onder 'n burgerlike trustplan, aldus mnr. Punt. As dié konsortium die gebou vir 20 jaar kan huur, sal die gebou gerestoureer word. Daarna het dieselfde spreker na geboue in die blok tussen Schoeman-, Van der Walt-, Pretorius- en Prinsloostraat verwys wat gesloop word. Wat, het mnr. Punt gevra, gaan van die ou tremloods word?

Mnr. T.E. Andrews het na die gebou op die hoek van Pretorius- en Van der Waltstraat, waarin Manners handel dryf, verwys en dit as die tweede oudste gebou in die stad bestempel. Dit kom voor op 'n foto van voor 1890. Mnr. Willem J. Punt het gevra wat met "Kaya Rosa", die ou woning oorkant Janina, in Andriesstraat, gaan gebeur.

Mev. Andrews het aangekondig dat sy 'n toer na mnr. Boet Velthuysen se plaas reël. Daar sal 'n braai op 10.7.1982 gehou word en dié toer is in die besonder vir pensioentrekkers onder die lede bedoel.

22. Notule van die bestuursvergadering van 5.7.1982, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews, Douglasstraat 41, Colbyn

Die voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, verwelkom Dr. P.J. Venter, die opvolger van mnr. E. Zapke, as bestuurslid. 'n Brief is aan prof. D. Holm, van die Middestadvereniging, gestuur i.v.m. die standpunt wat hy m.b.t. die Lewis en Marks- en Kynochgeboue ingeneem het. Drie nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Mev. Andrews deel mee dat die jongste toer geslaag was. Mev. Van der

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Bijl het die groep ontmoet en na Fort Cornwall begelei. Die volgende toer is vol bespreek en maatreëls is getref dat die Krugerhuis op Saterdagnamiddag 14.8.1982 vir toerlede oopbly.

Volgens prof. Dr. F.J. du Toit Spies sou "Pretoriana" se teks a.s. week na die drukker gaan. Van die Republiekuitgawe is 620 in voorraad. Die banksaldo bedra R1 068,00. Besluit is om die Booysengrafte aan te pak. Prof. Dr. H. Petrick en mnr. T.E. Andrews het vervolgens voorgestel dat die dorpsraad van Belfast gevra word om die graf van mev. Ann O'Neill (dorpstigter) op te knap. Mnr. Andrews het die voornemens verwelkom dat die Erasmus-familie 'n monument wil oprig ter ere van die stamvader van die Pretoriase tak. Die onthulling sal in November 1982 plaasvind.

Dr. P.J. Venter het die sorg vir die GOP se argief oorgeneem. Argiefstukke word deur bestuurslede en ander belangstellendes vir bewaring aangebied. Mnr. Andrews het vervolgens die verandering van die benamings Apiesrivier en Lorentzstraat, deur die Stadsraad, aangeroer en vir bewaring van laasgenoemde benaming gepleit. Dr. Coetzee het besonderhede oor die Polisiegedenkteken by die Uniegebou van ds. Van Graan verkry en aan die vergadering meegedeel. Tewens prys hy die wyse waarop die Lewisgebou (hoek van Paul Kruger- en Pretoriusstraat) gerestoureer is. Merietesertifikate sal deur mnr. Emms aan oud-Posmeester-generaal, mnr. Louis Rive, en mnr. en mev. Velthuysen uitgereik word. Mnr. Emms rapporteer dat die Transvalia-Pretoriana-uitstalling op 29.11.1982 geopen word en ongeveer 'n maand sal duur.

23. Notule van die bestuursvergadering van 2.8.1982, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Na afhandeling van die ingekome en uitgaande korrespondensie is o.m. vermeld dat 'n aantal lede en instansies donasies gestuur het en die jaarlikse toekennings (R225,00), sowel as 'n subsidie van R135,00 i.v.m. die publikasie van "Pretoriana", in dank van die Stadsraad ontvang is. Twee nuwe lede is voorgestel en aanvaar.

Mev. Andrews lewer verslag oor die verloop van die braai op mnr. Boet Velthuysen se plaas. 'n Skriftelike bedanking aan die gasheer en gasvrou en hulle helpers is deur die bestuur versend. Die saldo in die bank bedra R2 098,00 en Dr. P.J. Venter deel mee dat "Barton Keep" as 'n historiese monument verklaar is. Die voorsitter oorhandig wapens e.d.m. vir bewaring aan argivaris Dr. P.J. Venter. Mnr. Willem J. Punt rapporteer dat die mylpaal weer in Kerkstraat-Oos geplaas is. Dr. N.A. Coetzee stel voor dat die bestuur na die voorgestelde ontwerp van die S.A. Polisiegedenkteken gaan kyk. Vervolgens is aandag aan Kerkplein, die Lewis en Marksgebou en die Verwoerdplein-kompleks gewy.

'n Praatjie deur mnr. Tomlinson oor die forte sal op 19.8.1982 in die Poskantoormuseum gereël word, terwyl prof. Dr. Fritz Eloff 'n lesing oor Mapungubwe sal hou (22.9.1982). GOP-lede is uitgenooi om dié funksie by te woon.

Op voorstel van mnr. T.E. Andrews word die burgemeester uitgenooi om namens die Stadsraad op Pretoriadag (20.11.1982) 'n krans op die graf van ds. Adriaan Jacob Begemann (1831-1925) te lê. Mnr. Anton Jansen (alternatief: Dr. P.J. Venter) word

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

aangewys om in die bestuur van die Stigting Simon van der Stel te dien.

24. Notule van die bestuursvergadering van 6.9.1982 gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Na die opening word die verteenwoordiger van die Stadsraad, Raadslid Servaas Venter, welkom geheet. Weens afwesigheid van mev. M.L. Willmer (sekretaresse) behartig mnr. Anton Jansen die notule. Onder die uitgaande korrespondensie is 'n skrywe i.v.m. die bewaring van die voormalige tremloods in Van der Waltstraat (23.8.1982). Onder die ingekome briewe is o.m. 'n tweetal bydraes vir "Pretoriana" wat vir afhandeling aan prof. Dr. F.J. du Toit Spies oorhandig is. Ook is 'n vyftal briewe m.b.t. die voorgestelde naamverandering van die Genootskap ontvang (staan oor). Agt nuwe lede is voorgestel en aanvaar.

Mev. Andrews deel mee dat die toer na Rustenburg 'n sukses was. Die volgende toer is vol bespreek. Met dankbaarheid is vermeld dat die Departement Nasionale Opvoeding nou R250,00, d.w.s. R50,00 meer as vroeër, bydra. Die banksaldo het ruim R2 400,00 bedra.

Dr. H.C. Petrick het na aanleiding van die Booysensgrafte o.m. verklaar dat die grond waarin die grafte lê aan J.R.C.H.Z. Booysens, Van der Hoffweg 985, Hercules, behoort. Op die toer na Rustenburg het Dr. Petrick ruim R27,00 vir die herstel van die grafte ingesamel. Hy het, aangaande die Mundt-begraafplaas gerapporteer dat alles goed versorg is. Hy versamel dokumentasie m.b.t. die Du Preezhoek-begraafplaas. Op dié begraafplaas vind vandalisme plaas. Mnr. N. Lemmer het ook oor dieselfde verskynsel by Fort Wonderboom gekla.

Mnr. Willem J. Punt vermeld dat hy die Johnston-r redoute besoek en gefotografeer het en dat die gebou in 'n goeie toestand verkeer. Die veld in die omgewing moet ewenwel opgeknap word. Dr. N.A. Coetzee en mnr. Willem J. Punt het die middestad-vergadering bygewoon waar sketsplanne (A en B) bespreek is. Plan A behels o.m. die sloping van die Lewis en Marksgebou. In plan B is die behoud van die genoemde gebou beklemtoon.

Die lesing deur mnr. Tomlinson was, aldus mnr. T.E. Andrews, goed geslaag.

25. Notule van die bestuursvergadering van 4.10.1982, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Na behandeling van die ingekome en uitgaande korrespondensie, waaronder briewe van die Stadsraad oor die historiese mylsteen in Kerkstraat-Oos, die bewaring van die voormalige tremloods en die belofte om 'n krans op die graf van wyle ds. A.J. Begemann te plaas, is ongeveer 'n tiental nuwe lede voorgestel en deur die bestuur aanvaar. Mev. Andrews het die bustoer na Johannesburg beskryf en daaraan toegevoeg dat in die bus R29,00 vir die herstel van die Booysens-grafte ingesamel is.

Onder leiding van mnr. M. Emms sal 'n toer na Randfontein en Kocksoord gereël word. Volgens tesourier mnr. Anton Jansen beskik die GOP oor 'n bankbalans van ruim R3 200,00. Dit is vermeld dat die Eugène Marais-grafgedenkfonds die graf van die skrywer-digter wil herstel. Mnr. Andrews het belowe om skenkings van lede te vra.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Mnr. Emms rapporteer dat daar reeds meer as 100 items vir die Pretoriana-Transvalia-tentoonstelling aanwesig is en dat die ketting, waarmee Pretoria opgemeet is, in die Dieperink-museum, Potgietersrus, bewaar word.

Mnr. Willem J. Punt vertoon foto's en 'n geraamde sertifikaat wat vroeër aan wyle mnr. W.A. de Rapper behoort het. Dit is deur mnr. De Jager van Colbyn aan hom geskenk.

26. Notule van die bestuursvergadering van 1.11.1982, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

'n Uitnodiging is van NASKO ontvang om die opening van die Pretoriana-Transvalia-uitstalling op 24.11.1982 by te woon. 'n Sestal nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Die toer na Kocksoord en Muldersdrif was, aldus mev. M. Andrews, 'n sukses. In die bus is ruim R25,00 vir die Booysens-grafte ingesamel. Daar is voorgestel om die April/Mei 1983-uitgawe van "Pretoriana" as 'n gedenkuitgawe ter ere van Dr. W.H.J. Punt, DVD, te laat verskyn. Vir "Pretoriana" is tariewe vir advertensies vastestel. Die GOP se banksaldo het R2 877,00 bedra.

Dr. Petrick was bevoorreg om saam met mnr. en mev. T.E. Andrews die Erasmus-familiefees by te woon. Mnr. Willem J. Punt het vermeld dat die straatnamekomitee meer name soek. Hy het die volgende naamveranderings genoem: Lorentz- en Von Wielligh-straat word D.F. Malan-rylaan, Mountainlaan (Pretoria-Noord) word Berglaan en Pretoria North word Pretoria-Noord.

Dr. Coetzee het die Raad van die Voortrekkermonument en die Suid-Afrikaanse Gevangeniswese gevra of hulle die ou tronkdeure kan bewaar.

Die bestuur het die Erasmus-landhuis bespreek en besluit dat die voorsitter (dr. N.A. Coetzee) die Administrateur i.v.m. die villa sal nader.

Daar is ooreengekom dat prof. Dr. F.J. du Toit Spies 'n toespraak by die kranslegging op die graf van ds. Begemann sal hou. Prof. Dr. Snyman, voorsitter van die Stigting Simon van der Stel, het die skakeling tussen die Stigting en die GOP as 'n mylpaal beskryf.

27. Notule van die bestuursvergadering van 7.2.1983, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome en uitgaande korrespondensie het o.m. briewe i.v.m. die herskepping van "Kaya Rosa" en die plasing van 'n naamplaat (13.1.1983), die besigtiging van die vroeëre tremloods (2.11.1982) en die besigtiging van "Kaya Rosa" (22.1.1983) voorgekom. Twaalf nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Drie toere na Johannesburg, die graf van Eugène N. Marais en die waterfontein (Johannesburg) het plaasgevind. 'n Toer na Potchefstroom (die "Oude Dorp") is op 19.2.1983 bepaal. Mev. Andrews het verder meegedeel dat die Raad op Atoomkrag 'n gedenksteen op die graf van Eugène Marais opgerig het. Prof. Dr. F.J. du Toit Spies het verklaar dat hy aan die Dr. W.H.J. Punt, DVD, se spesiale "Pretoriana" werk. Mnr. Andrews het meegedeel dat die serwituut op die Booysens-grafte by kleinneefs op Sinoville en Wonderboom berus en dat mev. H. Scheffer R40,00 tot die graftefonds bygedra het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dr. P.J. Venter (argivaris) het dokumente van die GOP aan die naambank van die Stadsraad voorgelê. Mnr. Anton Jansen het oor die ou tremloods gerapporteer, terwyl mnr. T.E. Andrews die Stadsraad gevra het of 'n groep van tien persone die loods en die kragstasie kan besigtig. Die bestuur het die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee), mnr. Willem J. Punt en prof. Dr. F.J. du Toit Spies versoek om op die vermoedelike verkoop van die vroeëre tremloods in te gaan.

Mnr. A. Jansen rapporteer dat die firma Engel en Ruyter deurkosyne, vensters en 'n weerhaan aan die oudhedebank geskenk het.

Met verwysing na die beoogde naamverandering van die GOP stel mnr. M. Emms, gesekondeer deur mnr. T.E. Andrews, voor dat die naam van die Genootskap na "Pretoria Historical Society"/ "Pretoriase Historiese Vereniging" verander word. Mnr. Willem J. Punt en mev. M.L. Willmer teken beswaar aan en die voorsitter stel voor dat lede van die GOP tydens die volgende Algemene Jaarvergadering (23.3.1983) daaroor sal stem. Mnr. Jansen verklaar dat hy nie weer verkiesbaar is as tesourier nie. Hy word bedank vir sy jare van onbaatsugtige werk en diens. Vervolgens word mnr. Emms lof vir sy werk en organisasievermoë i.v.m. die Pretoriana-Transvalia-tentoonstelling toegeswaai. Mnr. Andrews vestig die aandag op die afsterwe van kol. Eugene O'C. Maggs en mnr. Salie Kritzinger. Lede het die heengeganes gedenk deur op te staan en daar is besluit om briewe van simpatie aan naasbestaandes te versend.

28. Notule van die bestuursvergadering van 7.3.1982, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie het o.m. 'n brief van mev. Phyllis Punt die aandag getrek. Sy het gepleit om die oorspronklike naam van die Genootskap te behou. Bedankings as bestuurslede is van mev. B. Steenekamp en dr. P.J. Venter ontvang. Onder die uitgaande pos was 'n brief van die voorsitter i.v.m. die behoud van die Erasmus-landhuis en 'n skrywe van mnr. Willem J. Punt dat die GOP 'n vereniging sonder winsbejag oprig om 'n gebou in Pretoria aan te koop wat deur die Genootskap benut kan word. Dié brief staan oor vir aandag deur die nuwe bestuur. Drie nuwe lede is voorgestel en aanvaar.

Mev. Andrews lig die bestuur oor die toer na Potchefstroom in en berig dat die Paasnaweektoer weens ontoereikende belangstelling verval. Mnr. Andrews vestig die aandag op die sterk verhoogde huurgeld van busse. Die "Nuusbrief" is gereed om gepos te word, terwyl "Pretoriana" by die drukker is. Daar is gekla oor die gehalte van die drukwerk.

Besluit is om 'n brief van steun aan "Die Burger" te stuur om teen die verbreding van die hoofstraat van Paarl te protesteer. 'n Afskrif sal aan die stadsraad van Paarl gepos word. Die Wurlitzer-orrel wat vroeër in die eertydse Capital-bioskoop gestaan het, is vir kerklike doeleindes aan 'n Kleurlinggemeenskap in die Kaapprovinsie verkoop en staan nou in Ladysmith, Natal. Mnr. Willem J. Punt stel voor om geld in te samel sodat die genoemde gemeenskap 'n passende kerkorrel kry en die Wurlitzer na Pretoria terugkeer.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dertien skole neem aan die skooltuine-wedstryd deel en volgens mnr. C.F.T. Hendrikz sou die beoordeling tussen 14.3.1983 en 25.3.1983 plaasvind. Verder is aangekondig dat die tronkdeure uit die Technikon verwyder moet word omdat Dr. Jooste aftree. Die vraag is gestel of die Stadsraad berging kan verskaf. Volgens 'n berig in "Rapport" het mnr. Hilmar Roode in die pers verklaar dat die voorsitter teen die bou van die Polisiemonument sou wees. Die bestuur het aan mnr. Willem J. Punt opgedra om die aangeleentheid te behartig.

29. Notule van die 35ste Algemene Jaarvergadering van 23.3.1983, gehou in die ouditorium van die Poskantoormuseum

Die voorsittersverslag is uitgestuur aan die lede. Die voorsitter bedank die bestuur vir al die werk wat verrig is en verklaar verder dat die museumuitstalling (Pretoriana-Transvalia) 'n groot sukses was. Tesourier Jansen lê die geouditeerde jaarverslag voor. Die saldo bedra ruim R2 500,00.

I.v.m. die voorgestelde naamverandering na "Pretoriase Historiese Vereniging" is aangevoer dat die ou benaming op 7.4.1948 aanvaar is. Dié naam is ook by die Buro vir Heraldiek geregistreer. Besluit is om die oorspronklike benaming onveranderd te laat, maar dat die Genootskap nie-amptelik as "Die Pretoriase Historiese Vereniging", "Pretoria Historical Society" bekend staan. Dié voorstel is deur prof. Dr. C. de Jong en mnr. N. Lemmer gesekondeer.

Die nuwe bestuur is daarna verkies en soos volg saamgestel: Dr. N.A. Coetzee (voorsitter), mnr. Willem J. Punt (vise-voorsitter), mev. M.L. Willmer (sekretaresse), mev. I. Vermaak (assistent-sekretaresse), mnr. T.E. Andrews ("Nuusbrief"), mev. M. Andrews (toere), mnr. M. van Niekerk (skooltuine), mev. A. Dreyer (argivaris), mnr. N. Lemmer (forte), Dr. H. Petrick (grafte), mnr. M. Emms (funksies) en prof. Dr. F.J. du Toit Spies (redakteur "Pretoriana").

Die gedagte van mnr. Willem J. Punt, t.w. dat die GOP 'n huisie bekom om as kantoor te dien en 'n vereniging sonder winsbejag vir dié doel te stig, is deur die vergadering goedgekeur.

Omtrent die Wurlitzer-orrel, wat van Ladysmith aan die Kleurlinggemeente Elsiesrivier verkoop is, is geen besluit geneem nie. Daar is, sonder dat die Stadsraad klaarblyklik daarvan bewus was, 'n begin met die oprigting van die Polisiemonument by die Uniegebou gemaak.

Die Wolmaranshuis is verwaarloos en die ou kanonpad, die begraafplaas en die bouvalle van forte (Donkerhoek) is baie beskadig. Volgens mnr. Dotman Pretorius is die gedenkplaat i.v.m. Eugène N. Marais op die verkeerde plek aangebring. Die fonds m.b.t. die herstel van die graf is byna volskryf. Die tronkdeure lê op 'n rommelhoop in Riviera en die Departement van Gevangeniswese moet geskakel word. Kan die deure in die Johannesburgse fort bewaar word?

Op die besprekings het 'n skyfievertoning deur mnr. A. Jansen gevolg. Die bywoning van die Algemene Jaarvergadering is as goed beskryf.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

30. Notule van die bestuursvergadering van 2.5.1983, gehou in "Mea Vota", Rissikstraat 62, Pretoria.

Onder die ingekome briewe was o.m. 'n skrywe van die Laerskool Oost-Eind (86e verjaarsdag) en 'n ander met die name van die verteenwoordigers van die Stadsraad in die GOP-bestuur. Vier nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Daar is besluit dat Dr. N.A. Coetzee en mnre. Willem J. Punt en A. Jansen die Erasmus-landhuis besoek (12.5.1983) voordat 'n afspraak met die Administrateur gereël word. Mnr. Jansen bedank as tesourier en mev. M.L. Willmer is gevra om sekere werk teen 'n vergoeding uit te voer en dat 'n spesiale bestuursvergadering op 16.5.1983 belê word om die res van die agenda af te handel.

31. Notule van die spesiale bestuursvergadering op 16.5.1983, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die Stigting Simon van der Stel het 'n kantoor en 'n betaalde amptenaar wat al die administratiewe werksaamhede behartig. Mev. Willmer het voorwaardes in 'n voorstel voorgelê maar dit is nie aanvaar nie. Bygevolg is besluit om voorlopig met die bestaande bedeling voort te gaan.

Die voorsitter en mnre. Willem J. Punt en A. Jansen het, vergesel van Dr. Petrick, die Erasmus-landhuis en -landgoed besoek. Padbouers het die ou skuur gesloop, terwyl die pionierShuis byna heeltemal afgebreek was. In die landhuis, wat in 'n goeie toestand verkeer, is reeds ingebreek. Besluit is dat die Administrateur op 23.5.1983 deur bogenoemde here besoek word.

Die toer na Warmbad sou met 37 deelnemers op 21.5.1983 plaasvind en mev. Andrews het 'n toer na Johannesburg op 16.6.1983 vasgestel. Dr. Petrick het berig dat hy drie agterkleindogters van J.J. Booysens in Wonderboom opgespoor het. Blykbaar is die begraafplaas se serwituut ten gunste van die Voortrekkerbeweging.

Name van regters in die Z.A. Republiek is deur mnr. Willem J. Punt vir die naambank verkry. Verder is, aldus mnr. Willem J. Punt, verneem dat die grond waarop die tremloods en die kragstasie staan, deur die Stadsraad verkoop word. In diè verband is die "Tuscany Development Company" genoem. Die ou gebou in Andriesstraat, langs "Sher Court", sal volgens die Stadsraad behoue bly omdat die padskema gewysig word. "Kaya Rosa" gaan verkoop en deur die Universiteit van Pretoria heropgerig word.

I.v.m. die graf van burger D. Erasmus, wat by Rooihuiskraal gewond en as 'n seun van mnr. Pieter Erasmus beskryf is, berig mnr. Andrews dat die Oorlogsgrafteraad opmerksaam op die graf gemaak is. Mnr. Andrews het ook aan die Stadsraad gevra om steggies van die Koningin Wilhelminaboom te neem om die voortbestaan van diè gedenkwaardigheid te verseker. Besluit is om die erelidmaatskap en 'n geskenk aan mnr. Anton Jansen toe te ken om op diè wyse sy vrugbare diens as sekretaris en penningmeester te erken.

32. Notule van die bestuursvergadering van 6.6.1983, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Mnr. Anton Jansen dra as aftredende tesourier sy verpligtings oor en Dr. Coetzee en mev. Andrews het ingestem om die GOP

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

se finansies te behartig. Onder die uitgaande korrespondensie was o.m. 'n brief aan die Departement Gemeenskapsbou i.v.m. die ou gedeelte van die Staatsdrukkery. O.m. is onder die ingekome korrespondensie van die Stadsraad verneem dat 'n steggie van die Koningin Wilhelminaboom geneem is wat mooi groei.

Vyf nuwe lede is voorgestel en aangeneem. Volgens mev. M. Andrews het 45 persone aan die toer na Warmbad deelgeneem. Die kopie van die spesiale uitgawe van "Pretoriana" i.v.m. die lewe van Dr. W.H.J. Punt, DVD, het in besit van die drukker gekom. Dr. Petrick het met die enigste kleindogter van die Booysens-familie in verbinding gekom. Sy het belowe om geldelike bydraes van ander afstammelinge te vra. Die bestuur het die herstel van die grafte bespreek. Vandalisme vind, aldus Dr. N.A. Coetzee, in die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) plaas. Dit is ook 'n slaapplek vir boemelaars. Die bestuur besluit om die Stadsraad van die uiters afkeuringswaardige euwel skriftelik te verwittig. Mnr. N. Lemmer het Fort Wonderboom besoek. Die bestuur sal die Stadsraad vra om die fort te laat skoonmaak.

Dr. Petrick, Dr. Coetzee en mnr. Punt gee 'n verslag van hulle besoek aan die Administrateur. Die bedoeling is om die Erasmus-landhuis onder die Museumdienste te laat val. Dr. Coetzee wil voorstel dat die landhuis verhuur en dat die aanwesige boumateriaal toegesluit word. Mnr. Willem J. Punt sal die aangeleentheid dan in die vorm van vertoë aan die Administrateur verder voer.

Daar is besluit om op 17.8.1982 'n funksie te reël om die erelidmaatskap-sertifikate aan 'n paar mense te oorhandig. Die Administrateur sal gevra word om by dié geleentheid as spreker op te tree. I.v.m. die Burgemeestersonthaal is besluit dat die bestuur, soos in ander gevalle, ook deur die Burgemeester onthaal word.

33. Notule van die bestuursvergadering van 4.7.1983, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie is 'n brief waarin verklaar word dat die Stadsraad die tronkdeure nie kan bewaar nie. Die uitgaande korrespondensie het o.m. uit 'n aansoek van Dr. Coetzee aan die Departement Nasionale Opvoeding i.v.m. staatsteun bestaan (1983-1984). Ook is 'n toelaag vir 1983 by die Stadsraad van Pretoria aangevra. Aan die Raad is ook 'n brief oor die heersende vandalisme in die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) gerig. Mnr. T.E. Andrews vestig die aandag van die straatnamekomitee op die foutiewe benaming Roustraat. Dit moet Rousstraat wees omdat dit van die familie Rous afgelei is. Drie nuwe lede is voorgestel en aanvaar.

Mev. Andrews het vervolgens die toer na die Goudstad as 'n sukses bestempel en aangekondig dat die volgende toer 'n Pretoriase museum as doelwit beoog (23.7.1983). Die middagete sal dan by Kilnerton genuttig word.

Prof. Dr. F.J. du Toit Spies het daarna verduidelik dat die bestuur 600 eksemplare van die Dr. W.H.J. Punt, DVD-uitgawe sal druk. I.v.m. die naambank is name i.v.m. onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek gevra. Verder is meegedeel dat die Erasmus-landhuis dalk deur die RGN tot 'n nasionale gedenkwaardigheid

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

verklaar word. Mnr. Van Niekerk sal, so is meegedeel, nie op die skooltuinekomitee dien nie. Daar is besluit om op 17.8.1983 'n funksie in die Constantiaklub te hou waarop Dr. Ben Cronjé, direkteur van NASKO, as gasspreker sal optree. Mnr. Willem J. Punt wil bewaringsbesienswaardighede opteken. Dit staan oor tot die volgende vergadering. Intussen sal Dr. Coetzee die GOP by die Stigting Simon van der Stel verteenwoordig en is daar na 'n byeenkoms van die studiegroep van Pretoria se argitekte (19.7.1983) verwys.

34. Notule van die bestuursvergadering van 1.8.1983, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was 'n tweetal toekennings van die Stadsraad van R225,00 en R135,00; onder die uitgaande briewe 'n skrywe van simpatie met die heengaan van die moeder van J. Bodel (22.7.1983). Die museumtoer is deur dertig persone ondersteun. Toekomstige toere was die volgende: Pretoria-Suid (September) en 'n Oktobertoer na Johannesburg onder leiding van Dr. O. Norwich. I.v.m. die toestand van die forte het mnr. N. Lemmer die verwydering van vyf staalplate by Fort Wonderboom vermeld. 'n Memorandum i.v.m. die Erasmus-landhuis is opgestel en aan die Administrateur gestuur.

35. Notule van die bestuursvergadering van 5.9.1983, gehou in die Poskantoormuseum

Onder die ingekome korrespondensie was o.m. 'n skrywe van die Stadsraad oor byskrifte op straatnaamborde (16.8.1983) en 'n brief van die Departement van Gevangeniswese dat die tronkdeure graag in ontvangs geneem sal word (28.7.1983). In 'n uitgaande skrywe van 11.8.1983 is die aanstelling van mev. A. Dreyer as argivaris aan die Hoof van die Transvaalse Argiefbewaarplek (Uniegebou) vermeld. Later is dokumente van drie jaar en ouer deur mev. Dreyer en mev. Willmer by die argief oorhandig.

Drie nuwe lede is voorgestel en aanvaar. "Pretoriana" is gepos en die voorsitter het prof. Dr. F.J. du Toit Spies bedank vir al die werk wat aan die spesiale uitgawe verbind was. Dank is ook teenoor die familie Punt uitgespreek om boustowwe beskikbaar te stel.

Dr. Petrick het 'n voorstel i.v.m. die opknapping van die Booysensgrafte aan die bestuur voorgelê. Die bestuur het sy goedkeuring daaraan geheg en besluit om op steen aan te bring dat die gedenksteen in 1983 deur die GOP onthul is.

Mnr. Van Niekerk kon nie die skooltuine behartig nie. Die voorsitter het hom gevra om in 1984, by geleentheid van die Algemene Jaarvergadering te bedank. Sy hulp word ingeroep om mnr. W.J. Punt te help om 'n lys op te stel van geboue wat bewaar moet word.

Mnr. Willem J. Punt het gevra dat die naam Presidentstraat, wat vermoedelik van 1860 dateer, weer in gebruik geneem word om die benaming Gerhard Moerdyk te vervang. Dié naam kan elders gebruik word. Hy beklemtoon vervolgens die waarde van die voormalige tremloods as 'n pragtige baksteengebou en as 'n belangrike gebou m.b.t. die vervoergeskiedenis van die Hoofstad. Daar is - aldus spreker - hoop dat die Lewis en Marksgebou bewaar word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die bestuur besluit om met die Departement Nasionale Opvoeding in verbinding te tree dat die S.J. du Toit-huis in Bodelstraat bewaar word.

Dertien inskrywings vir die skooltuine-wedstryd is ontvang. Die voorsitter het onlangs die skild aan verlede jaar se wenner, die Laerskool Derdepoort, oorhandig.

I.v.m. Pretoria se Stigtersdag (19.11.1983) is besluit om die Burgemeester uit te nooi om 'n toespraak by die graf van die pionier Robert Lys te lewer. Die voorsitter is versoek om 'n toespraak by die graf van A. Brodrick te hou. Die kranslegging sou na die vleisbraai by die Fonteine geskied.

36. Notule van die bestuursvergadering van 3.10.1983, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

'n Brief is aan die Stadsraad gerig om die tremloods te behou. Drie nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Die toer na Pretoria-Suid het 56 deelnemers getrek, aldus mev. M. Andrews. Mnr. T.E. Andrews het lede van die Johannesburgse Historiese Vereniging in Pretoria rondgeneem.

Prof. Dr. F.J. du Toit Spies het met die voorbereiding vir die volgende uitgawe van "Pretoriana" begin. Die verskyningsdatum is hopelik Januarie 1984. Daar is besluit om R1 000,00 van die spaar- na die lopende rekening oor te plaas. I.v.m. die Booysens-grafte is verklaar dat 'n ongenoemde die graniet teen R400,00 sal verskaf en die letters sal graveer. Mnr. Willem J. Punt reël dat die traliewerk van "Mea Vota" vir die voorkant van die grafte gebruik word. Hy deel verder mee dat daar hoop bestaan dat die Lewis en Marksgebou nie meer gesloop word nie en dat hy hom verder vir die behoud van die tremloods beywer. Lede van die GOP sal op 'n besoek aan die loods en die Manners- en Postmagebou begelei word.

Mnr. Repton sal die skooltuine beoordeel en mnr. T.E. Andrews sal mev. Makin vra om 'n krans by die graf van R. Lys te lê. Die kranslegging by A. Brodrick se graf sal deur Dr. N.A. Coetzee verrig word. Mnr. Willem J. Punt deel mee dat die Burgerlike Trust die Leeu- of Arcadiabrug teen beraamde koste van R20 000,00 restoureer.

37. Notule van die bestuursvergadering van 7.11.1983, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die notule ontbreek, maar is goedgekeur op 6.2.1984. Daar is ook geen notule van die bestuursvergadering van 5.12.1983 nie.

38. Notule van die bestuursvergadering van 6.2.1984, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die besoek aan die tremloods het allereers ter sprake gekom. Daarna is 'n drietal nuwe lede voorgestel en aanvaar. Die eersvolgende toer sou na Botshabelo by Middelburg onderneem word (25.2.1984), terwyl - volgens mev. M. Andrews - die Paasnaweektoer na Kimberley vol bespreek was. Mnr. Tomlinson het aangebied om die lede in Maart na Fort Tullechewan te begelei. Die "Nuusbrief" het verskyn. "Pretoriana" was by die pers en die redakteur prof. Dr. F.J. du Toit Spies het gevra of iemand anders die redaksie van die blad kan oorneem aangesien sy gesondheid veel te wense oorlaat.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Prof. Dr. H. Petrick het aangekondig dat AVBOB die steen vir die Booysens-grafte sou skenk, terwyl mnr. Willem J. Punt die aandag op die aanstaande sloping van die Lewisgebou (hoek van Pretorius- en Paul Krugerstraat) gevestig het. Besluit is dat mnre. Willem J. Punt en mev. M. Andrews die wandelpaaie-vraagstuk behartig. Die GOP wil graag hierin geken word. Voorgestel is om die Algemene Jaarvergadering in die Poskantoormuseum te hou.

39. Notule van die bestuursvergadering van 5.3.1984, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Vier nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Mev. Andrews het gerapporteer dat die toer na Bothshabelo 'n klein wins vertoon. Mnr. Tomlinson sal op 17.3.1984 'n groep na Fort Tullechewan begelei. "Pretoriana" is gedruk en i.v.m. die Booysens-grafte is 'n totaal R243,00 aan bydraes ontvang.

40. Notule van die bestuursvergadering van 2.4.1984, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Mnr. Mervyn Emms neem waar as voorsitter. Sewe en twintig lede het aan die toer na Fort Tullechewan deelgeneem. Mnr. Willem J. Punt vra name vir die naambank en kondig aan dat byskrifte onderaan weerkaatsende straatnaamborde aangebring word. Hy vermeld ook dat die Provinsiale Administrasie die Erasmus-landgoed aan Krygkor wil verkoop en vestig die aandag op die moontlikheid dat die ou gedeeltes van die Staatsdrukkery 'n drukkersmuseum gaan word.

41. Notule van die 36ste Algemene Jaarvergadering van 25.4.1984, gehou in die Poskantoormuseum

Aan die jaarverslag van die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee) is - kortliks - die volgende punte ontleen:

(1) Die Transvalia-Pretoriana-tentoonstelling, georganiseer deur museumpersoneel en mnr. Mervyn Emms (Desember 1983 en Januarie 1984) was 'n groot sukses.

(2) Ter herdenking van die Stigtersdag van Pretoria in 1983 is op 19.11.1983 deur die GOP hulde aan R. Lys en A. Brodrick gebring.

(3) Dank is betuig aan prof. Dr. H. Petrick i.v.m. sy deursettingsvermoë om die Booysens-grafte, Van der Hoffstraat, Hercules, te restoureer. Die werk is byna afgehandel.

(4) Opregte dank is betuig aan mnr. Andrews ("Nuusbrief") en prof. Dr. F.J. du Toit Spies ("Pretoriana").

(5) 'n Lys word opgestel van historiese geboue in Pretoria.

(6) By die Stadsraad word aangedring op die instelling van 'n afdeling van Historiese en Kulturele Aangeleenthede, met huisvesting in die Melrosehuis.

(7) Mev. A. Dreyer word dank vir haar argivale werksaamhede betuig.

(L.W. Bladsy 2 van die verslag is vasgeplak en bygevolg onleesbaar.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Daarna is na die agenda van die oorblywende deel van die Algemene Jaarvergadering oorgegaan.

Dr. Petrick lewer 'n verslag oor die Booysens-grafte. Mnr. Anton Jansen het aangebied om die grafsteen en die heining op te rig. Mnr. N. Lemmer het hulp van die Rapportryerskorps van Annlin ontvang om die Fort Wonderboom en omgewing skoon te maak. Mnr. Willem J. Punt doen verslag oor straatname en deel mee dat die wysiging van Lorentzstraat na D.F. Malan-rylaan verwerp is. Die Stadsraad het op voorstel van die GOP beskrywende naamplate aanvaar en ondersoek nou die koste daarvan. I.v.m. die Erasmuslandhuis en -landgoed het die GOP twee jaar gelede voorgestel dat die landgoed as 'n plaaswerf gebruik word en die landhuis as 'n speelgoedmuseum benut word. Mnr. Willem J. Punt stel verder voor dat die toekoms van die terrein met die Administrateur bespreek word. Verder het die vorige Burgemeester, aldus dieselfde spreker, die hulp van die GOP m.b.t. staproetes deur en rondom die stad gevra. As eerste roete is Kerkstraat (Uniegebou-Ou Begraafplaas) aangewys. Die Stadsraad sien van die sloping van die Lewis en Marks en die Kynoch-gebou af. Daar is, aldus mnr. Punt, onderhandelings met die Siviele Trust oor restourasie aan die gang. Ook merk hy op dat die Erfeniskomitee op die oomblik nie veel verder kom nie. Hy is van oordeel dat die GOP in dié verband met sy eie program moet voortgaan. Daar is 'n verlies van R1 081,00 oor die boekjaar gely wat op 31.12.1983 ten einde geloop het. Die ledegelde is vir 1984 tot R10,00 (lid), R25,00 en R100,00 verhoog.

Die nuwe bestuur is na 'n verkiesing soos volg saamgestel: Dr. N.A. Coetzee (voorsitter), mnr. Willem J. Punt (vise-voorsitter), mev. M.L. Willmer (sekretaresse), mev. I. Vermaak (assistent-sekretaresse), prof. Dr. C. de Jong (redakteur "Pretoriana"), mev. A. Dreyer (argivaris), Dr. H. Petrick, mnre. M. van Niekerk, N.M. Lemmer en M. Emms, mev. M. Andrews en mnr. T.E. Andrews (lede). (L.W. Daar is geen tesourier verkies nie.)

(word voortgesit)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# DIE STAATSMUSEUM, 1892-1904

deur Kol. Dr. Jan Ploeger

> "For a museum is history in the concrete, the record of man's achievements; in it are the trappings of the past, somewhat dingy at times, perhaps, and even inanimate, but potent with significance for those who can take and develop a hint."

Hierdie gedagte is ontleen aan dié hoofstuk in "The City of Pretoria and Districts" (Pretoria, 1913) wat o.m. aandag aan die destydse Pretoriase museum geskenk het.[1] Die genoemde museum dateer van 1892 en het in die begin 'n klein versameling voorwerpe van nasionale belang bevat, waarna daar in 1896 met soölogiese werksaamhede begin is.[2]

Meer lig op die ontstaan en ontwikkeling van dié museum, in 1892 bekend as die Staatsmuseum en vandag as die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, aan Boomstraat, kan uit die notuleboek van die Kuratorium van die Staatsmuseum en 'n artikel oor die ontslaan en groei van die Staatsmuseum tot ongeveer 1908 verkry word.[3]

Uit die genoemde bydrae van die hand van direkteur Dr. Jan Willem Boudewijn Gunning (Hilversum, Nederland, 1860 - Pretoria, 1913), blyk o.m. dat Staatsekretaris Dr. Willem Johannes Leyds (Magelang, Java, 1859 - Den Haag, Nederland, 1940) in 1892 die voortou in verband met die stigting van 'n Staatsmuseum geneem het. Die Transvaalse regering het hom met dié gedagte vereenselwig en Dr. Gunning het die motivering soos volg omskryf:

Aangesien daar geen openbare versameling van die flora, fauna of etnografie van Transvaal bestaan het nie, moes die eerste doelstellings die versamel en uitstal, ook van gegewens van geskiedkundige en nasionale belang wees. Om hierdie doelstelling te verwesenlik moes allereers met die verkenning, vorming en bewaring van wetenskaplike versamelings begin word. Verder moes die versamelings as 'n praktiese hulp met betrekking tot onderwys en opvoeding dien.

Onderrig in plant- en dierkunde, delfstofkunde en verwante vakke is baie belemmer deur die gebrek aan passende handboeke. Die onderrig kon dan met voorbeelde toegelig word en met dié doel voor oë moes ook buitelandse soogdiere en voëls aangeskaf word. 'n Belangrike doelstelling was ook die aanwakker van liefde vir die land en die aankweek van nasionale trots en in omsendbriewe moes veral nadruk gelê word op die opvoedkundige en historiese aspekte van 'n museum-diens.[4]

## 1. 'n Kuratorium aangestel. Eerste werksaamhede.

'n Uitvloeisel van Dr. Leyds se inisiatief om 'n Staatsmuseum vir die Zuid-Afrikaansche Republiek in Pretoria in die lewe te roep was in 1892 die aanstelling van 'n Raad van Kuratore.[5]

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Volgens die notuleboek het die eerste raadsvergadering van die kuratorium op 24.1.1893 plaasgevind. Kuratore was prof. Nicolaas Mansvelt (1852-1933), Superintendent van Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek (voorsitter), Dr. Gosewijn Willem Sanne Lingbeek (1860-1939), lyfarts van Staatspresident S.J.P. Kruger; Dr. Willem Jacobus Fockens (1862-1919) (sekretaris), Dr. H.G. Breijer, mnr. George Leith en Staatsmyningenieur J. Klinke.[6] Op die genoemde vergadering is besluit om die regering te vra om 'n bedrag van £2000:0:0 van die begroting van 1892 aan die kuratorium beskikbaar te stel. Vermoedelik sou hierdie bedrag aangewend word om "zulks in verband met de studeerende jongelingschap", lokale in die nabyheid van die toekomstige Staatsgimnasium as 'n Staatsmuseum in te rig.[7]

Verder is in die notule vermeld dat die lokaal in die Goewermentsgebou aan Kerkplein ongeskik as 'n museum was. Dr. Gunning vermeld in sy reedsgenoemde bydrae dat die eerste Staatsmuseum in 'n kamertjie langsaan die klokkekamer op die boonste verdieping van die goewermentsgebou gehuisves was. Dié vertrek was nie alleen te klein nie, maar terselfdertyd moeilik toeganklik vir besoekers.[8]

Die huisvestingsvraagstuk is op die vergadering van 23.9.1893 opgelos. By dié geleentheid het die voorsitter van die kuratorium (prof. N. Mansvelt) meegedeel dat hy die klein Markgebou vir 'n jaar kon huur om die gebou dan as 'n museum in te rig. Die huur sou £10:0:0 per maand bedra. Die versamelings is soontoe vervoer en die Staatsmuseum sou tot 1902 in dié gebou gehuisves wees.

In die eerste jare was daar, aldus Dr. J.W.B. Gunning, probleme om 'n geskikte kurator te verkry. Die versamelings was te klein om die aanstelling van 'n bevoegde museumdeskundige te regverdig. Dr. Breijer is as ere-kurator van die Staatsmuseum aangestel, maar aangesien die werk te veel geword het, was hulp gebiedend.[9] Eindelik, in 1896, is dié vraagstuk opgelos deurdat Dr. J.W.B. Gunning op die vergadering van die kuratorium, wat op 26.10.1896 gehou is, as assistent aangestel is.[10]

Dan was daar reeds op die tweede vergadering van die kuratorium, op 23.5.1893, besluit om 'n ondersoek na die amanuensis (helper, handlanger in 'n laboratorium) van die museum en voormalige Staatsekretaris onder Staatspresident M.W. Pretorius (1819-1901), die oud-Nederlander Anton Frederik Schubart, in te stel. Schubart is skuldig bevind aan drankmisbruik en op die derde vergadering, op 30.5.1893, deur die kuratorium ontslaan.[11]

Dit wil voorkom of die ontstane vakature deur P.A. Krantz gevul is. Krantz het o.m. ekspedisies in Transvaal onderneem en was o.m. ook werksaam as 'n taksidermis (opstopper) om die museum se versamelings aan te vul. Op die vergadering van 8.8.1893 het die kuratorium 'n aanbod van Krantz aangeneem om 'n ekspedisie te onderneem. Terselfdertyd is 'n aanbod van Dr. Beijer aanvaar om kosteloos toesig oor die Staatsmuseum te hou. Krantz se vertrek is op 'n volgende vergadering op 22.9.1893 vasgestel.[12]

Op die vergadering van 23.11.1893 het Dr. Fockens as sekretaris van die kuratorium bedank. Prof. Mansvelt het tydelik as sekretaris waargeneem. In die loop van dieselfde vergadering is aangeteken dat Max Rossteuscher, vroeër verbonde aan die museum

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

te Bloemfontein, die pos van assistent-custos (assistent-skoonhouer) van die Staatsmuseum in Pretoria aangeneem het. Tydens die volgende vergadering is hy met sekere onbepaalde museumwerk belas, terwyl die opstop van diere aan Krantz en C. Wilde oorgedra is.[13] Op 20.7.1894 is o.m. besluit om teen £20:0:0 per maand van Wilde as taksidermis gebruik te maak en Krantz te vra om custos (bewaarder) te word. Op 12.9.1894 is S. Tweddill as onder-custos benoem, terwyl Krantz op 23.4.1893 vier of vyf maande verlof gevra het om 'n ekspedisie te onderneem.[14]

Op 11.9.1896 het Klinke as kurator afgetree en is G. Schmitz-Dumont as sy opvolger benoem. Op die volgende vergadering op 26.10.1896 het die kuratorium besluit om die regering te versoek om 'n direkteur teen 'n salaris van £750:0:0 aan te stel. Dr. J.W.B. Gunning het sy dienste aangebied en is voorlopig as assistent aangestel. Hy is te werk gestel om dele van die versameling te katalogiseer en te rangskik.[15]

Op 18.1.1897 was die Raad van Kuratore van die Staatsmuseum soos volg saamgestel: Dr. N. Mansvelt (voorsitter), Dr. G.W.S. Lingbeek, Dr. W.J. Fockens, G. Schmitz-Dumont en Geo. Leith. Die volgende persone was personeellede van die Staatsmuseum: Dr. H.G. Breijer, direkteur; Dr. J.W.B. Gunning, assistent; P.A. Krantz, custos en taksidermis, en S. Tweddill, assistent-custos. Op 4.3.1897 is Dr. Gunning as waarnemende direkteur tot 1.1.1898 benoem. Dr. Fockens het op 25.2.1897 as lid van die Raad van Kuratore bedank en is op 4.3.1897 deur Dr. H.G. Breijer opgevolg.[16]

Ten slotte is op 16.5.1897 deur die kuratorium besluit om die regering te versoek om prof. Dr. Gustaaf Adolf Frederik Molengraaff (1860-1942), Staatsgeoloog van die Zuid-Afrikaansche Republiek, as 'n lid van die kuratorium te benoem.[17] Volgens Dr. Gunning is C.J. Siwerstra, 'n entomologiese assistent, en mej. Leendertz, 'n botaniese assistente, na 1896 as werkkragte aan die Staatsmuseum verbind.[18] Volgens dieselfde bron is diere eers deur mnr. Wilde en daarna deur Krantz en Griffin opgestop, terwyl 'n sekere Noome in 1897 tot die museumpersoneel toegevoeg is.[19]

## 2. Dr. J.W.B. Gunning en prof. Dr. G.A.F. Molengraaff

Dr. Gunning is op 8.12.1897 as direkteur van die Staatsmuseum benoem. Reeds in sy jong jare het hy belangstelling vir natuurstudie aan die dag gelê en sy akademiese studie het hom in sy geboorteland (Nederland), Frankryk en Duitsland besig gehou. In 1883 het hy as geneesheer in die distrik Stellenbosch gepraktiseer, 'n jaar later sy mediese studie in Jena, Duitsland, voortgesit en - na sy terugkeer in Suid-Afrika - as geneesheer in die Oranje-Vrystaat opgetree. In 1896 het, soos reeds vermeld is, sy loopbaan in Pretoria begin. Tot sy heengaan in 1913 sou dr. Gunning aan die hoof van die Staatsmuseum werksaam bly. In 1899 het hy voorgestel dat Pretoria oor 'n dieretuin moet beskik. Die herdenking van die opening van die dieretuin sou op 14.10.1999 plaasvind.[21] Dit word duidelik dat Dr. J.W.B. Gunning in verband met die museumwese en die oprigting van die Pretoriase dieretuin belangrike baanbrekerswerk verrig het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die verdienste van prof. Dr. G.A.F. Molengraaff lê allereers op die gebied van die geologie. Dit dien vermeld te word dat hy, gelyktydig met sy doktorsgraad in die reeds genoemde rigting, in 1886 ook die doktorsgraad in plant- en dierkunde aan die universiteit van Utrecht (Nederland) verwerf het. In 1897 is prof. Dr. Molengraaff, nadat hy Suid-Afrika reeds in 1890 besoek het, aangestel as staatsgeoloog van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Hy beklee dié pos tot die uitbreek van die oorlog in 1899, organiseer daarna die inligtingsdiens van die Transvaalse tak van die Rooikruisvereniging en keer vervolgens na Nederland terug. Hy vestig hom van 1902-1905 as raadgewende geoloog in Johannesburg. Na sy terugkeer in Nederland het hy, sowel voor as na die tyd, 'n dertigtal studies oor die geologie van Suid-Afrika geskryf.[22) Hy het 'n belangrike bydrae tot die geologiese kennis van ons land gelewer.

3. Die huisvesting van die Staatsmuseum se versamelings.

Daar is reeds vermeld dat die Staatsmuseum in 1892 in 'n lokaal langsaan die klokkekamer in die Goewermentsgebou aan Kerkplein gehuisves was. Op 23.9.1893 het prof. Mansvelt in 'n vergadering van die kuratorium meegedeel dat hy die klein Markgebou, op die Markplein, teen £10:0:0 huur per maand kon huur en as 'n museum kon inrig. 'n Ooreenkoms in dié verband sou 'n jaar geldig wees.[23) In werklikheid sou die huurtydperk tot in 1902 voortduur, maar reeds in 1894 het die kuratorium daarop aangedring dat 'n eie museumgebou spoedig verkry moet word omdat die Markgebou binne afsienbare tyd te klein sou word.[24) In September 1895 is deur die Raad van Kuratore besluit om in die Markgebou te bly, maar op 9.5.1896 is ooreengekom dat Drr. Mansvelt en Fockens, in samewerking met Dr. Breijer, planne in verband met 'n hulpgebou en 'n werkswinkel sou opstel.[25)

In 1896 was die gebouesaak weer aan die orde, maar daar is geen vordering gemaak nie.[26) Op die vergadering van 18.1.1897 is besluit om die regering te versoek om spoedig 'n nuwe museumgebou te verkry, terwyl op 'n volgende byeenkoms verklaar is dat die toestand van die bestaande Markgebou onhoudbaar was. Op die vergadering van 19.7.1897 is daaraan toegevoeg dat die kamer, waarin vergader is, vol museumvoorwerpe staan.[27)

Tydens die vergadering van 22.9.1897, waarop prof. Dr. Molengraaf as lid van die kuratorium verwelkom is, is o.m. aangeteken:

"'t Is hartverscheurend te zien hoe de ratten geknaagd hebben aan alles .... Elken dag worden er 2 of 3 gevangen, maar 't aantal vermindert nie, daar 't Marktgebouw met zijn overvloed van dierlijken en plantaardigen afval een broeinest voor ratten is."[28)

Ook in ander opsigte was die museumgebou nie toereikend nie omdat die veiligheid sowel in 1897 as in 1899 in die gedrang gekom het. In 1897 is die ontvreemding van gedenkpennings en al die papiergeld gerapporteer en in 1899 het Dr. Gunning die volgende geval van diefstal aan die kuratorium meegedeel. Op 'n tentoonstelling in Grahamstad het hy die Bybel van die Voortrekkerleier Jacobus Uys gesien. Dié kosbare kleinood was tot kort gelede in die Pretoriase Staatsmuseum aanwesig. Dr. Gunning het

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die teenwoordige eienaar geskryf om dié geskiedkundige Bybel weer in besit te kry. Verder het hy op dieselfde tentoonstelling nog 'n museumvoorwerp, t.w. Dingaan se stoel, gesien.[29)]

Op die kuratorium se vergadering van 19.11.1897 is verklaar dat die beplanning van 'n nuwe museumgebou verder gevorder het. Tekeninge is vervaardig en die Hoof van die Departement van Publieke Werke (S. Wierda) is gemagtig om tenders te vra.[30)] In 1898 was daar ewewel geen verdere vordering te bespeur nie.[31)] Dit is onbekend wat die vertraging veroorsaak het, maar op 14.7.1899 het die kuratorium besluit om die Staatspresident te vra om die hoeksteen van die nuwe Staatsmuseum op 22.7.1899 te lê. Indien die staatshoof nie aan die versoek kon voldoen nie, dan sou prof. Dr. N. Mansvelt genader word.[32)] Die hoeksteen is op die genoemde datum deur prof. Dr. N. Mansvelt gelê.

Volgens A.K. Haagner is in 1898 begin met 'n dieretuin. Dit was 'n paar hokke agter die Markgebou.[33)] Op 17.2.1899 het die kuratorium die toegangspryse tot die lewende diere-afdeling op 6d. vir volwassenes en 3d. vir kinders vasgestel en 'n paar maande later is vermeld dat sedert 18.2.1899 2000 betalende persone die lewende diere besigtig het.[34)] Op 14.4.1899 het die regering 'n bedrag van £200:0:0 vir dierehokke beskikbaar gestel.[35)] Ook van die kant van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij (NZASM) is 'n geskenk van £500:0:0 ontvang, terwyl bekende Pretorianers soos T.W. Beckett, dr. Herman J. Coster, Julius Jeppe en A. Johnston ook geldelike bydraes gegee het. Die oorplasing van die diere na "Rus-in-Urbe" aan Boomstraat het volgens die genoemde skrywer "omtrent het midden van het jaar 1899" plaasgevind.[36)] Volgens 'n resente persberig sal die stigting van die dieretuin op die huidige terrein op 14.10.1999 herdenk word.[37)]

Hierdie vorderinge wat sedert die begin van 1893 gemaak is, kom op rekening van die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek, die kuratorium van die Staatsmuseum en die dieretuin, en die toegewyde amptenare wat aan die inrigting verbind was.

Die kuratorium het op 4.5.1900, ruim 'n maand voor die begin van die Britse besetting van Pretoria, in die Staatsmuseum vergader. Aanwesig was: prof. Dr. N. Mansvelt (voorsitter), prof. Dr. G.A.F. Molengraaff, Geo. Leith, Dr. H.G. Breijer en Dr. J.W.B. Gunning.[38)]

In 1899 is 'n subsidie van £6000:0:0 aan die museum verstrek wat hoofsaaklik vir die vorming van 'n biblioteek uitgegee is.[39)]

## 4. Voorbeelde van aanwinste

In die geraadpleegde notuleboek kom hier en daar vermeldings in verband met aanwinste voor. Onder 30.5.1893 is o.m. aangeteken dat Dr. Leyds die kuratorium opmerksaam gemaak het op die bestaan van 'n dooie arend. Dié roofvoël het as model gedien vir die wapen van die republiek wat in die voorgewel van die Goewermentsgebou aangebring was. Daar is besluit om die arend te laat opstop.[40)]

Tydens die vierde vergadering van die kuratorium op 22.6.1893 is 'n brief van die mynkommissaris van Heidelberg, P. Viljoen, behandel. Sy grootvader was die bekende Voortrekkerleier Pieter

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Retief (1780-1838) en Viljoen het die groot Bybel en 'n gesangboek van die heengegane besit en die kosbare voorwerpe aan die Staatsmuseum geskenk.[41)] Op dieselfde vergadering is besluit om in te gaan op 'n aanbod om 'n herbarium van Suid-Afrikaanse plante aan te koop. 'n Ander manier om versamelings uit te brei was deur middel van jagekspedisies wat deur die taksidermus P.A. Krantz in 1893, 1895 en 1896 onderneem is. In laasgenoemde jaar het Krantz sonder toestemming van die regering op jag gegaan en is hy geskors.[42)] Verder is bekend dat Dr. Gunning gedurende die tweede helfte van 1896 besig was om die museumversamelinge te katalogiseer en te rangskik.[43)]

Op die vergadering van 19.5.1897 is dank teenoor sir Donald Currie (1825-1909), 'n Skotse skeepseienaar, betuig vir 'n model van die 'Dunvegan Castle' wat deur hom aan die museum aangebied is. Kort daarna het Carl Jeppe (1858-1933), 'n regsgeleerde en sakeman, 'n witrenoster as 'n geskenk aangebied. Dié renoster het omstreeks 16.8.1897 aangekom.[44)]

Op 22.6.1897 is aangeteken dat Fillis se sirkus die lyk van 'n Indiese olifant aangebied het opdat die vel en die geraamte bewaar kon word. Krantz en Swierstra het 'n week gewerk om alles in orde te kry. Dit is bekend dat die olifant aan tetanus beswyk het.[45)] Die koste om die olifant te slag en op te stop het minder as £200:0:0 bedra.[46)]

In verband met die aantal besoekers aan die Staatsmuseum in 1896 is ruim 60 000 genoem. Ook in 1897 het die publiek belangstelling aan die dag gelê. Dié neiging is deur die steeds uitbreidende versamelinge, o.m. van inheemse en buitelandse opgestopte diere, aangewakker. Die versamelinge van delfstowwe en verstenings is vergroot, terwyl heelwat nuwe aankope en aanwinste as gevolg van onvoldoende ruimte nie uitgestal kon word nie. Krantz het van sy jagtog teruggekeer en bygevolg kon die inheemse diersoorte weer uitgebrei word. Deur skenkings is die munt- en gedenkpenningversameling aanmerklik vergroot.[47)]

Ook in 1898 is belangrike skenkings ontvang. Allereers het die Staatsmyningenieur J. Klimke 'n skildery van Dr. Willem Johannes Leyds, geskilder deur die Johannesburgse skilder Fritz Wichgraf (1833-omstreeks 1920), aan die kuratorium aangebied. Dié geskenk is aanvaar omdat die plan om 'n museum te stig van Dr. Leyds uitgegaan het.[48)] 'n Paar maande later het Dr. F.V. Engelenburg (1863-1938) 'n portret van die drukker en joernalis Johannes François Celliers (1839-1895) in bruikleen aan die Staatsmuseum aangebied.[49)]

In die notuleboek is onder 13.5.1898 aangeteken:

"Eene Mummie in sarcophaag is te koop aangeboden voor £15:0:0 franco te Cairo."

Die kuratorium het besluit om die mummie te koop "mits de echtheid wordt gewaarborgd."[50)] Wie die aanbod gemaak het, is onbekend, maar op 14.4.1899 is aangeteken dat die Staatsmyningenieur J. Klimke die "mummie van Egipte" aan die Staatsmuseum gestuur het.[51)]

Ook in die buiteland, d.w.s. op die Paryse wêreldtentoonstelling (1900), was die Staatsmuseum verteenwoordig. Van Krantz is, met dié doel voor oë, 'n versameling gekoop. In 1898 is vermeld dat vermoedelik 'n bedrag van £407:0:0 vir dieselfde versameling betaal is.[52)]

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

5. In en na die oorlog (1900-1904)

Na die laaste vergadering van die Staatsmuseum se kuratorium, op 4.5.1900 het onder Britse bewind 'n tydlank geen vergaderings gevolg nie. Die nuwe museumgebou aan Boomstraat, Pretoria, is - halfklaar - deur die Britse troepe as 'n militêre hospitaal gebruik.[53] Die eerste vergadering van die "Committee of the Pretoria Museum and Zoological Gardens" het op 6.8.1901 plaasgevind. Aanwesig was: kol. Stencer Ewart (voorsitter), stadsingenieur A. Carlsen, J.G.C. Wagner en Dr. J.W.B. Gunning (direkteur en sekretaris).[54]

As gevolg van die oorlog is die museumgebou eers in 1902 voltooi. Nadat die ou museum as die Markplein geleidelik ontruim is, is die nuwe gebou op 15.12.1904 deur die waarnemende luitenant-goewerneur sir Richard Solomon (1850-1913) geopen.[55]

Haagner vestig die aandag daarop dat Andrew Johnston in 1903 as voorsitter van die bestuur van die museum en die dieretuin benoem is. Hy is in 1920 deur die bankier Hendrik Christiaan Jorissen (1866-1949) opgevolg. Na die dood van Dr. Gunning (1913) is die beheer oor die museum en die dieretuin geskei.[56] Onder Dr. J.W.B. Gunning se beheer is, onder Britse beskerming, die Pretoriase dieretuin tot die bes beplande instelling van sy soort in Afrika uitgebrei.[57]

Aantekeninge

1. Bls.52 e.v. Kyk ook afbeelding 19 teenoor p.38.
2. Ibid., p.54.
3. Notuleboek nr. 1, Transvaalse Museum, Paul Krugerstraat, Pretoria. Tydperk 1893-1901. Die navorsing is in 1953 verrig. "Annals of the Transvaal Museum" nr. 1, deel 1, April 1908. "A short history of the Transvaal Museum" deur Dr. J.W.B. Gunning, p.4 e.v. I.v.m. die huidige Nasionale Dieretuin, Boomstraat, Pretoria: A.K. Haagner, "A Guide to the National Zoological Gardens of South Africa/ Gids voor de Nationale Dierentuin in Zuid-Afrika" (Pretoria, 1921), pp.2-3.
4. Dr. J.W.B. Gunning, "A short history...", p.4.
5. Ibid.
6. Dr. H.G. Breijer was 'n dosent in natuurkundige vakke aan die Staatsgimnasium, Pretoria.
7. Die Staatsgimnasium is op 15.8.1893 geopen.
8. Dr. J.W.B. Gunning, "A short history ....", p.7.
9. Ibid., p.7.
10. Notuleboek, nr. 1, notule 26.10.1986.
11. Ibid., notule 30.5.1893. Die besluit is aan die regering voorgelê.
12. Ibid., notule 8.8.1893, 6.9.1893.
13. Ibid., notule 23.11.1893, 30.3.1894.
14. Ibid., notule 20.7.1894, 12.9.1894, 23.4.1895.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

15. Ibid., notule 11.9.1896, 26.10.1896, 22.11.1896.

16. Ibid., notule 25.2.1897, 4.3.1897. Kyk Dr. J.W.B. Gunning, "A short history ...", p.7. Dr. G. verklaar dat hy in 1896 as direkteur van die Staatsmuseum aangestel is.

17. Notuleboek, nr. 1, notule 26.5.1897.

18. Dr. J.W.B. Gunning, "A short history ...", p.7.

19. Ibid., p.7.

20. Verdere besonderhede oor Dr. G. in die "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek" (Kaapstad, 1977), deel 3, pp.371-372.

21. "The Pretoria News", 18.9.1989.

22. Meer besonderhede oor prof. Dr. G.A.F. Molengraaff in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek" (Kaapstad, 1968), deel 1, pp.576-578.

23. Notuleboek, nr. 1, notule 23.9.1893. Die destydse Markplein is tans die Strijdomplein en omgewing, m.a.w. die blok begrens deur Kerk-, Van der Walt-, Pretorius- en Prinsloostraat, Pretoria.

24. Ibid., notule 19.6.1894.

25. Ibid., notule 19.9.1895, 9.5.1896.

26. Ibid., notule 9.5.1896, 26.10.1896.

27. Ibid., notule 18.1.1897, 22.6.1897, 19.7.1897.

28. Ibid., notule 22.9.1897.

29. Ibid., notule 22.6.1897, 27.1.1899.

30. Ibid., notule 19.11.1897.

31. Ibid., notule 15.4.1898, 9.9.1898.

32. Ibid., notule 14.7.1899. President Kruger het die opening van die Staatsmuseum in die Markgebou op 15.5.1894 verrig. Kyk "Nuusbrief, Genootskap Oud-Pretoria", September 1989, pp.2-3, Jan Ploeger, "Die Staatsmuseum", o.m. met verwysing na "De Volksstem", 16.5.1894. Foto van hoeksteenlegging S.P. Engelbrecht e.a., "Eeufees-Album" (Pretoria, 1952), p.48. Die nuwe Staatsmuseum is beskryf en van 'n tekening voorsien in Hannes Meiring, "Pretoria 125" (Kaapstad, 1980), p.42.

33. A.K. Haagner, "A Guide to the National Zoological Gardens of South Africa" (Pretoria, 1921), pp.2-3). Teks: Engels/Nederlands.

34. Notuleboek nr. 1, notule 17.2.1899, 14.4.1899.

35. Ibid., notule 14.4.1899.

36. A.K. Haagner, ibid., pp.2-3. - "Rus in urbe" beteken landelikheid in die stad

37. "The Pretoria News", 18.9.1989.

38. Notuleboek nr. 1, notule 4.5.1900. George Leith (1852-1903) was 'n wetsagent in Burolaan, Pretoria, aldus T.E. Andrews, "God's Acre Church Street Cemetary" (Pretoria, 1987), pp.72-73.

39. Dr. J.W.B. Gunning, p.7, notuleboek nr. 1, notule 14.10.1898.

40. Notuleboek nr. 1, notule 30.5.1893.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

41. Ibid., notule 22.6.1893. V. het gemeen dat sy suster en neef die gebedeboek moes besit wat in 'n leertassie by die stoflike oorblyfsels van Retief gevind is. Hy sou diê boek probeer kry.

42. Ibid., notule 8.8.1893, 23.4.1895, 18.1.1897.

43. Ibid., notule 22.11.1896.

44. Ibid., notule 19.5.1897, 22.6.1897, 16.8.1897.

45. Ibid., notule 22.6.1897.

46. Ibid., notule 19.7.1897.

47. "Staats-almanak van Zuid-Afrikaansche Republiek - 1898" (Pretoria, 1897), pp.84-85.

48. Notuleboek nr. 1, notule 26.8.1898.

49. Ibid, notule 9.12.1898.

50. Ibid., notule 13.5.1898.

51. Ibid., notule 14.4.1899. In "Rekord" (Pretoria) van 1.9.1989 is, onder die opskrif "'n Mummie in lewende lywe!" berig dat die mummie in 1989 op die Pretoriase skou uitgestal was. Verder is meegedeel dat die rugkant verkrummel en X-straal foto's aangetoon het dat die geraamte redelik los is. Die mummie dateer uit 175 n.C. en is van 'n man van ongeveer 35 jaar en is uit die Fayumstreek afkomstig.

52. Ibid., notule 19.7.1897, 14.10.1898. In laasgenoemde notule is o.m. ook vermeld dat 'n sekere Blaauw van Lisse (Nederland) as 'n tweede taxidermis aangestel is.

53. Hannes Meiring, t.a.p., p.42.

54. Notuleboek nr. 1, notule 6.8.1901.

55. Dr. J.W.B. Gunning, t.a.p., p.7.

56. A.K. Haagner, t.a.p., p.3.

57. L.S. Amery (editor), "The Times History of the War in South Africa 1899-1902" (London, 1909) vol. 6, p.30.

Naskrif van die redakteur

Die Dr. J.W.B. Gunning-sitbank in die Nasionale Dieretuin te Pretoria herinner aan hom as stigter van die Dieretuin.

Die tydskrif "Museum-Memo" van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria, jaargang 18 no. 1, Maart 1990, p. 14-18, bevat 'n artikel van mev. Petra van Zyl getitel "Die Gunning-prenteversameling in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, deel een" met 'n reproduksie van Gunning se geskilderde portret.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Geskilderde portret van Dr. Jan Willem Boudewijn Gunning, 1860-1913.*
*Met dank aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

BURGERKOMITEE VIR DIE BEWARING EN RESTOURASIE VAN KERKPLEIN / CITIZENS' COMMITTEE FOR THE PRESERVATION AND RESTORATION OF CHURCH SQUARE

Kerkplein Pretoria 1990

Pretoria se Kerkplein bly steeds op die voorgrond in Pretorianers se gemoedere. Die Wesfasade-geboue se behoud of sloping is gelukkig nie meer 'n strydvraag nie. Die nuus dat die Administrasie Volksraad die suidelike helfte van die Wesfasade wil betrek, het die bewaringsmense se belangstelling egter weer geprikkel. Daar is met waardering kennis geneem dat, benewens ministerskantore, daar ook winkels en toeganklike kantore kom. En dat die Oos-fasade, die Tudorgebou, ook 'n gelukkige toekoms tegemoet gaan, word verwelkom. Dan, die Plein self, sy toekoms moet nog uitgewerk en verseker word.

Kerkplein is die hart van Pretoria, seker die belangrikste stedelike plein in Suid-Afrika.

As mens die Plein op 'n afstand beskou, kan mens verskillende elementiese aspekte van mekaar onderskei. Dan doen vier aspekte hulself dadelik voor: die stedelike omgewingsaspek, die argitektoniese, die historiese en die bloot menslike aspekte.

Toe die eerste Voortrekkers teen 1842 begin het om hulle te vestig in die omgewing van die Apiesrivier, op die plaas Elandsfontein wat gestrek het vanaf Fonteinedal tot die Dieretuin, was die geboorte van Pretoria verseker. Hulle, die Bronkhorsts, Minnaars e.a., was die eerste Pretoriane, die pioniers. Vir 'n dorp om te ontstaan moet daar mense wees, dit was hulle.

In 1854 word besluit om 'n kerkplaas te proklameer. Kommandant-Generaal M.W. Pretorius stem, op advies van ds. Dirk van der Hoff, toe tot 'n vyfde Transvaalse gemeente.

Louis en Lionel Devereaux teken die grondplan vir die nuwe kerkterrein - so word Kerkplein bepaal. Drie morge grond word uitgesoek deur Kommandant-Generaal Pretorius, sy sekretaris Jan Visagie en ouderling Jacobus (Koos Tiernek) Erasmus. Die Devereaux-broers en William Skinner en Jan Visagie doen die afbakening. William Skinner en die Devereaux-broers ontwerp die kerk. Die drie here vorm 'n boukontrakteursfima en voltooi in 1856 die bou van die kerk wat in 1857 deur ds. Van der Hoff ingewy word.

Dit duur 'n rukkie voordat Pretoria sy eerste vaste predikant kry. Hy was ds. A.J. Begemann. Hy laat in 1865 'n konsistorie en vleuel aan die kerk bybou deur Devereaux, Devereaux en Skinner. Pretoria se eerste gevestigde winkelier en "digter" Albert Broderick vier die gebeurtenis deur in 'n rympie na die kerk te verwys met: "with your DDS initials standing on your gable there".

In 1882 word die grasddakkerk deur weerlig getref en brand af. In sy plek kom daar, in 1885, Transvaal se eerste toringkerk, ontwerp deur Tom Claridge en gebou deur Marinus Franken. Claridge het ook die Krugerhuis in Kerkstraat ontwerp.

Teen die tyd was Pretoria al die ZAR se hoofstad en 'n heel bedrywige dorp. Rondom die Plein was dit al toegebou. Die hui-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dige Raadsaal vervang in 1888 die ou enkel verdieping Raadsaal. Die Law Chambers verrys in 1893. In 1892 kom die Nationale Bank langs die ou Poskantoor en voor die ou Staatsmunt te staan. Bouwerk aan die Paleis van Justisie begin in 1896 én argitek W.J. de Zwaan se Nederlandse Bankgebou word voltooi.

Teen 1899 was die Plein al so bedrywig dat die gemeente besluit het om die kerk aan die ZAR-regering te verkoop vir 50000 pond, met dien verstande dat die kerk behou word om 'n kulturele doel soos 'n museum te dien.

Na afloop van die Boere-Oorlog vrees die Britse Koloniale owerheid egter nog die nasionale gees van die Boere. Anton van Wouw se Krugerstandbeeld het gedurende die oorlog al in Delagoabaai aangekom. Die beeldegroep was bedoel vir Kerkplein, die voetstuk was al gebou. Die vier burgerfigure beland in Engeland en die Krugerbeeld word eers in 1912 in Prinsespark geplaas. Later in die twintigerjare kom die beeldegroep op Stasieplein tereg en beland eers in 1954 op Kerkplein.

In 1904 deel die Transvaalse Koloniale owerheid die publiek mee dat die kerk bouvallig en gevaarlik geword het, die toring is glo deur weerlig getref. Daarom moet die kerk gesloop word. Dit kos 'n groot stoomtrekker egter baie moeite om uiteindelik die toring omgetrek te kry.

Die nuwe skoon Plein, met 'n mooi Victoriaanse gietyster spuitfontein (tans in die Dieretuin) in die plek van die Krugervoetstuk, word in 1905 aan die Stadsraad van Pretoria oorgedra. Perdetrems is as openbare vervoermiddel ingestel, om teen 1911 gevolg te word met elektriese trems. Daar was daardie dae al groot openbare rusies oor die tremroetes oor die Plein. Dit word besleg deurdat die tremspore om die Plein gaan.

In 1910 met Uniewording, was die Plein nog 'n groot stuk grond wat effens skuins na die Noorde geloop het. Dit was 'n stowwerige of modderige plek, maar die bedrywige hart van 'n toe al belangrike en groot dorp.

"Die Volksstem" se redakteur, dr. F.V. Engelenburg (die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns is vandag in sy huis gevestig) en argitek Willem de Zwaan stel in 1910 voor dat die Plein behoorlik uitgelê moet word. Die Stadsraad gee opdrag aan Poole en Barber om 'n ontwerp te maak en bouer M.G. van R. Mostert se tender van 36000 pond word aanvaar. So kom die Plein tot sy voorkoms soos ons hom vandag nog ken.

Benewens die inhuldigings van Staatspresidente T.F. Burgers en S.J.P. Kruger (ZAR) en C.R. Swart en B.J. Vorster (RSA), het Kerkplein veel beleef, soos Sir Theophilus Shepstone se inhuldiging in 1877, die strykings van die Vierkleur en hysings van die Union Jack met die Anneksasie en later met die val van Pretoria op 5 Junie 1900.

So is die Plein, en veral sy westelike helfte, 'n konkrete versinnebeelding van die ontwikkeling van Suid-Afrika. Hier verteenwoordig is die neerslag van die Voortrekkers, stigters van Pretoria, latere Britse pioniers en Nederlandse bydraers tot die uitbou van die ZAR. Die geboue simboliseer die samewerking wat ontstaan het tussen Boer, Brit, Jood en Nederlander. Die Plein en sy geboue verteenwoordig benewens die huidige republiek, drie groot eras in ons geskiedenis - die ZAR, die Transvaalkolonie

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en die Unie van Suid-Afrika. Veral die Wesfasade se geboue staan as tasbare bewyse van ons voorouers se energie en vooruitgang, 'n volkserfenis vir ons en ons kinds-kinders. Dié insig word vandag as vanselfsprekend aanvaar, maar daar was diegene wat eens dit anders wou.

In 1947 word daar al in die Transvaalse Provinsiale Administrasie gemeen dat dit tyd geword het dat die TPA sy eie hoofkantoorgebou moet kry. In 1949 word so besluit en die stadsblok Kerkplein en Parlementstraat, Kerkstraat, Bosmanstraat, Pretoriusstraat word uitgekoop. Teen alle protes in word die ou ZAR Landdroskantoorgebou in Pretoriusstraat, die ou winkels in Bosmanstraat en 'n paar ander gesloop en die huidige TPA-geboue verrys daar in 1953.

Uit hierdie omstandighede het die Genootskap Oud-Pretoria onder andere sy ontstaan in 1948 te danke. Die GOP was die eerste vegter vir die behoud van die Wes-fasade.

Met 'n wakende oog steeds op die Wesfasade het bewarings-bewuste Pretorianers in 1965 dadelik opgetree toe dit bekend word dat die provinsiale en sentrale owerhede 'n grandiose plan het wat strek vanaf Markplein (Strydomplein) tot by Potgieterstraat.

Dit sou insluit die sloping van die hele Wesfasade en die vervanging deur ultra moderne geboue vir die Poskantoor en TPA. Op die hoeke van Kerkstraat en Kerkplein-Wes sou twee magtige toringblokke van 50 verdiepings elk kom.

Groot protes volg. Op my inisiatief word die eerste poging tot gesamentlike optrede geloods met 'n vergadering in die Constantiaklub waar twaalf liggame verteenwoordig was. Die vergadering besluit om afvaardigings te stuur na die Administrateur, Minister van Poswese (die stryd vir die behoud van die ZAR se Staatsgimnasiumgebou het indertyd ook nog gewoed) en Minister van Openbare Werke. Die afvaardigings se pleidooie word kortweg afgewys.

'n Kerkpleinwet kom met 'n amptelike Kerkpleinkomitee om beplanning te koördineer. Die toe al bestaande en nou ontbinde Hoofstadsbeplanningskomitee, geskep deur dr. Verwoerd, word geïgnoreer. Die protes neem in omvang en hewigheid toe, later tot by die Eerste Minister.

Toe kom daar die aankondiging dat van die toringblokke afgesien sal word en dat die Nederlandse Bankgebou behou sal word, die res word gesloop. Eers verligting by die bewaringsmense, dis ten minste 'n gedeeltelike oplossing. Maar die idee het nie ingeslaan by die betrokke owerheid as ontwikkelaars vir nuwebou of by die bewaringsmense nie. Dus die stryd word voortgesit.

Liggame soos die Genootskap Oud-Pretoria, Stigting Simon van der Stel, S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Studiegroep van Pretoriase Argitekte, Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein en andere, neem deel aan die stryd vir die behoud van die Wesfasade.

Teen die tyd het ons al 1974 bereik en die owerhede en senior politici raak baie kriewelrig vir die bewaarders wat net nie wil stil bly nie. Daar word van owerheidskant gesê basta nou. Die druk laat die Stigting Simon van der Stel hom onttrek aan direkte deelname aan die bewaringstryd.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Dit gee direk aanleiding tot die ontstaan van die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein, wat toe die leiding van die bewaringstryd oorneem. Die Burgerkomitee is 'n komitee van mense wat verteenwoordigend is van 'n snit van die publiek - Afrikaans- en Engelssprekend, gebore Suid-Afrikaners en immigrante, Protestant, Jood en Katoliek, sakeman en kultuurman, mans en vroue, alle politieke menings, mense uit die vier hoeke van Pretoria.

Ander bewaringsmense raak ook lugtig en versigtig en onttrek. Andere waarsku dat dit juis kan lei tot die opvatting, by die owerhede, dat die publiek die sloping op die ou end tog sal aanvaar. Van die mense het teen dié tyd ook al daarop gewys dat die bewaringstryd op 'n dieper beginsel berus as net die historiese en argitektoniese waardes van die Plein en sy geboue, pertinent die Wesfasade. Dit het 'n uiting van volkswil vir bewaring geword, die burgers, die publiek as ware eienaars, wil hulle Wesfasade bewaar, gerestoureer en benut hê. Die Burgerkomitee het baie sterk op daardie standpunt aanspraak gemaak. Die Wesfasade was toe die fokuspunt, maar die einddoel was die restourasie en omskepping van die hele Kerkplein tot 'n waardige mensvriendelike plein.

Die Burgerkomitee reël toe die groot saamtrek op Kerkplein van 25 Julie 1975. Die publiek kry kans om te praat en hul stem vir of teen bewaring uit te bring. Geen praat teen en 7000 handtekeninge word dié Saterdagoggend verkry, plus 'n verdere 22000 stemme by wyse van briewe, telegramme en boodskappe van oral in die land. Die Pleitskrif word op 5 Augustus 1975 by die Eerste Minister se kantoor ingehandig tesame met 'n skildery, deur C. Brotherton, van die Wesfasade. Maar tevergeefs, die slopingsbesluit bly. In dié tyd het die Burgerkomitee deurlopend hoë perspublisiteit op die Kerkpleinkwessie gefokus. Met medewerking van die vier Pretoriase koerante, "Pretoria News", "Beeld", "Hoofstad" en "Oggendblad", is 'n stembrief gepubliseer waarop die publiek oorweldigend vir die behoud van die Wesfasade en die restourasie van die hele Kerkplein gestem het.

Toe kom daar 'n deurbraak. Die destyds heersende ekonomiese slapte en finansiële druk bring uitstel van die slopingsplanne. Ondertussen kom daar nog 'n "bondgenoot" in die vorm van tegnologiese ontwikkeling na vore. Die Poskantoor besluit op 'n volelektroniese telefoonstelsel vir die land, wat baie minder ruimte verg en aanvanklik duurder is as die voorheen beoogde stelsel. Die Poskantoor het dus minder vloerarea en meer geld nodig en kondig aan dat hulle die Noordelike deel van die Wesfasade nie meer gaan sloop nie, hulle gaan restoureer en herbenut!

Dit bring groot vreugde by die bewaarders, want daar is strykdeur die owerhede gesê dat dit 'n beginsel is dat die hele Wesfasade as 'n eenheid ontwikkel moet word, die TPA se Suidelike en die Poskantoor se Noordelike helftes moet eenvormig harmonieer. Dus as die Poskantoor sy deel nie gaan sloop nie, moet die TPA noodwendig ook bewaar, so is altans gemeen. Die Burgerkomitee het voorlopig aanvaar dat die Wesfasade gered is, maar versigtigheidshalwe besluit om net in reses te gaan totdat die ideaal wel verwesentlik is.

In Mei 1979 word aangekondig dat die TPA tog gaan sloop, die beginsel van eenvormige ontwikkeling is vergete. Die stryd om die bewaring en restourasie van die Wesfasade begin opnuut.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Die Burgerkomitee vir die Bewaring en Restourasie van Kerkplein vergader weer. Dat dit die wil van die burgers is dat die Wesfasade behou moet word, is duidelik. Die Burgerkomitee betrek ander liggame en vorm die Koördinerende Kerkpleinkomitee waarin 36 liggame verteenwoordig is. Die Burgerkomitee is die liggaam waarin persone verteenwoordig is, in die KKK is liggame verteenwoordig. Daar word 'n groot uitstalling op Kerkplein gereël, 'n Kerkplein-simposium gehou en 'n musiekrevu in die Musaion aangebied en weer 'n persstemming gereël wat weer toon dat die publiek 'n Plein vry van busse wil hê.

Kort hierna voeg nog 'n liggaam hom tot die bewaringsgeledere, die Beweging Red Kerkplein van die Federale Vroueraad Volksbelang. Dié liggaam behaal groot sukses met die betrek van veral Afrikaanse vroueverenigings by die stryd en die insamel van geld. In 1986 kon die BRK R180 000 aan die TPA oorhandig as bydrae tot die restourasiekoste van die ou Nederlandse Bankgebou. Die BRK kon ook die Burgerkomitee finansieel in staat stel om die Capitolteater se Wurlitzer-orrel in Pretoria terug te bring. Die BRK is steeds aktief en ingestel op die hele Kerkplein se toekoms.

Die Burgerkomitee aanvaar met vreugde die finale fase van die Wesfasade-sage, maar bly steeds by sy oorspronklike breëre doelstelling, die hele Kerkplein moet weer 'n mensvriendelike lewende hart van Pretoria word. Busse en verkeer weg, mense terug. Paul Kruger in die middel, nuwe plaveisel, water en kleur, vlooimark, opelugkafees, blommeverkopers. Met dit en winkels en kantore en 'n gerestoureerde Capitolteater, met sy Wurlitzer-orrel as multidoelige sentrum, sal Kerkplein weer lewe.

Die BRK, Stigting Simon van der Stel, Genootskap Oud-Pretoria en die Burgerlike Trust Pretoria onderskryf almal ook dié doel. Daarom dat die Stadsraad van Pretoria se middestadsontwikkelingsplanne fyn dopgehou word. Al die liggame is ook bevoorreg om saam te werk in die Komitee vir Nouer Skakeling tussen die Stadsraad en Bewaringsinstansies. Kerkplein kry wel deeglik hier aandag wanneer sy toekoms ter sprake kom. Pretoria en Suid-Afrika gaan uiteindelik 'n nuwe trotse Kerkplein hê.

W.J. Punt
20 April 1990


-o-

Boek oor Kerkplein Pretoria

Wyle Dr. H.M. Rex het in 1975 die boekwerk "Kroniek van die Wes-fasade - Chronicle of the Western façade", saamgestel. Dit het verskyn as "Pretoriana" No. 72, Desember 1975, bevat 'n herdruk van talle artikels in koerante en tydskrifte en verslae van Kerkplein en baie afbeeldings en tel 248 bladsye.

Die boek is in 'n beperkte aantal verkrygbaar vir R11,00, posgeld vir land- en seepos ingesluit, na bestelling by mnr. A. Jansen, bestuurslid van ons Vereniging, Posbus 4063, Pretoria, 0001.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




*Uitsig op Kerkplein en Kerkstraat Wes in Pretoria vanaf die Nederduitsch Hervormde kerkgebou op die Kerkplein; regs op die voorgrond is die eertydse hoofposkantoor; die foto is van omstreeks 1885.*
*Foto uit Cross-versameling in Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Die wesfasade van Kerkplein in Pretoria met die ingang na Kersktraat-Wes, in 1976.*
*Foto Frik Dreyer*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# LEWENSKETS VAN PETRUS HUBERTUS BOUTEN (1857-1952), OUD-NZASM-MAN

deur C. de Jong

In 1941 het die in Nederland gebore oud-NZASM-amptenaar P.H. Bouten te Pretoria sy herinneringe aan sy loopbaan by die NZASM in 'n brosjure gepubliseer. Veral sy werk ter voorbereiding van die aanleg van die Oosterlyn tussen Komatipoort en Pretoria neem daarin 'n groot plek in.

Met die oog op die gehoopte komende herdenking in 1995 van die feestelike opening van die Oosterlyn in 1895, 100 jaar gelede, het die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika) te Pretoria die borsjure van 'n inleiding laat voorsien en 100 eksemplare in faksimilee met byvoeging van afbeeldings herdruk vir verspreiding. Die inleiding is opgestel deur C. de Jong en bevat onder meer 'n lewenskets van P.H. Bouten. Hieronder volg 'n herdruk daarvan.

In 1987 is in Transvaal die stigting van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM), 100 jaar gelede, herdenk, ondermeer deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë. Die herdenking was aanleiding vir die herdruk van die brosjure "De Delagoabaai-spoorweg, Een terugblik". Dit is in 1895 anoniem gepubliseer deur die koerant "De Volksstem". Die skrywer was Dr. F.V. Engelenburg, hoofredakteur van die koerant. Die brosjure is in 1987 heruitgegee deur die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika) te Pretoria.

In 1995 sal dit 'n eeu gelede wees dat die belangrike spoorweg tussen Delagoabaai en Pretoria geopen is. Dié jaar is tans nie ver meer nie. Daarin vind ek aanleiding om as aanvulling van Engelenburg se brosjure die herinneringe van P.H. Bouten, 'n bekwame werknemer van die NZASM, te herpubliseer. Hy beskryf sy aandeel in die aanleg van die Oosterlyn of Delagoabaai-spoorweg en sy bedrywighede tot sy verbanning deur die Britte uit Suid-Afrika in 1900. Hieronder volg biografiese besonderhede oor hom.

Petrus Hubertus Bouten was een van die pioniers van die NZASM in Transvaal[1)] en een van die min NZASM-werknemers wat sy herinneringe opgeskryf en gepubliseer het in die brosjure "De aanleg van 't Oosterspoor", wat nou herverskyn. Dit is in 1941 in 'n redelik klein aantal eksemplare versprei en verdien 'n herdruk.

Hy is as kind van Rooms-Katolieke ouers gebore op 30 Desember 1857 in die Limburgse dorp Blerik by Venlo in Suid-Nederland. Hy het 'n egte spoorwegpionier geword en sy loopbaan begin by die Nederlandse staatspoorweë. Sy eerste werk van belang was assisteer by die opmeting vir 'n nuwe spoorlyn van Amersfoort deur die Gelderse Vallei na die dorp Rhenen aan die Ryn. Daar oorbrug die spoorweg die Ryn. Hy het gewerk onder Ir. (ingenieur) C. Groll, seun van die marinehoofoffisier en telegrafie- en spoorwegdeskundige in Oos-Indië, J. Groll. Die Nederlanders D. Maarschalk en J. Groll het ruim ervaring by spoorweë in Oos-Indië verwerf. Hulle was die eerste houers van die konsessie wat die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in 1884 vir die aanleg van 'n spoorlyn tussen Komatipoort en Pretoria toegestaan het. Dié spoorweg is die Oosterlyn genoem. 'n Ander maatskappy sou 'n lyn van Delagoabaai na Komatipoort aanlê. Die Oosterlyn sou die ZAR onafhanklik van in- en uitvoer oor hawens onder Britse vlag en van Britse bemoeienis maak. Dit was 'n ideaal van die Transvalers sedert die Groot Trek. Die NZASM sou dié ideaal verwesenlik.

J. Groll het sy seun - ook 'n spoorwegdeskundige - oorreed om werk by die op te rigte maatskappy in Transvaal te aanvaar. J. Groll is reeds in 1885 en D. Maarschalk is in 1886 oorlede, maar hul konsessie is oorgeneem deur Ir. R.W.J.C. van den Wall Bake. Ook hy was 'n ervare en ondernemende spoorwegman en hy het bereik dat die NZASM op 21 Junie 1887 in Amsterdam amptelik gestig is.

Ir. C. Groll het in diens van die NZASM getree en na Transvaal vertrek. Tydens die opmeting van die spoorlyn van Amersfoort na Rhenen het hy Bouten oorreed om ook diens by die NZASM te neem en hom te volg. Bouten was 32 jaar, ongetroud, en die avontuur het hom aangelok. Die salaris by die NZASM was aantreklik en hy het in 1889 'n kontrak van vier jaar met die Maatskappy gesluit. Sy eerste taak sou die opmeting en voorbereiding van die Oosterlyn as hoofopsigter wees. Hy het in Oos-Transvaal gewerk onder Ir. C. Groll en daarna Ir. Theo Steinmetz. Hy het met biede goed saamgewerk en hulle het sy hoë agting geniet.

Hy het die grootste deel van sy eerste vier jaar kontraktyd in primitiewe omstandighede deurgebring in die weens siektes gevreesde Laeveld van Oos-Transvaal. Hy het gelewe in klein tente op eentonige kos van rys, uie en blikkiesvleis, slegs met wildsvleis afgewissel. Onaangenaamhede van die klimaat was hitte en stortreëns tydens donderstorms. Insekte het gepla: rysmiere het houtwerk opgevreet en muskiete het malaria veroorsaak waarteen kinine nie altyd gehelp het nie. Tsetsevlieë het osse en beeste en perdesiekte het perde laat vrek. Leeus het meermale osse, perde, muile en donkies geroof. Die Laeveld was destyds weens al die beproewings baie dun bevolk met swartes en blankes. Die hedendaagse leser van Bouten se herinneringe kry groot respek vir die inspanning en ontberings van die NZASM-personeel en die gevare wat hulle moes deurstaan, ookal was die sterfte onder hulle heelwat minder as wat vroeër dikwels beweer is.

Bouten maak egter selde melding van ernstige moeilikhede met die swart personeel. Afgesien van siekte en plae is die NZASM-werkers somtyds gekwel deur eensaamheid en verveling. Dit is geen wonder dat hul humeure somtyds prikkelbaar was en dat hulle onvriendelike briewe gestuur het aan hul opdraggewers by die NZASM wat gerieflik in Pretoria gewoon het nie. Ir. G.A.A. Middelberg, direkteur van die NZASM in Pretoria, kla in 'n brief aan Van den Wall Bake in 1890: "Steinmetz is weer onhebbelijk geweest. Zijne gewoonte is, zoo nu en dan brutale brieven te schrijven." Brutaal beteken astrant.

## Na die pionierstyd

Na vier jaar opmetingswerk vir die toekomstige Oosterlyn het Bouten 'n welverdiende verlof in Europa deurgebring en na

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Transvaal teruggegaan. Hy is belas met toesig op die aanleg van die Oosterlyn deur aannemers en onderaannemers. Hulle het merendeels uitstekende werk verrig, mede danksy strikte toesig van NZASM-opsigters soos Bouten. Hy wei uit oor die bou van die lang spoorbrug oor die Groot Olifantsrivier by Middelburg. Ten behoewe van die aanleg van die Suidoosterlyn tussen Elandsfontein (nou Germiston) en Volksrust was hy in 1894-95 sewe maande werksaam op die NZASM-hoofkantoor te Pretoria. Hy is gedetasjeer op Springs, was daar organisator en seremoniemeester van die viering van koningin Wilhelmina se verjaardag in 1897 en 1898 en het die planting van die Koningin-Wilhelminaboom op Springs by haar troonbestyging in 1898 bygewoon.

Na voltooiing van die NZASM-lyne is hy aangestel by die Afdeling Weg en Werken en belas met toesig op onderhoud en vernuwing. Onder sy toesig is 'n nuwe stasiegebou en personeelwonings op Springs gebou. Daar het hy die onderwyseres mejuffrou Van Rossum ontmoet. Sy was opgelei in die kweekskool te Arnhem in Nederland. Hulle het getrou, maar geen kinders gekry nie.

Hy is verplaas na Johannesburg en belas met toesig op die Suiderlyn tussen Johannesburg, Elandsfontein en Vereeniging. Toe die Anglo-Boere-oorlog in Oktober 1899 uitbreek, het hy net soos die ander NZASM-personeel op sy pos gebly. Die Britse troepe het op 31 Mei 1900 Johannesburg beset. Hy het in die NZASM-kantoor in die stad agtergebly - ongetwyfeld met goedkeuring van sy direksie. Die Britse spoorwegbestuur het hom daarna belas met die organisasie van die vervoer van gedeporteerde NZASM-werknemers en hul gesinne na die inskepingshawens. Dit was 'n baie ondankbare taak wat egter noodsaaklik verrig moes word. Ook Bouten en sy ega is verban.

Die Britte het veel respek vir die NZASM-personeel getoon, ook vir Bouten. Hy is aangestel by die spoorwegaanleg in die Britse kolonie Nigerië. Na die Vrede van Vereeniging in 1902 het hy en sy vrou na Suid-Afrika teruggekeer. Sy beroep in die volgende jare is my onbekend. Hy het in die laaste twee dekades van sy lewe in sy eie huis, Villastraat 42, Sunnyside, Pretoria, gewoon. Sy eggenote is daar in 1940 oorlede. Vanaf 1938 het mej. Maria Venter as huishoudster sy vrou en hom tydens hul laaste siekte voortreflik versorg. Hy is op 18 Februarie 1952 oorlede. Hy was van huis uit Rooms-Katoliek en 'n Rooms-Katolieke geestelike het in die sterfhuis op 19 Februarie 'n uitvaartdiens gelei.

C. Plokhooy, redakteur van die "Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika" te Pretoria, berig in die uitgawe van 1 Maart 1952 (jaargang 22 no. 5, p.12-13) oor Bouten se lewenseinde: "In de vroege morgen van 18 Februari l.l. overleed na een langdurig lijden de Heer Petrus Hubertus Bouten in de ouderdom van 94 jaar en 1½ maand te zijnen huize aan de Villastraat 42 te Pretoria. Zoo ging onze oudste Nederlander heen. Zijn hoge ouderdom wees op zijn krachtig gestel. Tot voor minder dan een jaar geleden stapte deze oude heer nog alleen langs de straten van Pretoria en was hij nog vol geestkracht.

"Hij had een merkwaardig geheugen en kon tot in de puntjes, met naam en toenaam, met plaats en tijd zich allerlei herinneren uit ver vervlogen dagen. En dat deed hij graag. Jammer, dat

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

hij een grief koesertde tegen sommige beheerders van de oude N.Z.A.S.M. en het leek wel of hij daaromtrent voortdurend bitterder werd. Dit en het verlies van zijn echtgenote een twaalftal jaren geleden, schoof een schaduw over zijn leven, dat anders nog aangenamer had kunnen zijn. Hij was finantieel onafhankelijk en genoot een pracht van gezondheid, als weinigen gegeven is, op zulk een hoge leeftijd."

Inderdaad het min Nederlanders in Suid-Afrika so oud as Bouten geword, hoewel ook hy in die pionierstyd van die NZASM aan malaria en maagkoors gely het.

In 1935 was Dr. P.J. van Winter in Nederland besig om die geskiedenis van die NZASM te skryf in sy tweedelige boek "Onder Krugers Hollanders" (Amsterdam, 1937-1938). Hy het toe in Suid-Afrika gesoek na "een getuigenis van iemand, die meemaakte de moeite en zorgen en ontberingen en ziekten van het begin, die mij schetst de primitieve behuizing, de proviandering, de tegenvallers met werkvolk en materiaal, de vreugden ook, die het succes bezorgde, ondanks de critiek van vijanden der Maatschappij".[2)]

Die penningmeester van die Bond van Oud-NZASM-personeel (BOZP), G.R.J. Bodde, het Van Winter in kontak met Bouten gebring. Bouten het verskeie uitvoerige briewe oor sy ervaringe aan Van Winter gestuur. Hy skryf in sy eerste brief dat tot dusver baie min oor die NZASM gepubliseer is, en vervolg: "Neem bijv(oorbeeld) 't Gedenkboek (uitgegee deur die NZASM by die opening van die Oosterlyn in 1895); de gewezen waarn(emende) Hoofd Ingr. C. Groll, de latere Hoofd Ingr. W. Verwey worden daarin niet vermeld, hoewel ze toch de moeilijke tijden hebben meegemaakt".[3)]

Van Winter het Bouten vir sy mededelings bedank in deel een, p.258 noot 3, en deel 2, p.152 noot 4, maar hy het in sy groot werk vrywel geen gebruik van Bouten se herinneringe gemaak nie, hoewel hy 'n vlot skrywer en vaardige joernalis was. Miskien het hy Bouten te selfingenome gevind, maar ek meen dat historici ydele mense baie behoort te waardeer, want hulle is mededeelsamer as beskeie mense. In elk geval het Van Winter se werk Bouten volgens Plokhooy se bo aangehaalde mededeling nie bevredig nie. Ek veronderstel dat na Bouten se mening die direksie van die NZASM en latere geskiedskrywers sy verdienste onvoldoende erken het.

Die bestuur van die BOZP het in 1941 Bouten se briewe aan Van Winter laat redigeer en in 'n beperkte aantal gepubliseer onder die titel "De aanleg van 't Oosterspoor". Hierdie publikasie sal Bouten ongetwyfeld veel voldoening gegee het. En ek veronderstel dat ook die onderhawige herdruk van sy geskrif sy goedkeuring sou weggedra het.

Bouten was in sy laaste lewensjare 'n welgestelde man. Uit sy sterftekennis blyk dat die huis Villastraat 42 in Sunnyside sy eiendom was; die veiling daarvan het £4175 opgebring. Sy besit aan roerende eiendom het £19 890 beloop. 'n Groot deel daarvan het uit goudmynaandele bestaan. Sy kontant het £1059 bedra. Hy was bowendien eienaar van sakepersele aan die Esselenstraat in Pretoria en van grond by die Hartebeespoort.

Sy erfgename was sy broers Gerard en Jean, sy neef Gerard junior en 'n kleinseun Cornelis van een van sy broers, almal het in of by Blerik gewoon.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Maria Venter, die getroue versorgster van hom en sy eggenote, het £1600 uit sy boedel ontvang en 'n swart bediende het £25 gekry.[4)]

Die voorsitter van die BOZP, Johannes A. van Aken, het voorgestel dat die bestuur Bouten se herinneringe in boekvorm sou publiseer. Die bestuur het so besluit. Van Aken is kort daarna oorlede, maar die bestuurslid Bodde het gesorg dat die publikasie in 1941 verskyn het. Dit is opgedra aan J.A. van Aken en sy fotoportret is voorin die brosjure. Hy was afkomstig uit Den Haag en is in 1897 deur die NZASM in diens geneem. Hy was toe 21 jaar oud, dus gebore in 1876. Hy het in Transvaal gewerk.[5)] Hy het bevriend geraak met die Sweedse immigrant Hjalmar Pettersen Janek, ook werknemer van die NZASM. Janek het Van Aken se lewe gered in 1898 toe hulle op 'n jagtog te voet in die Laeveld by Komatipoort verdwaal en amper omgekom het.[6)]

Die hegte vriendskap tussen hulle is daardeur versterk en verklaar dat Van Aken Janek en ander NZASM-werknemers gevolg het toe hulle hul by die Skandinawiese vrywilligerskorps aansluit. Van Aken het met die korps in Oktober 1899 ten stryde getrek. Hy het met die Skandinawiërs moedig geveg op hul voorpos by Magersfontein op 11 Desember 1899, is daar gewond, gevang en deur die Britte na Sint Helena gestuur.[7)] Hy het na die oorlog na Transvaal teruggekeer. Sy na-oorlogse beroep is onbekend. Hy het sy godsdiens as Nederduits-Hervormd aangegee.

Verwysings by die Lewenskets van P.H. Bouten

1) Bouten dui steeds die NZASM aan as ZASM. Dit was die in Suid-Afrika gangbare afkorting, maar korrek is slegs die afkorting NZASM, uit te spreek as Enzassem. Ook nou word die Maatschappij dikwels ZASM genoem. Die juiste afkorting NZASM is des te meer gewens omdat daar nou 'n ander instelling met die inisiale ZASM in Amsterdam gevestig is. Die naam daarvan is Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland. Dit is gestig in 1908 by die likwidasie van die NZASM. Die Britse regering het in September 1900 die eiendomme van die NZASM onteien, maar het in 1908 aan die aandeelhouers en obligasiehouers van die NZASM 'n redelike skadevergoeding betaal. 'n Deel van die skadevergoeding is toe nie opgeëis nie en dit is as beginkapitaal of trustfonds aan die destyds gestigte ZASM oorgedra. Die doel van dié instelling was die bevordering van die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika. Die ZASM bestaan nou nog en het reeds baie goeie werk verrig.

2) P.H. Bouten, "De aanleg van 't Oosterspoor", Pretoria 1941, p.7.

3) Bouten, "De aanleg van 't Oosterspoor", p.8.

4) Sterftekennis van P.H. Bouten, oorlede op 18 Februarie 1952, in Transvaalse Argiefbewaarplek, Staatsargief te Pretoria.

5) Jan Ploeger en Gideon de V. de Kock, "Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika 1800-1900", Universiteit van Port Elizabeth, 1989, trefwoord Van Aken, J.A.

6) Hjalmar Petterson Janek, "Med hvita kaffrer bland svarta, Skisser fraan Afrika", Lund, 1906, p.62, 67, 73, 75.

7) H.E. Uddgren, "Die helde van Magersfontein", in C. de Jong, red., "Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boere-oorlog, deel 2", Amsterdam, 1984, p.27, 39.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Afskrif van P.H. Bouten se arbeidskontrak met die NZASM

Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij

Acte van aanstelling

De Directie der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij benoemt den Heer Petrus Hubertus Bouten tot Ambtenaar bij den dienst van Aanleg der Maatschappij in Zuid-Afrika.

De aanvang van het dienstverband wordt gesteld op 1 October 1892. De beloning zal bedragen Vier honderd en twintig Gulden (£35,-) per maand.

Vrije overtocht wordt verleend als passagier der eerste klasse (bij uitzondering).

De benoeming geschiedt onder inachtneming der "Bepalingen omtrent de rechten en verplichtingen van de ambtenaren der Maatschappij in Zuid-Afrika", vastgesteld door de Directie, dd 1 Augustus 1892.

Amsterdam, 20 Augustus 1892

De Directie der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij: (w.g.) Van den Wall Bake

-o-

Uit: Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika, jaargang 22, no. 5, Pretoria, Maart 1952, p.12.

De Heer P.H. Bouten overleden

In de vroege moergen van 18 Februari l.l. overleed na een langdurig lijden, de Heer Petrus Hubertus Bouten, in de ouderdom van 94 jaar en 1½ maand te zijnen huize aan de Villastraat 42 te Pretoria.

Zo ging onze oudste Nederlander heen. Zijn hoge ouderdom wijst op zijn krachtig gestel. Tot voor minder dan een jaar geleden nog stapte deze oude heer nog alleen langs de straten van Pretoria en was hij nog vol geestkracht.

Hij had een merkwaardig geheugen en kon tot in de puntjes, met naam en toenaam, met plaats en tijd, zich allerlei herinneren uit ver vervlogen dagen. En dat deed hij graag. Jammer, dat hij een grief koesterde tegen sommige bestuurders van de oude N.Z.A.S.M. en het leek wel of hij daaromtrent voortdurend bitterder werd. Dit en het verlies van zijn echtgenote, een twaalftal jaren geleden, schoof een schaduw over zijn leven, dat anders nog aangenamer had kunnen zijn. Hij was finantieel onafhankelijk en genoot een pracht van gezondheid, als weinigen gegeven is op zulk een hoge leeftijd.

Mnr. Bouten werd voorbeeldig opgepast door zijn huishoudster, Mej. Maria Venter, die reeds gedurende het leven van Mevrouw deze betrekking waarnam. We noemen haar naam, daar er maar één roep is over de voorbeeldige en liefdevolle vervulling van haar taak, de laatste 18 jaren. Niets was haar voor de oude man te veel en altijd stond ze klaar om hem tot hulp te zijn.

De Heer Bouten was een groot spoorwegman. Hij werd geboren te Blerick bij Venlo op 30 December 1867 en begon zijn loopbaan bij de Nederl. Staatsspoorwegen. Zijn eerste werk van betekenis was zijn vooraanstaand aandeel in de aanleg van de lijn Amster-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dam-Kesteren. In 1888 kwam hij naar de Zuid-Afrikaansche Republiek en in dienst van de N.Z.A.S.M. Hij had een groot aandeel - naar verluidt het leeuwenaandeel - in de projectie van de lijn Komatipoort-WAterval Boven. Terwijl de koorts velen rond hem wegnam, bleef hij gezond en aan het werk; men denke maar eens aan de wereld vol rotsen en losse klippen van vele tonnen gewicht in dat gedeelte van de spoorweg. Men vertelde ons, dat de naam "Hectorspruit" gegeven is aan die spruit, omdat gedurende de werkzaamheden daar, toen die spruit "afkwam" na geweldige regens, zijn hond Hector verdronken is.

De Engelsen zetten hem het land uit, gedurende de Boerenoorlog; natuurlijk wilde hij in de Transvaal voor hen niet werken, evenmin als verreweg de meeste beambten en ambtenaren van de N.Z.A.S.M. Maar toch werkte de Heer Bouten nog voor het Engelse Gouvernement, toen hij in Nigeria, onder moeilijke omstandigheden een spoorweg ging aanleggen. Tekenend voor de roep, die van hem, als hoogst bekwaam Spoorwegconstructeur uitging, dat de Engelsen daarvoor deze Nederlander uitgekozen hebben.

We menen ook nog te moeten mededelen, dat in de tijd van de Republiek hij het station Heidelberg gebouwd heeft in 1896 en dat hij als Hoofdopzichter van Weg en Werken van de Maatschappij het station, met woningen voor personeel van Springs heeft gebouwd. Bij deze gelegenheid ontmoette hij de dame, die later zijn echtgenote werd en die op Springs onderwijzeres was, Mej. van Rossum.

De bekende, zeer moeilijke aanleg van de lijn Nelspruit, langs de Spitskop, was ook nog voor het grootste deel zijn werk. Bouten was dus een man van meer dan gewone betekenis en werd algemeen geacht.

Nu nam de dood hem weg op deze gezegende leeftijd. Hij was een der Nederlanders uit die dagen, die van heel grote betekenis was voor zijn nieuwe Vaderland, waarvoor hij evenwel zijn geboorteland niet vergat. Hij was een der "natie-bouwers" van Zuid-Afrika, wiens naam vooral wij Nederlanders in ere houden zullen.

Bij de begrafenis op Dinsdag 19 Februari 1952, waren vele vrienden aanwezig. Er werd een dienst gehouden door een Rooms-Katholieke geestelijke in het sterfhuis en daarna ging de stoet grafwaarts om hem te begraven in de goede Afrikaanse grond. Moge hij daar in vrede rusten.

C.P(lokhooy)

-o-

Kennisgewing


Die herdruk van P.H.Bouten se brosjure, "De aanleg van 't Oosterspoor", is teen betaling van R 9,00 posvry verkrygbaar by die sekretariaat van die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika), posbus 3457, Pretoria 0001.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Petrus Hubertus Bouten, 1857-1952, hoofopsigter by die NZASM.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Die NZASM-brug oor die Groot Olifantsrivier naby Middelburg op die Oosterlyn. Die brug is in 1894 voltooi. P.H. Bouten het noulettende toesig op die bou van die groot brug gehou en daaroor berig op bls. 49-53 van sy brosjure "De aanleg van't Oosterspoor".*

*Foto afkomstig van SA Vervoerdienste te Johannesburg*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# "CYRANO" IN SOUTH AFRICA - GEORGES DE VILLEBOIS-MAREUIL IN PRETORIA

by Cornelis de Jong

The showing of the prize-winning film "Cyrano de Bergerac" in Pretoria in Februarie 1991 drew attention to the famous romantic play "Cyrano" by Edmond Rostand (1868-1918) and indirectly to Colonel Georges de Villebois-Mareuil (1847-1900), the most famous foreign volunteer with the Boer commandos in the Anglo-Boer War, 1899-1902. The Boers thought his name difficult to pronounce and called him generally "The French Colonel". Cyrano de Bergerac (1619-55) and De Villebois-Mareuil were both very brave French soldiers and both literary authors. The families of Villebois and Rostand knew each other well and it is generally maintained that Villebois inspired Rostand to write his play "Cyrano" in 1897 - two years before the Anglo-Boer War.

Villebois was a scion of a noble family hailing from the Vendée, the royalist region in Western France, often opposed to Paris, in the Middle Ages. A number of the Villebois family were high-ranking officers or officials and Georges also became an officer. He studied in the military academy of Saint Cyr, served as a young lieutenant in Indo-China, fought very bravely in the French-German War of 1870/71, was decorated and promoted and at the age of 47 was the youngest colonel France had seen in many years. He requested a colonelship in the French Foreign legion in Algeria, but resigned from this post when he was excluded from an expedition to Madagascar. He published some novels under a "nom de plume" and, like his brother Christian, entered politics. But again he became disillusioned due to the political scandals in France, inter alia the Panama Canal Company and the rehabilitation of the cashiered Jewish officer Dreyfus. He felt the fin-de-siècle mood of many intellectuals and artists who were dissatisfied with the materialistic base spirit of their era. As soon as war broke out in South Africa, he travelled to the Transvaal to resume his military profession and to restore the honour of France on the battlefields of South Africa.

The Governments and generals of the Boer republics received him very respectfully, but disappointed him when they ignored his plans to storm and occupy the besieged towns of Ladysmith and Kimberley. After the tide of war turned and Bloemfontein was occupied by the British, the War Council of the republics met at Kroonstad and on the 17th March 1900 appointed him as "Veggeneraal" and Commander of all the foreign brigades fighting for the Boers. It was decided to resort to guerrilla and soon thereafter he led a small commando on his first guerrilla raid. He was unfortunate enough to let the British encircle him and his commando near Boshof and he fell there on the 5th April 1900. His men surrendered and were sent as prisoners of war to Saint Helena.


Memorials in France and South Africa honour him as a brave and chivalrous soldier. In spite of this hero worship many of his men both in the foreign legion in Algeria and in South Africa disliked him, because he drove them too hard, and fellow officers in South Africa thought him a Quixotic and conceited man. Roy Macnab, author of the latest and best biography of Villebois, "The French Colonel", (Oxford University Press, Cape Town -

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

London - Johannesburg 1975) describes him with sympathy, but points out that he was responsible for the disaster of the first guerrilla raid under his personal command.

He left a war diary, "Carnet de campagne", which, thanks to the brilliance of its author, is one of the most interesting diaries of the Anglo-Boer War. It was published in French and English in 1902 and has long been sold out, but recently Bernard Lugan, professor of African history at Lyons, published a new edition in French with an introduction, a short life history and annexures.

Villebois spent several days in Pretoria on his arrival in the Transvaal and again between his campaigns. In his notes we find observations on the pleasant little capital of the South African Republic and the interesting meetings he had with prominent Pretorians. At last, in 1989, a street in Pretoria received his name. The Villebois-Mareuil Street is in Wingate Park Extension. Some of the residents objected to the name on the ground that it was too difficult to pronounce, but fortunately their objections were of no avail and the name Villebois-Mareuil will continue to remind us of the honour he deserves.




*Straatnaambord met die naam van De Villebois-Mareuil in Wingate Park Uitbreiding te Pretoria.*
*Foto C. de Jong 1990*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

# LAFAYETTE IN SUID-AFRIKA
# PARADOKSE EN BEPROEWINGS VAN "DIE FRANSE KOLONEL"

## Die oorlogsdagboek van Georges de Villebois-Mareuil

deur C. de Jong

### Inleiding

Die bekendste buitelandse vrywilliger by die Boerekommando's in 1899-1900, wat tot die hoogste rang, dié van veggeneraal, bevorder is, heet kolonel G. de Villebois-Mareuil. Omdat sy naam moeilik was om uit te spreek, is hy meestal "die Franse kolonel" genoem.[1] Nog in 'n ander opsig is hy 'n besonder interessante persoon. Hy het 'n heel belangwekkende oorlogsdagboek nagelaat, "Carnet de campagne" (aantekenboekie van die veldtog) genoem. Dit is in 1901 te Parys uitgegee, met inleiding van E-M. de Vogüe en deur Frederic Lees in Engels vertaal en in 1902 gepubliseer.[2] Die laaste datum van aantekeninge in die Franse uitgawe is 6 Maart 1900, die laaste datum in die Engelse vertaling is 4 April 1900, die dag voor hy gesneuwel het by Boshof. Ek het geen verklaring gevind waarom De Vogüe sy uitgawe met 6 Maart eindig nie. Miskien het hy gevrees dat De Villebois-Mareuil se onvriendelike uitlatings oor sommige van sy manskappe, veral die Hollanders, tussen 7 Maart en 4 April, aanstoot sou gee.

Die Franse en Engelse uitgawes van die dagboek is reeds lank uitverkoop. Daarom is dit geheel vanpas dat professor Bernard Lugan van die Universiteit van Lyon, kenner van die geskiedenis van Afrika en in die besonder van Suid-Afrika, in 1990 die Franse teks tot en met 4 April 1900 heruitgegee het, ietwat verkort, met uitvoerige inleiding en bylaes. Onder die bylaes is 'n lys met name van Franse vrywilligers by die Boerekommando's (p.288-290).[3] Die titel van die heruitgawe lui: "Le Lafayatte de l'Afrique du Sud" en is 'n verwysing na die Franse generaal wat saam met die opstandelinge in Noord-Amerika (1776-83) geveg en later 'n bekende politikus in die Franse rewolusie geword het.

### Lewenskets

Georges de Villebois-Mareuil was lid van 'n adellike Franse geslag van offisiere en hoë amptenare in die Vendée. Dit is 'n streek in Wes-Frankryk wat bekend is as regs-, Katoliek- en koningsgesind. Ook hy het leëroffisier geword, is opgelei in die militêre akademie van Saint Cyr, het as militêr in Indo-China gedien, hom onderskei in die Frans-Duitse oorlog in 1871, is jonk bevorder tot kolonel en het diens by die vreemdelingelegioen in Algerië geneem. Omdat hy van die ekspedisieleër na Madagaskar uitgesluit is, het hy ontslag as offisier geneem en hom aan die politiek, verenigingslewe en die skryf van romans gewy. Hy was ook ontevrede oor die politieke skandale in sy land

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en oor die aksie vir eerherstel van kaptein Dreyfus en het gedeel in die wrewelige "fin-de-siècle"-stemming. Dit was omstreeks 1900 nogal algemeen in Europa en het sommige na Suid-Afrika gedryf om saam met die Boere teen Brittanje te veg. Een van hulle was De Villebois-Mareuil. Sodra die oorlog in Suid-Afrika uitbreek, vertrek hy na Transvaal om sy geliefde beroep van militêr te hervat en om die eer van Frankryk op buitelandse slagvelde te herstel.

Die republikeinse opperbevel het hom met respek ontvang en tot militêre raadgewer benoem, maar sy adviese nie opgevolg nie. Nadat die oorlog 'n beslissende en vir die republieke ongunstige wending neem, is hy op die groot krygsraad te Kroonstad op 17 Maart 1900 benoem tot veggeneraal oor al die buitelandse vrywilligers. Hy het met 'n klein kommando buitelanders uitgeruk en tydens 'n verkennings- en strooptog by Boshof op 5 April 1900 gesneuwel. Die Britte het hom met militêre eer te Boshof begrawe. Hy is in 1971 herbegrawe by die Burgergedenkteken te Magersfontein.[4)]

Karakter

De Villebois-Mareuil was 'n idealis met hooggestemde ideale van eer, ridderlikheid en selfopoffering, sodat hy sy tydgenote aan die Middeleeuse ridderskap herinner het. Hy het die vervulling van dié ideale in die beroep van militêr gesien. Daarom het sy tydgenote hom vergelyk met Cervantes se held Don Quijote en Edmond Rostand se held Cyrano de Bergerac. Daar word beweer dat De Villebois-Mareuil Rostand regstreeks tot sy Cyrano, ook militêr en letterkundige skrywer, geïnspireer het. Die skrywer van "The Times History of the War in South Africa" (redakteur L.S. Amery - deel 4, Londen 1906, p.212) sê oor De Villebois-Mareuil: "Naturally of a quixotic nature, he showed in his life and writings an almost medieval delight in the glory of the soldier's profession. When he came out to the Transvaal he acted even more as a freelance as the other foreigners."

'n Man met sy ideale moes onvermydelik meermale in sy medemense teleurgestel word. Hy is teleurgestel deur sy Franse landgenote in die politiek van die Franse republiek, in die Boere wat sy militêre adviese geïgnoreer het met baie nadelige gevolge, in die bevelvoering van die Britse leër en in die lede van die vrywilligerslegioen onder sy bevel, veral die Hollanders.

Die skrywer van die nuutste en beste biografie van De Villebois-Mareuil, Roy Macnab, wys op die paradoksale en ironiese situasies waarin sy held hom meermale bevind het. Hy was 'n offisier met regse, volgens sommige rojalistiese simpatie, in die leër van die Republiek Frankryk. Hy was gekant teen eerherstel van die Joodse kaptein Alfred Dreyfus in die Franse leër, maar was innig geheg aan die vriendskap van die Joodse Franse offisiere Léon en Grunberg in Suid-Afrika. Hy het veel in die Britte bewonder, soos hulle bewind in Brits-Indië, en onder sy beste vriende was Britte, maar hy het aan die kant van die Boere teen Groot-Brittanje geveg. Duitse offisiere was sy teenstanders in die Frans-Duitse oorlog 1870/71, maar hy was met hulle in Suid-Afrika beter bevriend as met verreweg die meeste Boere. Hy was as Franse offisier gewoond aan luukse en verfyning, maar sy lewe

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

by die Boere was meestal besonder sober en ongerieflik. Hy het vanaf sy aankoms in Suid-Afrika vir die sluipoorlog (guerrilla)[5] gepleit as die strydwyse wat die beste by die land en volk pas, maar sy eerste optrede in dié soort oorlog was 'n volslae mislukking en het hom by Boshof op 5 April 1900 die lewe gekos. Hy word in Suid-Afrika en Frankryk steeds as krygsheld vereer, maar reeds tydens sy lewe het landgenote en ander Europeërs hom skerp gekritiseer en die biografie deur Macnab wat hom simpatiek gesind is, laat sy militêre reputasie deur sy optrede in die sluipoorlog verbleik.

Sy dagboek

Volgens Macnab het De Villebois-Mareuil hom by sy aankoms in Suid-Afrika beslis voorgeneem om beskeie, versigtig, vriendelik en korrek jeens die Boere op te tree en het hy meestal daarin geslaag. Hy het egter in sy oorlogsdagboek sy gevoelens nie onderdruk nie en sy vreugdes en ergernisse vryelik neergeskryf. Daarom is die dagboek van groot betekenis vir die kennis van sy karakter. Macnab skryf op p.92: "Everything that was Villebois is reflected in that journal, where he records, too, his impressions of the Boers as he eventually came to know them, and of the foreign volunteers."

Hy teken in sy dagboek feite aan en maak kort notisies, maar gee somtyds ook beskrywings van die Natuur en die landskap wat sy letterkundige talent toon, en beskouings, soos op 29 Januarie 1900 oor die soort oorlogvoering van die Boere en op 31 Januarie oor hul mentaliteit.

Die dagboek maak ons bekend met hom as lid van die Eerste Wêreld teenoor die Derde Wêreld van blankes en gekleurdes in Suid-Afrika, as beroepsmilitêr teenoor die burgermilisie van die Boererepublieke, as Fransman teenoor sy landgenote, Britte en ander Europese krygslui in Suid-Afrika, as vroom Rooms-Katoliek teenoor die Calvinistiese Boere van wie talle van die vervolgde Hugenote afstam, en as letterkundige skrywer teenoor 'n min geletterde bevolking in Suid-Afrika.

Sy kleindogter, barones Taylor, het die dagboek, "Carnet de campagne", by haar besoek aan Suid-Afrika in 1971 aan die Transvaalse Argiefbewaarplek in Pretoria geskenk.[6] Ek vermoed dat die Britte die dagboek in die Franse kolonel se bagasie gevind en aan sy dogter Simone in Parys gestuur het - vermoedelik nadat hulle die dagboek gekopieer het.

Lid van die Eerste teenoor die Derde Wêreld

Omstreeks 1900 is Europa met uitsondering van die lande aan die suid- en ooskant, beskou as Eerste Wêreld danksy die tegnologiese en ekonomiese ontwikkeling van dié klein wêrelddeel, en die orige lande as Derde Wêreld wat veel minder in tegnologiese, ekonomiese en demokratiese opsigte ontwikkel was. De Villebois-Mareuil het die Derde Wêreld leer ken as offisier in Frans Indo-China en Algerië en daar 'n ander as die Europese beskawing aangetref. Hy het in Suid-Afrika kennis gemaak met 'n ander soort Derde-Wêreldlande, naamlik die blanke volksplantings buite Europa. Hulle was jong samelewings aan die pioniersgrens, aan "the moving frontier". 'n Groot deel van die blankes aldaar is fisies

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en geestelik onstabiel. Hulle hou van trek en is selde lank gevestig. Dit impliseer dat hulle aan korttermyn-beplanning of improvisasie bo langtermyn-beplanning en deeglike werkwyse voorkeur gee en dat hulle hul verpligtings lughartig opvat. Hulle is geestelik baie emosioneel, handel impulsief en is beurtelings lughartig optimis en diep depressief en gedemoraliseer. De Villebois-Mareuil stel al hierdie trekke vas in sy dagboek.

Daarby kom die invloed van die klimaat. Dit is in die blanke volksplantings op die suidelike halfrond grotendeels subtropies. Dit is 'n aangename klimaat, maar nie stimulerend vir liggaamlike en geestelike aktiwiteite, die sport uitgesonderd nie. Hulle is oorwegend veeteeltgebiede met akkerbou as bybedryf vir die meeste inwoners. Dit beteken afwesigheid van intensiewe bedryf en ondergeskikte betekenis van tyd. Vir Afrika geld dat die blankes die horlosie het, maar Afrika die tyd.

De Villebois-Mareuil het al die kenmerke in Suid-Afrika opgemerk. Hy skryf oor die klimaat: "The climate here limits activity: one has to make a greater effort than in Europe to produce an identical result".[7)]

'n Ander gevolg van die lewe aan die pioniersgrens is fisiese en geestelike isolement en gebrek aan belangstelling vir alle sake wat die ingesete blanke nie regstreeks raak nie. De Villebois-Mareuil skryf op 31 Januarie 1900 oor die Boer in die algemeen: "He remains at home, seated or squatted down, with his eyes on the road, looking out for the traveller with whom he can have a chat ... Time does not exist ... in this free life ..."[8)]

Nog 'n oorsaak van geringe prestasie en lae produktiwiteit wat in die besonder vir Suid-Afrika geld, is die meerderheid van bruin en swart mense wat 'n groot deel van die arbeid moet lewer en min ontwikkeld en geskoold is. Hy skryf op 31 Januarie oor die landbouproduksie: "Of course everything would be allright with attention, but the European gardener (in South Africa) cannot work as in Europe and must rely on the blacks." "The Boer is lazy by nature ..." (31 Januarie 1900).[9)]

Soos 'n egte verteenwoordiger van die Eerste Wêreld is De Villebois-Mareuil oor die Derde Wêreld van Suid-Afrika afwisselend vertoornd en vertederd - vertoornd oor die gebrek aan organisasie en beplanning en die geringe prestasie en produktiwiteit, maar vertederd oor die algemene, warm menslike belangstelling, simpatie en gasvryheid.

Beroepsmilitêr teenoor burgermilisie[10)]

Europese beroepsoffisiere, te wete militêre attachees en vrywilligers in die Boereleër, het in Suid-Afrika kennis gemaak met die leërorganisasie van die republieke wat vir hulle vreemd en ouderwets was. 'n Militêre opleiding en volledige leërorganisasie met diensplig, generale staf, verkennerskorps, mediese diens en werkplase vir vervaardiging en herstel van wapens en ammunisie het ontbreek. Die beroepsoffisiere van oorsee het algemeen die vaardighede van die Boere om perd te ry, te skiet met gewere en kanonne en dekking te vind geprys, maar spoedig besef dat hierdie militêre deugde ontoereikend was om 'n oorlog teen 'n moderne, goed toegeruste leër met 'n groot getalsoorwig

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

te wen. In die militêre verslae van sommige van hulle verneem ons dan ook 'n ondertoon van meewarige simpatie.

Ons vind hul gevoelens ook weerspieël in De Villebois-Mareuil se dagboek. Sy aanvanklike bewondering vir die Boere maak daarin spoedig plek vir toenemende kritiek op hul leiers en manskappe. Hy konstateer 'n groot gebrek aan organisasie, tug, beplanning, verkenning en aanvalsgees. Hy verklaar die gebrek aan tug en besluitvaardigheid uit die omstandighede dat die Boere-offisiere deur die burgers gekies word en dat die burgers die krygsrade se besluite vir uitvoering moet goedkeur. Ander deugde as militêre deugde gee die deurslag by verkiesing van offisiere. Hy noem hulle daarom merendeels politieke en geen militêre leiers nie. Hy toon onder die Boere-offisiere slegs agting vir Louis Botha en Koos de la Rey. Hy meen dat slegs die aanval die oorwinning kan bring, stel tevergeefs planne op om die beleërde Ladysmith en Kimberley te bestorm en in te neem en noem die beleërende krygvoering wat hy aanskou 'n merkwaardige "immobile warfare".[11)]

Hy gaan nie in op die oorsprong van die primitiewe oorlogvoering deur die Boere nie. Hy vermeld nie dat hulle voorheen altyd kort oorloë oor 'n beperkte grondgebied teen swart en bruin volke met primitiewe bewapening en krygstaktiek gevoer het nie. Daarom het die regerings van die republieke 'n klein artilleriekorps as staande mag gestig en militêre diensplig, opleiding en volledige leërorganisasie oorbodig gevind.[12)] Hul vertroue in hul krygvoeringsmetode is versterk deur hul sukses teen die klein en onoordeelkundig geleide Britse strydmag in die Eerste Anglo-Boere-oorlog in 1880/81. Hulle het blykbaar gehoop op herhaling van die sege oor die Britte, maar militêre suksesse is meestal onherhaalbaar. Die Fransman het hom net so min as die meeste ander buitelandse vrywilligers in die geskiedenis van die land verdiep.

Afgaande op sy dagboek toon hy treffende militêre insig. Hy wys op 7 Desember 1899 op die gebrek aan voorsorg by die bewaking van kanonne waarmee die Boere Ladysmith beskiet.[13)] Die Britte het in die volgende twee nagte uitvalle onderneem en die sleg bewaakte Boerekanonne swaar beskadig. Hy noem die Hlangwaneheuwel aan die Tugela die sleutel van die Tugela-verdedigingslinie en dring by generaal Botha aan op besetting daarvan.[14)] Inderdaad was die verlies van dié heuwel die inleiding tot die Britse deurbraak van die Tugelalinie op 27 Februarie 1900. Volgens 'n latere, geloofwaardige aantekening het hy generaal P.A. Cronjé gewaarsku teen omvleueling van die oostelike flank van die Boerelinie by Magersfontein.[15)] Die Britte onder Roberts het inderdaad met 'n verrassingsmars dié flank omvleuel, Kimberley ontset en Cronjé met sy leër op die vlug na Paardeberg gedryf. De Villebois-Mareuil het voorsien dat Cronjé se leër omsingel en tot oorgawe gedwing sou word en het tydig die leër verlaat. Hy het hom gevoel soos 'n Kassandra (onheilsprofeet) onder die Boere.

Hy skryf op 31 Januarie 1900 oor die burgers: "... there are brave men among the Boers, and it is always these who are killed; but the majority would be cowardly in the presence of the certainty of running a mortal danger without parapets (borswerings), kopjes, and other intermediary protections. Take away

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

their horses (d.w.s. mobiliteit) and their kopjes (dekking), and the Boers would be ordinary men."[16]

Franse offisier teenoor ander Franse vrywilligers

Sedert sy aankoms by Kimberley het Franse vrywilligers - merendeels vars uit Europa - hulle by De Villebois-Mareuil aangesluit en hom as hul aanvoerder gekies. Onder hulle was toegewyde, bekwame offisiere, soos Galopaud, d'Etchegoyen en die graaf van Bréda, maar ook manskappe wat ontevrede oor hom geword en hom verlaat het. Hy was wel gewild by die Boere, hoewel hulle sy militêre adviese geïgnoreer het, maar nie by alle buitelandse vrywilligers wat onder sy bevel as veggeneraal byeengebring is nie. Professor B. Lugan vermeld 'n mening wat in hierdie verband van belang is. Ook as kolonel in die Franse vreemdelingelegioen in Algerië was hy nie by alle legioensoldate gewild nie. Generaal Tahon het as luitenant onder hom gedien. Hy noem hom "die jong en briljante kolonel De Villebois-Mareuil wat slegs een tekortkoming had, naamlik geen kennis van die legioensoldaat nie en die neiging om hom as 'n 'clown' (buffin) te behandel. Dit het die oorsaak van sy ergernisse geword ... en waarskynlik ook van sy roemvolle maar voortydige dood by die Boere.

"Die kolonel De Villebois-Mareuil, met 'n getuigskrif van die generale staf, vlot spreker, talentvolle skrywer en met die lewenswyse van 'n groot heer ... wou dadelik die gewoontes van die Legioen verander en dit in 'n Franse regiment omskep. Hy het hiermee skipbreuk gely en toe hy dit besef het hy die eerste geleentheid aangegryp om sy ontslag op die leeftyd van 48 jaar aan te vra, omdat hy nie voorgestel vir die sterre (van 'n generaal) was nie."[17]

Macnab is vaag oor moeilikhede tussen De Villebois-Marieul en die vreemdelegioen in Algerië. Hy skryf slegs: "There seems to have been a failure of communication between Villebois and the Army chiefs ..."[18] Macnab noem as moontlike tweede verklaring dat De Villebois-Mareuil gepasseer is, sy regse, volgens sommige rojalistiese simpatieë en die optrede van sy broer Christian as vooraanstaande lid van die regse opposisie in die parlement in Parys.[19] Hierdie politieke verklaring lyk aanneemlik, maar ek meen dat De Villebois-Mareuil se eie karakter 'n voldoende verklaring gee van die strewe van Franse militêre leiers om hom op 'n syspoor te plaas.

Die berig van die joernalis Harm Oost, 'n veteraan van die Anglo-Boere-oorlog en die Rebellie in 1914 en lid van die Hollanderkorps wat "die Franse kolonel" na Boshof vergesel het, bevestig die weerstand wat De Villebois-Mareuil ook in Suid-Afrika verwek het. Hy skryf: "Whereas the Boer commandos would ride fast for two hours at a time, then rest men and horses for half an houer, Villebois would keep his men in the saddle for as long as eight hours at a time, though riding at a slower pace."[20]

Hierdie optrede was een van die redes waarom De Villebois-Mareuil spoedig ongewild was by sy Franse en ander manskappe. Die Duitse vrywilliger by die Boere, artillerie-offisier Otto von Lossberg, berig oor sy mars van Bloemfontein na Kroonstad in Maart 1900: "De Villebois-Mareuil was 'n dapper soldaat en be-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kwame aanvoerder vir 'n gedissiplineerde troep, maar hy het nie geslaag om sielesnare te bespeel wat sy opdrag (as aanvoerder van buitelandse vrywilligers) sukses kon garandeer nie. Op die terugtog van Bloemfontein het hy die bevel oor 'n klein afdeling Franse op hom geneem - ongeveer 40 man - en met hulle in nodeloos geforseerde marse na Kroonstad getrek. Die manskappe het daar halfdood aangekom met volslae uitgeputte perde. Elkeen van hulle het gesweer dat hy nie weer onder die kolonel wou dien nie. Op dié wyse het Villebois weerstand by sy landgenote gewek. Hoewel die dringende vertoë van die graaf van Bréda en ander rojalistiese edelliede daarin geslaag het om die meeste Franse tot aansluiting by die vreemdelinglegioen oor te haal, was min geneentheid vir die nuwe aanvoerder aanwesig."[21)]

Van sy kant het De Villebois-Mareuil 'n lae dunk van sommige van sy Franse manskappe gehad. Hy skryf op 15 Maart 1900: "At 11.30 I bade adieu to my Frenchmen, regretting the few good ones but having no illusions as to the rest of them, who have too largely developed ideas as to the amount of food and rest they require ever to become men of war."[22)] Hy skryf op 17 Maart 1900 nadat die groot krygsraad te Kroonstad hom met die bevel oor al die vreemdelingekorpse belas het: "I accept this weighty charge with considerable misgiving, considering the experience I have just had with the Frenchmen. A certain number of them have simply gone off to Pretoria. I have had their supplies cut, and I shall turn them out of my legion when they appear again."[23)]

Franse offisier teenoor ander buitelandse offisiere

Die buitelandse offisiere by die republikeinse strydmag was vakgenote en kollegas van De Villebois-Mareuil. Hulle was òf vrywilligers by die kommando's òf militêre attachees. Hy het die omgang met die meeste van hulle aangenaam gevind, onder die vrywilligers die aangenaamste die omgang met Duitsers, sy voormalige teenstanders.[24)] Hy het die militêre attachees by die Boere meermale by Bloemfontein tydens die terugtog van die Boere ontmoet. Hy het uiteraard die ontmoetings met die Franse attachees kommandant Marie Georges Demange en sy adjudant luitenant Roger Raoul-Duval baie gewaardeer en hulle uitvoerig vermeld. Hy het op 18 Maart 1900 aangenaam gedineer met Transvaalse hoë amptenare en Nederlandse militêre attachees. Dié attachees was waarskynlik die luitenants C.J. Asselbergs en M.J. Nix, want die ander Nederlandse attachees, kaptein J.H. Ram en luitenant L.W.J.K. Thomson, was toe nie in die Vrystaat nie. Hy het tydens die ete 'n heildronk op koningin Wilhelmina uitgebring wat baie byval gevind het.[25)] In hierdie verband is interessant dat hy aan die vooraand van sy mars na Boshof in 'n brief aan die koningin sy waardering vir die Nederlanders in sy korps uitgespreek het.[26)]

Die mening van Europese offisiere oor De Villebois-Mareuil was nie eenstemmig vleiend nie. Ek het reeds Otto von Lossberg se mening aangehaal. Ook C.J. Asselberg bring hom geen kompliment nie. Hy skryf in sy dagboek op 28 Februarie 1900 in Bloemfontein: "We ontmoeten aan het ontbijt den kolonel De Villebois-Mareuil, die nogal hoog opgeeft van de raadgevingen die hij aan generaal Cronjé gaf; hij geeft zich nogal een air van gewicht, wat hem ons inziens niet toekomt. 't Ergste is, dat er zoo over

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

den man in de courant wordt gesproken, iets wat hij vermoedelijk zelf in de hand werkt. Intusschen heeft de man hier niets te zeggen, maar later zal hij zich erop beroemen de operatiën geleid te hebben."[27]

Dit lyk dus of De Villebois-Mareuil sy versigtige terughoudendheid en beskeidenheid wat hy in die omgang met die Boere nagestreef het, in sy gesprekke met buitelandse offisiere laat vaar het. Dit was onverstandig van hom.

Hy is vol lof oor sy bejeëning deur die buitelandse ambulanse, veral oor die Duitse in Noord-Natal en by Kimberley. Hulle het hom verpleeg en op sy verhaal gebring toe hy daar uitgeput en siek met maagkoors of malaria aangekom het. Hy het ook lof geuit oor die Nederlands Oos-Indiese ambulans wat hy op die plaas Scholtznek by Kimberley besoek het.[28] Die meeste geneeshere by die ambulanse was mediese offisiere en dus kollegas in militêre sake.

Franse offisier teenoor die nie-Franse vrywilligers

Die groot krygsraad in Kroonstad het op 17 Maart 1900 die bevel oor al die buitelandse vrywilligerskorpse aan De Villebois-Mareuil opgedra en hom tot veggeneraal benoem. Dit was 'n blyk van verleentheid by die republikeinse regerings wat die vreemdelinge baie lastig gevind het, en 'n gebaar van vertroue in "die Franse kolonel". De Villebois-Mareuil het toe voldoende ervaring in Suid-Afrika opgedoen om die opdrag sonder illusies met twyfel te aanvaar. Afgaande op sy dagboek was die laaste drie weke van sy lewe van die moeilikste wat hy ondervind het.

Onder die buitelandse vrywilligers was 'n groot aantal dapper mans en die vreemdelingekorpse het dikwels moedig in die voorste linies geveg. Maar talle van hulle was moeilike mense wat dikwels rusie met mekaar en met die Boere gemaak het. De Villebois-Mareuil skryf oor hulle op 20 Maart 1900: "There is a continuous flow of denunciation from all the adventurers under my orders of all possible tricks and thefts. When I have commanded this crew after the foreign legion (dit is die Franse vreemdelegioen) I shall be truly a leader of bandits. Will they fight?"[29]

Hy het 'n hoë dunk van talle Duitse offisiere en manskappe in vreemdelingekorpse en aanvanklik ook van Nederlanders gehad. Hy was moontlik beïndruk deur Nederlandse lede van die Zuid-Afrikaansche Republiek Politie (ZARP), wat deur dapperheid en dissipline in Natal en by Bloemfontein opgeval het. Een van hul offisiere, die Nederlander Andries Smorenburg, is aangestel as kommandant oor die sogenoemde Tweede Hollanderkorps wat onder bevel van De Villebois-Mareuil geplaas is. Die Eerste Hollanderkorps het baie dapper by Elandslaagte op 21 Oktober 1899 geveg en daar swaar verliese gely. Dit is dadelik na die geveg deur kommandant-generaal P.J. Joubert ontbind weens beweerde wangedrag deur dronkenskap tydens die geveg. Die Tweede Hollanderkorps was van veel mindere gehalte. Smorenburg skryf oor hulle: "A second Hollander Corps was to be recruted in Pretoria, mostly men who had never handled a rifle and few of them could ride a horse."[30] Op 21 Maart 1900 het hy hom met sy "rookies" (swape)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

soos hy hulle betitel, by De Villebois-Mareuil aangemeld. Laasgenoemde noteer: "Commandant Smorenburg brings me the corps of Hollanders with colours flying. I inspect them and give them an address. Appearance generally good. However after having seen something of them I shall know what they are worth."[31)]

Sy voorbehoud jeens die Nederlanders in sy korps het spoedig plek gemaak vir ergernis en minagting. Uit sy dagboek vanaf 17 Maart 1900 blyk toenemende frustrasie oor die te geringe medewerking van die republikeinse regerings vir die uitrusting van sy korps, hoewel hy toegee dat daar gebrek aan alle soorte toerusting was, oor die traagheid van die Boere se oorlogvoering en hul geringe aanvalsgees, en oor die swak gehalte van sy manskappe. Insonderheid die Nederlanders onder hulle het sy "bêtes noires" geword. Hy berig besonder uitvoerig oor hul onbekwaamheid en gebrek aan moreel. Tydens sy laaste veldtog wat op 5 April 1900 met sy dood by Boshof eindig, skryf hy op 1 April: "Mr. Vels has brought us some capital horses, but the stupidity of the Hollanders as regards horses will prevent our getting any advantage from this piece of good fortune ... Finally we begin to trot very quietly, and then what a scene! The led horses get loose, saddles turn, everything is upset and the unfortunate riders come to grief ... I paid no more attention to them, as I knew pretty well what they were worth. With a few exceptions, they should all have been dismounted, the men put to a farm and the horses led. I offered to arrange this, but a feeling of amour propre prevented them from accepting. I shall be very much surprised if any of them appear in action; they are a lot of grocers, not soldiers."[32)]

Sy laaste aantekening op 4 April 1900, die dag voor die noodlottige geveg by Boshof, eindig met 'n uitvoerige verwensing van die Nederlanders: "As for the Hollanders, they have lost nine horses which, counting the four lost yesterday, dismounts five of them. I say that they will have to go on, on foot. Their unfortunate commandant (Smorenburg), completely demoralised, explains to me that from a feeling of comradeship the rest of them will demand to be left behind for fear their friends should be taken prisoner. I limit myself to pointing out that his corps will come out of the affair with discredit, and that if I have to go on with the expedition with the Frenchmen only, I shall on my return make an example of the deserters; as for me I wish them they (d.i. die Hollanders) would all go to the devil."[33)]

En met die laaste diatribe, in Frans: "... quant à moi, je souaite que les Hollandais aillent au diable", eindig die "Carnet de campagne", netso droewig as 'n dag later sy lewe geëindig het.

Dit is duidelik dat in die verhouding tussen De Villebois-Mareuil en die nie-Franse manskappe in sy kommando, te wete die Nederlanders en Boere, simpatie afwesig was. Hulle het nie van die Franse kolonel gehou nie, omdat hulle sy marstempo te vinnig gevind het wat veral die Nederlanders weens hul gemis aan ruiterskap gepla het, en omdat hy hulle niks van sy krygsplanne meegedeel het nie. Hy was tereg bevrees dat sy planne aan die vyand bekend sou word wanneer hy iets daarvan sou loslaat. Maar sy mars was so stadig dat die Britte verskeie dae voor sy aankoms

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

by Boshof oor sy kommando ingelig was. Sy swygsaamheid was egter strydig met die Boere se gewoonte in die voorafgaande oorlogsmaande. Harm Oost skryf oor hom: "Nor did he, unlike the Boers, tell his men where they were going."[34] En Smorenburg berig: "General Mareuil had all the Military College education for the fighting of European warfare with well-trained and disciplined troops. He did not recognize me or consult me at all, except that I had to see that his instructions were obeyed. He did not know the country and its ways and had no idea of guerilla warfare. Our ideas clashed at every turn."[35]

De Villebois-Mareuil het die berigte van Boereverkenners dat die Britse garnisoen in Boshof aansienlik versterk was, nie geglo nie,omdat hy hierin nuwe uitvlugte om die stryd te vermy, gesien het. Hy het by sy besluit om Boshof aan te val, gebly. Die Nederlanders en Boere het toe reeds hul vertroue in die Franse kolonel verloor. Sommige van hulle het gedros, maar die meeste Nederlanders onder kommandant Smorenburg en Boere onder veldkornet Coleman het by hom gebly uit eergevoel. Hulle is saam met hom omsingel, het geveg en die wit vlag getoon toe De Villebois-Mareuil geval en die Franse oorgegee het. By die oorgawe het nog 'n paar lelike voorvalle gebeur, voordat 'n hewige donderstorm en duisternis alle krygsbedrywe gestop het. Ook ander bloedige gevegte in die Anglo-Boere-oorlog is deur swaar donderstorms beëindig, asof die Almagtige sy toorn oor die bloedvergieting uitgespreek het...

Rooms-Katoliek onder Protestante

De Villebois-Mareuil was soos sy voorouers 'n oortuigde Rooms-Katoliek. Op die dag voor sy vertrek na Suid-Afrika het hy in Parys by 'n priester gebieg en in Pretoria het hy die mis in 'n Rooms-Katolieke klooster bygewoon. Hy was trots op die Franse afstamming van talle Afrikaners met Franse vanne, maar hy was verras en ietwat verleë weens die nadruk wat hulle gelê het op hul afstamming van Franse Protestante, die Hugenote, wat weens hewige geloofsvervolging uit Frankryk via Nederland na Suid-Afrika gevlug het. Hy het dit godsdienstige onverdraagsaamheid gevind,[36] maar verder geen aanstoot geneem nie.

De Villebois-Mareuil as blanke oor bruin en swart mense

Hy noteer somtyds feite oor sedes en gewoontes by swart mense, soos lobola, voorouerverering en geestesbeswering met bystand van toordokters, en hy noem dit bygeloof, o.m. op 31 Desember 1899. Origens toon hy as egte Viktoriaanse Europeër min agting vir die swartes as werkers. Hy skryf op 8 Januarie 1900: "I watched the Kaffirs at work, and came to the conclusion that more slothful brutes never usurped their place in humanity. They are incapable of any idea, and with still more reason, of putting two ideas together. If they do anything right, it is by accident" (p.118-119).[37]

Hy verloor egter uit die oog dat die meeste swartes min kennis van Engels, Nederlands en Hollands-Afrikaans gehad het en daarom die blankes se opdragte nie altyd goed begryp het nie, dat die wêreld van die witmense vir hulle 'n geheel vreemde wêreld was waarin hulle ontuis was, en dat hulle min aanleiding

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

had om hulle in te span omdat hul beloning meestal skraal was en hulle nie as party betrokke gevoel het in die oorlog tussen die witmense, tussen Britte en Boere nie.

Intellektueel onder halfgeletterdes

De Villebois-Mareuil was nie slegs 'n bekwame offisier nie, maar ook 'n fynbeskaafde intellektueel en skrywer van 'n paar romans wat onder 'n skuilnaam verskyn het. Dié kategorie mense was skaars in 'n pioniersland soos Suid-Afrika, ver van Europa aan die begin van ekonomiese ontwikkeling. Tog het hy in Suid-Afrika redelik baie mense met dieselfde mate van ontwikkeling aangetref en belangwekkende ontmoetings met hulle gehad. Onder hulle was Europese offisiere wat as vrywilliger of attachee die Boerekommando's vergesel het, en joernaliste wat as oorlogskorrespondent of immigrant verslag gedoen het, soos die Oostenryker graaf Adalbert Sternberg, die Ier Michael Davitt en die Nederlander F.V. Engelenburg, hoofredakteur van "De Volksstem" in Pretoria, deur De Villebois-Mareuil Dr. Eulenburg genoem,[38] met wie hy by Ladysmith verskeie ontmoetings had. Onder hulle was ook gebore Suid-Afrikaners, nie toevallig twee presidente van die Oranje-Vrystaat nie, naamlik F.W. Reitz en M.T. Steyn, en ex-staatsprokureur Ewald Esselen.

Sy letterkundige talent blyk duidelik uit sy dagboek. Hy het 'n fyn en uitstekende waarnemingsvermoë gehad en beskryf die landskap, plante- en dierewêreld en sommige Boerekarakters kleurvol. Interessant is sy raak tipering van mense. Hy skryf oor kommandant-generaal P.J. Joubert: "He is a politician, amiable, disinterested and sceptical ... but in no way a soldier",[39] sy eggenote Agatha, die gedugte, sy "may be compared to quarter-master-general",[40] en Schalk Burger: "I saw the stern silhouette of General Burger, coming towards my door. This man casts a gloom around him, and he has an evil eye. He it was who received me at the Hoofdlager. I fell ill immediately ... General Burger's sad face confined my fears that the war will not end so soon." ... He is a man of great intelligence, severe to himself, and as estimable as he is destitute of affections."[41]

-o-

Professor Lugan het die "Carnet de campagne" herredigeer, voorsien van 'n inleiding oor die Anglo-Boere-oorlog, 'n oorsig van De Villebois-Mareuil se lewe en loopbaan, 'n doelmatige indeling van die dagboek in hoofstukke, van voetnote, biografiese besonderhede van vooraanstaande persone in die dagboek genoem, 'n lys van Franse vrywilligers aan Boerekant, mededelings van sommige van hulle, en verslae van Methuen en Roberts oor die geveg by Boshof. Dit was militêr beskou 'n klein geveg, maar van groot staatkundige belang. Die boek word afgesluit met 'n bibliografie van twee bladsye.

My enigste punte van kritiek is dat Lugan die dagboek op sommige datums verkort het, sodat dit geen geoutoriseerde uitgawe is nie, en dat 'n indeks ontbreek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Verwysings

1) Biografiese artikel van Roy Macnab oor Georges de Villebois-Mareuil in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", Engelse en Afrikaanse uitgawe, deel 3, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1977, Engelse uitgawe, p.213-214.

2) "Carnet de campagne, de Colonel de Villebois-Mareuil, avec une préface de Monsieur le Vicomte E-M. de Vogüe", 6e édition, Paris 1902, 315 pp.

"War Notes, the diary of Colonel de Villebois-Mareuil, translated by Frederic Lees, with a preface by M.E-M. de Vogüe, 2nd edition, Methuen & Co., London 1902, 352 pp.

3) Bernard Lugan, "Le Lafayette de l'Afrique du Sud: Colonel de Villebois-Mareuil"; éditions de Rocher, Parys, 1990, 328 pp. - Marie Joseph Paul de Lafayette, 1757-1834, was 'n lid van 'n adellike Franse familie, militêr en politikus. Hy het as vrywilliger en offisier by die opstandelinge in die Britse kolonies in Noord-Amerika in 1776-1783, gedien en was ook diplomaat in hul diens. Hy het netsoos ander Franse wat vrywillig by die rebelle in Amerika was, liberale denkbeelde opgevat en hom by die opposisie teen die monargie in die Franse Omwenteling geskaar. Hy was generaal van die Franse leër wat teen die invallers in 1792 geveg het, en het die Skrikbewind oorleef. - De Villebois-Mareuil is die Lafayette van Suid-Afrika genoem omdat hy vrywilliger en generaal van die Boererepublieke gewees het.

4) Roy Macnab, "The French Colonel, Villebois-Mareuil and the Boers, 1899-1900". Oxford University Press, Kaapstad, Londen en Johannesburg 1975, 270 pp.; verkorte uitgawe in Afrikaans getitel "Die Franse kolonel, Villebois-Mareuil, vegter vir die Boere, 1899-1900", Tafelberg Uitgewers, Kaapstad 1977, 146 pp.

5) Die woord "guerrilla" lui in Afrikaans die ongereelde of sluipoorlog, in Engels "irregular war" en "sneeking war" en word meestal verkeerd gespel met een letter r of een letter l, verkeerd uitgespreek (o.m. as gorilla) en verkeerd gebruik. Dit is die verkleinwoord van die Spaanse term "guerra", Frans "guerre", met dieselfde ou-Germaanse wortel as Engels "war" en Nederlands "war" (d.i. deurmekaarspul). Die term guerrilla het in gebruik gekom tydens die Spanjaarde se ongereelde oorlog teen die Franse leërs van Napoleon I in 1808-1813. Die Spanjaarde is vanouds meesters in dié soort oorlog wat hulle reeds teen die Romeine en More gevoer het. In die gangbare term "guerrilla-oorlog" en "guerrilla warfare" is die tweede woord oorbodig. Die tans gangbare term "guerrilla" behoort te wees "guerrilla-stryder" en "guerrilla fighter".

6) Lugan, "Le Lafayette de l'Afrique du Sud", p. 42 noot een.

7) "Carnet de campagne", 31 Januarie 1900; uitgawe Lugan p.188, uitgawe Lees, p.197.

8) "Carnet de campagne", 31 Januarie 1900; Lugan p. 189, Lees p.200.

9) "Carnet de campagne", 31 Januarie 1900; Lugan p. 189, Lees p.199.

10) Jock Haswell, "The citizen armies", Peter Davies, Londen, 1973, p.13 karakteriseer die "citizen army" of milisie soos volg:

(A) result of a supreme national crisis arising from an actual or threatened attack on a country's territory and/or its "freedom"
(B) the approval or support of the recognized local (nasionale) government

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

(C) a properly constituted field force
(D) the majority of its soldiers and officers must have been volunteers ... not associated with soldering

11) Weens "immobile warfare" by Ladysmith het De Villebois-Mareuil van die beleëraars van Ladysmith na die beleëraars van Kimberley getrek met die hoop dat sy advies wel deur die bevelvoerder van die Boerestrydmag by Kimberley ter harte geneem sou word. Volgens sy aantekening op 14 Desember 1899 wys hy op die vitale betekenis van Hlangwane-koppie aan die Tugela wat noodsaaklik herbeset moet word. Hy teken op 6 Maart 1900 aan dat hy na sy waarskuwings aan die Boeregeneraals by Ladysmith ook die generaals P.A. Cronjé by Magersfontein en C.R. de Wet by Poplar Grove gewaarsku het teen omtrekking van die suidflank van hul stelling en dat die afloop van die gevegte hom in die gelyk stel, sodat hy hom voel soos 'n Kassandra (onheilsprofeet); Lugan p.237, Lees p.300.

12) De Villebois-Mareuil vermeld ewemin eksplisiet die beginsel van oorlewing wat die Boere en Afrikaners altyd gelei het. Dit hou in dat blankes en kapitaalgoedere skaars in die uitgestrekte Suid-Afrika is; daarom was die Boere altyd suinig op blanke lewens omdat verlies daarvan moeilik vervangbaar was, en daarom het hulle nooit tot die laaste man geveg nie soos militêre beginsels in Europa voorgeskryf het; hulle wou altyd wegkom om hul lewe te red. En daarom was hulle onwillig om kapitaalgoedere soos plaashuise, vee, brûe, spoorweë en spoorwegmateriaal tydens terugtogte te verniel. Hulle het die vernieling graag aan buitelanders oorgelaat.

13) Lugan p.97, Lees p.45.

14) "Canet de campagne", 14 Desember 1899; Lugan p.100, Lees p.50, Macnab, "The French Colonel", p.98.

15) "Carnet de campagne", 24 Januarie 1900; Lugan p.169, Lees p.171.

16) "Carnet de campagne", 31 Januarie 1900; Lugan p.188, Lees p.197.

17) Lugan p.46-47.

18) Macnab, "The French Colonel", p.51-52.

19) Macnab, "The French Colonel", p.52.

20) Macnab, "The French Colonel", p.197-198.

21) Otto von Lossberg, "Mit Sankt Barbara in Südafrika", Leipzig 1905, p.34; Sint Barbara is die skutspatrones van die artillerie.

22) "Carnet de campagne", 15 Maart 1900; Lugan p.243, Lees p.323.

23) "Carnet de campagne", 17 Maart 1900; Lugan p.244, Lees p.325.

24) De Villebois-Mareuil het graag die Kersfees op 24 en 25 Desember 1899 saam met Duitse offisiere in die Boerekamp by Ladysmith gevier.

25) "Carnet de campagne", 18 Maart 1900; Lugan p.244, Lees p.327.

26) Macnab, "The French Colonel", p.178; De Villebois-Mareuil het sy brief aan koningin Wilhelmina waarskynlik in Frans geskryf; die Engelse vertaling in Macnab se biografie volg hieronder; die direkteur van die Koninklijke Huisarchief in Den Haag het op my navraag na die brief geantwoord dat die brief nie in die argief is nie; moontlik is die brief dus nie verstuur nie of het dit nie die vorstin bereik nie, wat weens die oorlogstoestand verklaarbaar sou wees.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Colonel de Villebois-Mareuil to Wilhelmina, Queen of the Netherlands, March 1900

Madame,

Instructed by the Government of the South African Republic to form a European Legion for the defence of its independence, I cannot but express to Your Majesty the pride with which I have seen placed under my command the fine Hollander Corps. I shall see that it will be worthy of, and that it will deserve to be worthy of, the great destiny of your people. The honour of doing so is mine and also the thought, however indirect it may be, that my sword will for a moment have been in the service of Your Majesty.

If the efforts of a soldier on active service can somewhat reduce the distance that separates us, then let a simple Frenchman express respectfully to a Queen of the great House of Orange, how a mixture of Dutch and French blood has established this little Boer nation which is threatened by armies more numerous than its own. I would like at least to imagine that I fight here in accordance with the feeling of that young and gracious sovereign whom I admired in Paris and such a thought cannot but double the strength of this French soldier called upon to direct the efforts of the Transvaal's Hollander Corps. At Your Majesty's feet I place my most respectful homage.

Macnab het die Franse teks aangetref in J. Caplain-Cortambert, "Villebois-Mareuil, son idée, son geste", Parys 1902, p.107. Dat die Franse kolonel te midde van sy oorstelpende beslommeringe en aan die vooraand van 'n belangrike veldtog so 'n komplimenteuse brief geskryf het oor die Hollanderkorps wat sy waarde nog geheel moes bewys, beteken ook 'n groot kompliment vir hierdie ridderlike Fransman.

27) W.L. von R. Scholtz en I.M.E. Scholtz, red., "Oorlogsdagboek van luitenant C.J. Asselbergs", in "Christiaan de Wet-Annale", no. 5, uitgawe van Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te Pretoria en Oorlogsmuseum te Bloemfontein, Oktober 1978, p.28. Nog 'n onvriendelike opmerking van Asselbergs op 6 Maart 1900 lui (t.a.p. p.34): "De kolonel De Villebois-Mareuil, ook in De Wets lager aanwezig, vernam het verhaal van onzen tocht en beweerde, dat hij er alles van wist, want dat hij onzen tocht van nabij had gevolgd, wat wij niet kunnen gelooven."

28) J.H.P. van Kerckhoff, "Mededeelingen betreffende zijn verblijf en werk in Zuid-Afrika, overgedrukt uit 'De Locomotief', Batavia-Semarang, 16/17 Januari 1901, kolom 4: "De kolonel de Villebois-Mareuil welke een bezoek kwam brengen (op die plaas Scholtznek op Mauritzfontein by die spoorweghalte Spytfontein), zei dat dit nu eens de eerste ambulance was welke hij zag, voldoend aan eenigszins billijke militaire eischen wat ligging enz. betreft." Dr. van Kerckhoff was hoof van die Nederlandse Oos-Indiese ambulans en mediese offiser in die Koninklijk Nederlandsch-Indische Leger (KNIL). Origens is De Villebois-Mareuil vol lof oor die Duitse ambulanse in Natal en Jacobsdal by Kimberley waar hy sy gesondheid herkry het.

29) "Carnet de campgne", 20 Maart 1900; Lugan p.247, Lees p.329.

30) C.G. Kupferman, "The life of a Boer commandant, Andries Smorenburg", in "Christiaan de Wet-Annale", no. 6, Pretoria en Bloemfontein 1984, p.107.

31) "Carnet de campagne", 21 Maart 1900; Lugan p.247, Lees p.320.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

32) "Carnet de campagne", 1 April 1900; Lugan p.252, Lees p.346-347.

33) "Carnet de campagne", 4 April 1900; Lugan p.253, Lees p.351.

34) Macnab, "The French Colonel", p.198.

35) Kupferman, "The life of a Boer commandant, Andries Smorenburg", in "Christiaan de Wet-Annale" no. 6, p.108. Dit is spytig dat Smorenburg in sy outobiografie onwaarhede oor De Villebois-Mareuil beweer, vermoedelik uit wrok teen die Franse kolonel.

36) "Carnet de campagne", 2 Desember 1899; Lugan p.86-87, Lees p.29; Lugan en Lees vermeld 8 Desember as datum, maar dit moet 'n verskrywing vir 2 Desember in die oorspronklike teks wees. - "Carnet de campagne", 3 Desember 1899; Lugan p.89, Lees p.36: "The Boers are sectarians." So het Rooms-Katolieke dikwels andersgelowiges aangedui.

"Carnet de campagne", 25 Desember 1899; Lugan p.113, Lees p.75, vermelding van "religious intransigence".

37) "Carnet de campagne", 8 Januarie 1900; Lugan p.141, Lees p.116-117.

38) De Villebois-Mareuil noem Dr. F.V. Engelenburg in sy "Carnet" op 14, 21 en 22 Desember 1899 die eienaar van "De Volksstem"; Lugan p.100, 104, 107, Lees p.50, 51, 60, 61.

39) "Carnet de campagne", 9 Januarie 1900; Lugan p.144, Lees p.126.

40) "Carnet de campagne", 9 Januarie 1900; Lugan p.144-145, Lees p.127.

41) "Carnet de campagne", 9 Januarie 1900; Lugan p.143-145, Lees p.124-125.





*Straatnaambord van de Rue Villebois Mareuil in Parys, nie ver van die Place du General de Gaulle, voorheen Place de l'Etoile.*
*Foto C. de Jong 1982*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




*Fotoportret van kolonel Georges de Villebois Mareuil in Franse uniform, 1894.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011




*Bo:*
*Die koppie met die wilde olyfboom en daarvoor die klippe waartussen veggeneraal G. de Villebois-Mareuil op 5 April 1900 geval het.*
*Foto C. de Jong 1982*




*Langsaan:*
*Replika van die grafsteen van veggeneraal G. de Villebois-Mareuil op die begraafplaas van Boshof; die oorspronklike grafsteen is in die Senator van Niekerkmuseum te Boshof in die De Villebois-Mareuil-kamer.*
*Foto C. de Jong 1988*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Bo:*
*Swartmarmer plaat op die graf van veggeneraal G. de Villebois-Mareuil by die nasionale burgermonument op Magersfontein, waar hy in 1971 herbegrawe is; op die agtergrond die suil van die burgermonument wat voor 1971 opgerig is; die Franse opskrif van die gedenkplaat lui: A la mémoire / du Comte de Villebois Mareuil / ancien colonel / de la Légion étrangère / en Fransce //général du Transvaal / mort au champ d'honneur / près de Boshof / le 5 avril 1900 / dans sa 53 ième année / R.I.P.*
*Foto C. de Jong 1982*

*Langsaan:*
*Standbeeld van Georges de Villebois-Mareuil as Frans offisier met swaard in sy geboortedrop Montaigu, Vendée, Wes-Frankryk.*
*Foto C. de Jong, 1976*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

MEVROU CECILE DE RIDDER - "TANNIE VOLKSPELE" - 90 JAAR JONK !

Op 15 November 1991 het Mevrou Cecile de Ridder gebore Punt die leeftyd van 90 jaar bereik. Sy word beskou as een van die grondleggers van die Afrikaner volksdanskultuur. Sy is lid van ons Genootskap vanaf die stigting daarvan in 1948. Die bestuur van ons historiese vereniging het groot waardering vir haar prestasies en die redaksie van "Pretoriana" plaas met genoeë die onderstaande huldeblyk van Mnr.Willem J.Punt aan haar.

Volksdanse en volkspele is van die mens se vroegste kultuuruitings. Dit is van diepgaande belang vir die volksbegrip en die ontwikkeling van kreatiwiteit met gepaardgaande verhoging van beskawingspeil en lewenskwaliteit.

Suid-Afrikaners het ryk erfenisse ontvang uit hul vele bakermatte. Ook die Afrikaners het ryklik geërf uit hul stamlande. Wat betref volksdanse en volksmusiek het veel daarvan uiting gevind in volkspele en 'n liedereskat soos te vinde in die FAK-sangbundel. Hierdie erfenis vorm dan ook die basis vir die moderne Afrikaner volkspele wat formele beslag gekry het in die jare '40 onder leiding van liggame soos die FAK en die Reddingsdaadbond en persone soos Dr.S.A.Pellissier en Mevrou Cecile de Ridder.

Jacob Punt en Cecile Ruwers is in 1899 te Krugersdorp getroud. Hul eersteling Willem Henry Jacobus word in 1900 te Elandsfontein (nou Germiston) gebore. Enkele maande later word die Punt-gesin deur die Britse besettingsmagte na Nederland gedeporteer. Daar word Cecile op 15 November 1901 te Arnhem gebore. In 1903 word Johannes in Groningen gebore. In 1904 keer die vergrote Punt-gesin terug na Transvaal. In Desember 1904 is Cobie te Pretoria gebore.

Die dogters Cecile en Cobie word met sterk aanmoediging van hul moeder Cecile goed onderrig in dans en musiek. Saam met hulle moeder reis hulle verskeie kere na Europa om kursusse te volg en afrigting te ontvang. Hulle het oral uitgeblink, ook in die toe heel moderne dansrigting van Isidora Duncan. Cobie het dan ook haar loopbaan gemaak van voordrag, euritmiese danse en die teater. Sy was die bekende Cobie Court.

In 1925 trou Cecile Punt met Dries de Ridder, 'n sttatsamtenaar. Hy word later sekretaris van Volkswelsyn. Cecile de Ridder wy haar aan haar gesin van twee seuns, Johan (argitek) en Dries (landmeter) en dogter Didi (vlootoffisier).

Die Groot-Trek-Eeufees van 1938 bring 'n groot oplewing in Afrikaner kultuurbewustheid. Die Reddingsdaadbond beywer hom vir die bevordering van volkspele. Cecile de Ridder se eerste aktiewe kennismaking met volkspele was toe sy in 1941 'n volkspelekursus in Heidelberg (Tvl) bywoon. Sy tree met groot entoesiasme en leierskap toe tot die Volkspelebeweging. Sy volg self nog kursusse soos 'n leierskapskursus te Bloemfontein in 1945, en tree op in oor die veertig ander kursusse en saamtrekke oral in Suid-Afrika en die destydse Rhodesië.

Seker die grootste taak wat Cecile de Ridder aangepak het, was die Volkspeletablo tydens die inwyding van die pas voltooide Voortrekkermonument in Desember 1949. Meer as 2000 volk-

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

spelers het op die reuseverhoog van die amfiteater 'n skitterende vertoning gelewer. Na 'n twee uur lange, kleurvolle vertoning van spele deur vyf groepe in konsentriese sirkels het die spelers 'n kakebeenwa gevorm, met verskillende onderdele in verskillende kleure: die bak in groen vir Transvaal, die tent in wit vir Natal, voorwiel in geel vir die Oranje-Vrystaat en agterwiel in blou vir die Kaapprovinsie. En die wiele het gedraai!

Die Drie-Eeue-Fees van 1952 bring nog 'n uitdaging vir "Tannie Cecile". Sy stel 'n spelegroep van 3000 saam vir die Van Riebeeckfeeste in Kaapstad, waar die landkaart van Suid-Afrika uitgebeeld is.

Dr.Pellissier het lank die gedagte gekoester om 'n groep Suid-Afrikaanse volkspelers na Europa te neem. Hy was bewus van die verskillende volksdansbewegings in Skandinawië, Nederland, België, Duitsland en Brittanje. In 1953 toer die Suid-Afrikaners in Europa onder leiding van Dr. en Mevrou Pellissier met Mevrou Cecile de Ridder as spelleidster. Die Genootskap Oud-Pretoria se vorige voorsitter, Dr.Corrie Jooste, was lid van die toergroep van 100.

Pretoria is op 16 November 1855 amptelik deur die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) tot dorp verklaar. Natuurlik het Pretoria in 1955 sy eeufees met groot entoesiasme gevier. Deel van daardie feestelikhede was Cecile de Ridder se "Blommehulde aan die Stad van Blomme" met 3000 volkspelers op die Caledoniese Sportveld. Daar was ook deelname van volksdansers en -spelers uit Nederland, Brittanje, België, Duitsland, Denemarke en Swede.

Volkspele het geweldig gebaat by die groot opvoerings in 1949, 1952 en 1955 waar Cecile de Ridder 'n buitengewone groot rol gespeel het. Die grootsheid en aanskoulikheid van die massa-opvoerings het die publiek, en nie net Afrikaners nie, beïndruk. Volkspelelaers het oral ontstaan. Sy beskou dit nog as haar belangrikste prestasie. Maar daarby het sy in 1949 die Suid-Afrikaanse Akademie se erepenning vir kultuurbevordering ontvang. In 1955 het die Stadsraad van Pretoria sy goue penning aan haar toegeken en in 1990 het die Stigting Jan van Riebeeck erkenning gegee deur haar tot lid van die Orde van Commandeurs te benoem.

Mevrou Cecile de Ridder woon rustig in Clubview aan die Sesmylspruit. Sy geniet 'n gesonde en aktiewe lewe en skep behae in haar drie kinders, 12 kleinkinders en 9 agterkleinkinders. Voorwaar 'n geseënde bekroning van 'n ryk lewe van 90 jaar!

Willem J.Punt

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Mevrou Cecile de Ridder gebore Punt in 1949., Haar aangegewe huisadres was destyds Parkstraat 825, Pretoria-Oos.*
*Foto Springett's Studios, Cape Town*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Opvoering deur ruim 3000 Suid-Afrikaanse volksdansers in sewe kleure gekleed, geoefen en gelei deur Mevrou Cecile de Ridder in die stadium Loftus Versfeld te Pretoria, ter geleentheid van die stad se Eeufees in 1955.*
*Foto in besit van Mev. C. de Ridder geb. Punt*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011



*Mevrou Cecile de Ridder in volksdanskostuum op besoek by die Koninklike familie in Paleis Soestdijk tydens die rondreis van Suid-Afrikaanse volksdansers in Wes-Europa in 1953. Mevrou de Ridder oorhandig 'n doos met die poppe Jannie en Sannie in Suid-Afrikaanse volksdansklere aan prinses Marijke; agter die prinses staan die kroonprinses Beatrix; links kyk koningin Juliana (met serp) vol belangstelling toe, ewenas haar omringende hofhouding.*

*Foto van Mev. C. de Ridder geb. Punt*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011





*Bo:*
*Die kinders van Jacob Punt en Cecile Ruwers omstreeks 1923 - van links na regs Cobie (later Mevrouw Gosselink), Willem Henry Jacob Punt (later Dr. W.H.J. Punt, stigter van ie Genootskap Oud-Pretoria in 1948) en Cecile (later Mevrou de Ridder)*

*Langsaan: Mevrou Cecile de Ridder op 80 jarige leeftijd in 1981*
*Foto in besit van Mev. C. de Ridder geb. Punt*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

## EREPENNING VAN DIE STIGTING JAN VAN RIEBEECK VIR KOL. DR. J. PLOEGER

Die medestigter en Erelid van die Genootskap Oud-Pretoria, die redakteur van "Pretoriana" enkele jare lank en skrywer van talle bydraes in "Pretoriana", kol. Dr. J. Ploeger, is onlangs vereer deur die Stigting Jan van Riebeeck, waarvan hy eweneens medestigter en erelid is, met die erepenning in goud. Die penning met oorkonde is aan hom oorhandig deur die voorsitter van die Stigting, Dr. D.P. Kesting, tydens die jaarlikse dinee van die Stigting te Pretoria op 26 Junie 1991. Die teks van die bybehorende oorkonde lui:

STIGTING JAN VAN RIEBEECK

O O R K O N D E

Hiermee word bevestig dat die Stigting Jan van Riebeeck se

E R E P E N N I N G

toegeken is aan

JAN PLOEGER

uit erkenning vir omvangryke bydraes van hoogs besondere kwaliteit en waarde vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis en kultuurskat en vir verdere versterking en verdieping van die besondere onderlinge kultuurband tussen Nederland en Suid-Afrika. Uit sy vrugbare pen en ryke kennis het soveel werk van hoogstaande gehalte gekom dat die Stigting bevoorreg is om by wyse van hierdie bekroning daaraan erkenning te verleen.

In opdrag van die Raad van die Stigting Jan van Riebeeck,

D.P. Kesting<br>Voorsitter

W.J. Punt<br>Sekretaris

Pretoria,<br>26 Junie 1991

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

V&R DRUKKERY PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011